Avalon (Barry Levinson), 30


# Vrye Weekblad

5-11 APRIL 1991 PRYS:R1,50 (R1,33 + 17c AVB)




# DIE MITE VAN JAN VAN RIEBEECK

*Waar kom SA se mense vandaan?*


Ernstige aanklagte van aanranding teen Eugene TerreBlanche ● Wat het van die dinosourusse geword? ● Ek kon Lubowski nie werf nie, sê MI-agent ● Face to face with Ronnie Kasrils

Gesprek met Sandra Prinsloo ● Só lyk die magstryd in die ANC ● Architecture: Politics of space

slag na ons gereelde en potensiële lesers se behoeftes kyk. Die deeglike marknavorsing wat ons laat doen het, het daarop gedui dat ons maar kan ophou meeding met die wit establishment-media sover dit die verskaffing van nuus aangaan. Tussen die groot klomp dag- en Sondagkoerante en die radio- en televisiestasies word die nuusbehoeftes van ons lesers voldoende bevredig.

Waarvoor daar nou 'n behoefte ontstaan het, is vir iemand om te help verduidelik wat beteken dié nuus; wat is die konteks daarvan; wat sit werklik daar agter.

Die behoefte is ook uitgespreek dat dieselfde onafhanklike, reguit styl wat ons met aktuele beriggewing gebruik, ook op wyer kwessies as die politiek toegepas word. Soos die omgewing, gesondheid, onderwys, lewenstyle, profiele en onderhoude, kuns, vermaak en letterkunde.

Dit is presies waaroor Vrye Weekblad die nuustydskrif gaan. Plus natuurlik die ondersoekende joernalistiek waarvoor ons bekend is.

Ons hoop ons lesers ervaar die tydskrif soos ons graag sou wou hê: 'n intelligente, gebalanseerde, lewendige tydskrif vol bruikbare inligting en insigte. En een wat lekker lees.

Ons hoop ook dat ons nuwe formaat en aanslag 'n impak gaan maak op adverteerders. Finansieel gaan dit met ons maar sukkel-sukkel, want die personeel besit die maatskappy wat die koerant uitgee en ons het geen groot maatskappy wat agter ons staan nie. Die verkoopprys betaal maar 'n deel van die uitgawes; advertensies moet die res bybring. (Hopelik gaan ons regskoste in die volgende jaar ingrypend afneem...) Ons is darem ook betrokke by 'n paar ander bedrywe en sake wat winsgewend is en waaruit ons kapitaal kan trek. Ons sal binnekort meer daaroor en oor ander, nogal ambisieuse, planne vertel.

Wat vas staan, is dat daar 'n verpligting op ons rus om die vaandel van die onafhanklike pers, en meer spesifiek die onafhanklike Afrikaanse pers, hoog te laat wapper. Die laaste twee jaar het bewys hoe noodsaaklik dit is dat daar 'n onafhanklike pers buite die monopolieë van die Nasionale Pers, Perskor, Times Media en Argus bestaan.

En ons politieke agenda? Ons het nie juis een in die eng sin van die woord nie. Ten minste nie sover dit politieke groeperinge aangaan nie. Breedweg sien ons onsself as sosiaal-demokrate, maar dit is ook nie juis iets wat al behoorlik omskryf is nie.

Wat ons wel kan sê, is dat ons sterk en onbuigbare beginsels het oor menseregte, die demokrasie, vryheid van spraak, 'n oop, regverdige en verdraagsame gemeenskap, politieke eerlikheid en aanspreeklikheid en skoon regering. En daarvoor sal ons voortgaan om ons tande stomp te baklei.

Ons glo ook aan die ideaal van 'n nierassige gemeenskap in ons land en aan 'n nuwe patriotisme waarin die Afrikaanssprekende 'n uiters belangrike bydrae te maak het. Ons sal dit probeer bevorder.

As iemand uit die bogaande aflei dat Vrye Weekblad pap en ruggraatloos geword het, sal dit 'n baie verkeerde afleiding wees. Lees maar dié uitgawe en dié wat kom.

Terloops, ons hoor baie graag wat lesers van ons tydskrif en ons beriggewing dink. Ons briewekolom is 'n gewaardeerde deel van die tydskrif.

'n Laaste woord oor dié rubriek wat nou elke week op dié bladsye gaan verskyn. Ek gaan probeer om reguit en sonder foefies of fieterjasies te skryf oor hoe ek die wêreld om my sien. Vergewe my nou reeds, want ek gaan dalk van tyd tot tyd heelwat aanstoot gee.

Solank ek my nie aan die twee ergste sondes in my boek skuldig maak nie: verveligheid en middelmatigheid.

VW

## SO SÊ HULLE

"Ek beskou boks as 'n kunsvorm." - *Brian Mitchell in 'n onderhoud met Junior Sport op TV1.*

"I have never been over-impressed by academic qualifications... they are wholly useless, most of them." - *British premier John Major in a TV interview.*

"As die regering nie eens 'n slagting by 'n nagwaak in Alexandra kan keer nie, is daar nie veel hoop vir my nie." - *Hein Grosskopf oor sy huidige kanse om na Suid-Afrika terug te keer.*

"You survived Desert Storm, now survive the homecoming. Leave your sexual fantasies on the plane." - *Excerpt from the US Defence Department's homecoming guide for soldiers returning from the Persian Gulf.*

"Die Amerikaners raaks soms baie fyngevoelig oor dingetjies waaroor ons Franse maar net sou glimlag of knipoog." - *Die Fransman Yves Montand oor die polemiek rondom sy landgenoot, Gerard Depardieu, wat glo al op nege jaar vroue verkrag het. (Depardieu sê nou hy het net "gekyk".)*

"To coerce, to intimidate, is to admit that your policy can't persuade on its own merits. People must be free to choose whether they want to participate or not in boycotts, in mass action. That is an irreducible, incontrovertible aspect of democracy." - *Archbishop Desmond Tutu*

"Die Here het bedoel vir ons om dood te gaan. Maar nie só nie." - *'n Moeder van Alexandra wie se kinders in die nagwaak-slagting dood is, in 'n onderhoud met TV-Nuus.*

"Die water in 'n rivier vloei in een rigting. Maar ek het al agtergekom mense is nie water nie." - *Ds Sam Buti van die NGKA in 'n onderhoud met Vrye Weekblad.*

Na Pluto met die sedige kritiek. Die wêreld behoort aan dié wat bereid is om die prys vir hulle drome te betaal, the meek shall inherit the leftovers. Perform Jo, ons het jou nodig. Ons "park" Kerkplein vir jou toe en rave tot Sondag sonop. Die boere is hier om te bly - en ons boer om te bly waar jy ons neergesit het. To hell met die V6-ossewa, gee vir ons 'n 16 klep-Casspir. Ek drink op AAM. Klim weer uit jou kas, Jo. Toe 'sebliefl!

### RENOSTERVOËLS

**DT Roux van Westgate skryf:**

In Vrye Weekblad van 1 Maart 1991 verskyn 'n interessante artikel oor die hervestiging van geelbekrenostervoëls. Dit het my laat terugblaai na 'n soortgelyke artikel in De Kat van Mei 1987.

In daardie artikel word beweer dat Irene Stutterheim (weduwee van dr Stutterheim wat in u artikel genoem word) ná haar man se dood met sy navorsingsplanne voortgegaan het.

Sy het vasgestel dat daar genoeg van die voëls in die Caprivi is om broeipare vir navorsing te onttrek. Sy het ook vasgestel dat die geelbekrenostervoël meestal langs riviere hou en snags op diere slaap terwyl die rooibekrenostervoëls meestal in die veld hou en in bome oornag.

Voor sy dood het dr Stutterheim vasgestel dat 'n renostervoël tussen 12 000 en 13 000 bosluise per dag benodig om aan die lewe te bly. Irene het later 'n kunsmatige voedsel ontwikkel waarmee gevange voëls aan die lewe gehou kan word tydens proefnemings - iets wat as 'n belangrike deurbraak beskou is.

Van al die bogenoemde gegewens word geen woord in u artikel gerep nie en Irene se naam word nie een keer genoem nie. Is daar miskien vasgestel dat bogenoemde gegewens op valse aansprake berus of is daar 'n ander rede?

### ONBEWUS

**Piet Meiring van Waterkloof skryf:**

Ek is jammer dat ek onbewus by die reeks artikels oor dr Verwoerd betrokke geraak het. Die reëling van u kant teenoor my was om 'n klompie staaltjies oor hom aan 'n verteenwoordiger van u blad te vertel. Dit het ek wel gedoen, maar ongelukkig sonder om te vra hoe dit gebruik gaan word.


Ek het wel my persoonlike indrukke van dr Verwoerd in die proses weergegee, maar nie met die gedagte om sy beeld af te takel nie. Ek het juis gesê dat die geskiedenis nog sy uitspraak sal moet lewer. Intussen wil ek darem sê dat ons, wat toegelaat het dat dr Verwoerd destyds feitlik al die dinkwerk vir ons doen, nie van ons mede-verantwoordelikheid vrygespreek kan word nie.

Net nog een ding. Ek het wel in die gesprek die woord "gatlekkers" gebruik ten opsigte van die ja-broers wat om dr Verwoerd saamgekoek het, maar nie met die gedagte dat dit in druk sou verskyn en veral in die opskrif nie. En in die teksverband lyk dit asof ek hulle wat in my plek by Staatsinligting gekom het, Frank Waring en dr Wennie de Plessis daarby getel het. Ek het spesiaal aan die verslaggewer gesê dat hulle nie sodanig is nie.

*Vrye Weekblad plaas graag briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Briewe korter as 200 woorde sal voorkeur geniet, en die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort.*


*Skryf aan:*

**Vrye Weekblad Briewe, Posbus 177, Newtown 2113.**




# DIE LANG MESSE IS UIT IN DIE ANC

**DIE ANC IS GEWIKKEL IN 'N FEL EN SOMS BITTERE MAGSTRYD OM DIE LEIERSKAP VAN DIE PARTY. HOE NADER DIE VERKIESING OM 'N NUWE TOPBESTUUR IN JUNIE KOM, HOE FELLER WORD DIE STRYD. HENNIE SERFONTEIN HET WYD IN ANC-KRINGE GAAN GESELS**



CHRIS HANI (FOTO: CEDRIC NUNN - AFRAPIX)



THABO MBEKI (CEDRIC NUNN - AFRAPIX)

Die Junie-verkiesing, die belangrikste in die geskiedenis van die ANC, sal bepaal wie in die toekoms die leisels by die ou garde van Nelson Mandela en sy kollegas sal oorneem. Dit sal ook bepalend wees vir die aard van leierskap, beleid en rigting wat die ANC eendag aan 'n nuwe regering sal gee.

Dit is veral die verkiesing van 'n nuwe visepresident in die plek van Mandela - wat na verwagting eenparig tot nuwe president verkies sal word in die plek van die sieklike Oliver Tambo - wat tot die roeringe lei.

Die leierskapstryd ontketen sedert die raadplegende konferensie in Desember intensiewe veldtogte en teen-veldtogte agter die skerms namate verskillende persoonlikhede en groepe naarstig begin om steun te werf.

Die hooffigure in die magstryd is Chris Hani, die ANC militêre stafhoof, en Thabo Mbeki, die hoof van die departement internasionale verhoudinge. Hani word gesien as verteenwoordiger en simbool van die sogenaamde "radikale", terwyl Mbeki weer die sogenaamde "pragmatiste" agter hom het.

Hoewel die "tweegeveg" sekerlik die meeste aandag trek, is die saak natuurlik baie meer gekompliseer as dit.

Die huidige magstryd behels onder meer ook die feit dat daar sekere klemverskille oor ideologie en strategie tussen die Robbeneilanders, die uitgeweke leierskap en die interne lede bestaan. Boonop is daar ook groeiende spanning oor die verhouding tussen die SAKP en die ANC (sien berig elders).

Uit gesprekke met ondersteuners van die twee hoofgroepe kom twee belangrike, miskien teenstrydige, aspekte na vore.

Daar is soms 'n verbasende bitterheid te bespeur in die wyse waarop sommige ondersteuners smeerveldtogte teen die ander voer.

Terwyl Hani die simbool van die "radikal" is, word Mac Maharaj en Ronnie Kasrils as sy nouste ondersteuners gesien. Daar word beweer dat Joe Slovo, die SAKP-leier, emosioneel en ideologies saam met hulle is, maar vanweë 'n persoonlike lojaliteit aan Mandela nie sigbaar betrokke wil raak nie.

Winnie Mandela, en nou heel onlangs verrassend ook Alfred Nzo, die sekretaris-generaal, word as deel van dié kamp beskou.

Dit skyn of die magstryd ontketen is deur die "radikales" wat blykbaar 'n goed-beplande en emosioneel-belaaide veldtog teen die "pragmatiste" van stapel gestuur het met die doel om Hani as vise-president verkies te kry.

'n Senior ANC-bron sê 'n belangrike faktor was 'n gerug dat Mbeki Mandela se keuse as sy opvolger is.

Mandela sou dit blykbaar vertroulik aan iemand gesê het, onwetend dat die betrokkene Mbeki nie goedgesind is nie.

'n Onlangse voorblad-berig in die Sunday Times, wat die Hani/Mbeki-konflik belig het, het verdere konsternasie veroorsaak. Dit was ook in dié tyd dat Hani prominent aan die sy van Winnie Mandela tydens die hofsitting in Johannesburg verskyn het.

Hani-ondersteuners gebruik dit as 'n bewys dat Hani nader as enige ander ANC-leier aan die Mandela's staan. Terselfdertyd is dit Hani wat opslae in die pers maak, die hoofopskrifte in die nuus haal, veral weens sy voortdurende openbare konfrontasie met Magnus Malan - iets wat hom baie gewild onder die grassroots ANC-ondersteuners maak.

Dit is ook Hani en Winnie Mandela wat verlede week die enigste ANC-leiers was om ANC-uitgewekenes, waaronder 'n groot aantal MK-lede, terug te verwelkom. Hani-volgelinge maak glo van die taktiek gebruik om steun te werf vir sogenaamde "radikale" kandidate, wie se name op lyste versprei word.

Dit het tot groot woede onder die "pragmatiste" gelei wat dit as "ondemokraties" verwerp het.

Die "pragmatiste" ontken hewig dat die algemene siening dat Hani wye steun onder die massas het, noodwendig beteken dat hy en die "radikale" die magstryd gaan wen. Hulle sê al wat tel, is hoe die sowat 1 800, afgevaardigdes na die kongres gaan stem - en nie wat die honderdduisende oningeligte aanhangers daar buite dink nie.

Volgens hulle was die Sunday Times-berig 'n keerpunt. Want belangrike leiersfigure in 'n aantal takke en streke het laat weet dat dit 'n ramp vir die ANC sou wees as Hani die stryd wen. Al het hulle moontlike verskille met Mbeki, soos die hantering van die onderhandelinge, het hulle geen twyfel nie dat hy die toekomstige opvolger van Mandela moet wees.

Blykbaar was die teenstrategie van die "pragmatiste" om reekse vergaderings op streek- en takvlak te hou waar klein groepe van 100 tot 200 toegespreek word. Al die netelige sake waaroor die Mandela-leierskap gekritiseer word, word hier kaalkop bespreek en verduidelik. "Dit is uiteindelik dié mense wat by die kongres die uitslag bepaal," is teenoor VWB opgemerk.

Hani het blykbaar sy oorspronklike plan van verlede jaar, om te mik vir die pos van sekretaris-generaal, laat vaar. Hy sou toe selfs vir Mbeki as vise-president ondersteun, maar Nzo - een van die ongewildste uitgeweke leiers - weier om terug te staan.

Op 'n ander vlak word geglo dat Mandela en die ouer garde die planne wil omseil van diegene wat glo van verskeie van die huidige 37 lede van die Nasionale Uitvoerende Bestuur (NEC), ontslae wil raak. Een plan is om die NEC tot 100 lede te vergroot en 'n bepaling te maak dat elke streek 'n aantal afgevaardiges kies, om sodoende 'n verkiesingsgeveg te ontlont.

Daar is ook druk uit onverwagse oorde dat Tambo moet aanbly as president om sodoende 'n regstreekse verkiesingsgeveg tussen Hani en Mbeki te voorkom.

Ondanks die diep verskille, is dit in dié stadium vergesog om selfs te suggereer dat daar 'n skeuring in die ANC gaan wees. Daarvoor is die band wat deur die jare heen tussen die banneling-leiers gesmee is, té heg. En respek vir Mandela, die vernaamste samebindende faktor, ondanks kritiek teen hom, is te groot.

# ONDERHANDELING IS DIE WORTEL

Dit is veral die onderhandelingsproses tussen die ANC en die regering wat tot verwarring in ANC-geledere lei en deur sommige gebruik word om tweespalt te saai.

Daar is 'n persepsie dat die ANC tweede beste daarvan afkom en dat die regering besig is om die ANC te uitoorlê. Die vrylating van politieke gevangenes, die terugkeer van uitgewekenes en die volle vrywaring aan almal, word volgens hulle onnodig vertraag.

Daarmee saam is daar onduidelikheid oor wanneer 'n tussentydse regering ingestel gaan word, wanneer verkiesings vir die grondwetgewende vergadering sal plaasvind en vrese dat die komende veelpartykongres die twee doelwitte waartoe die ANC absoluut verbind is, in die wiele mag ry.

Daar is ook groeiende ontevredenheid omdat die uitgewekenes en Robbeneiland- leiers die nasionale uitvoerende bestuur (NEC) totaal oorheers, en frustrasie by die voormalige interne leierskap omdat hulle na bewering doelbewus op die agtergrond gehou word.

Die groeiende spanninge en ongemaklikheid binne die ANC/SAKP-alliansie kom al hoe sterker na vore. Die kwessie van dubbele lidmaatskap wat die kommuniste bevoordeel, word toenemend in ANC-kringe bevraagteken.

Daar is veral ergernis omdat die kommuniste baie sleutelposisies in die ANC beklee, terwyl die rol en beweerde houvas van veral wit kommuniste nou openlik deur NEC-lede gekritiseer word.

Die woelinge rondom die omstrede Winnie Mandela vertroebel sake verder. Voorspellinge dat sy weinig politieke steun het omdat NEC-leiers en die ANC in Soweto haar sou verwerp, lyk na 'n eensydige siening. Sy het kennelik baie grassrootsteun op baie plekke en word 'n faktor in Hani se "radikale" groep.

Eweneens word die "pragmatiste" daarvan beskuldig dat hulle selde of ooit opdaag by vergaderings van die grassroots-lede, dat hulle heeltemal uit voeling met hul eie mense geraak het, en hul wense en vrese verontagsaam.

"Maar as die menere 'n uitnodiging na deftige byeenkomste van diplomate of sakemanne kry, dan is hulle daar," het een NEC-lid bitter opgemerk.

Die "pragmatiste" verwerp dié beskuldiging. Hulle beweer dat mense soos Hani, Maharaj en Kasrils van meet af aan teen die onderhandelinge gekant was, òf dit skerp bevraagteken het, òf dit skoorvoetend en sonder geesdrif aanvaar het.

"Hulle is onderduims om met revolusionêre uitsprake ons mense onder die verkeerde indruk te bring asof daar alternatiewe strategieë as onderhandelinge is. Die gewapende stryd was by verre nie so suksesvol as wat hulle beweer nie.

"Die feit dat Magnus Malan en sy hele militêre masjinerie nog onaangeraak is, bewys dit. Watter probleme daar ook al met onderhandelinge is, dit is die enigste manier waarop ons politieke mag gaan bekom," sê 'n leidende ANC-figuur.

Die "pragmatiste" ontken dat hulle die grassroots ignoreer. Omdat hulle so diep deur Mandela in die onderhandelinge betrek is, is daar weinig tyd om politiek te bedryf soos waarmee die "radikales" besig is, sê hulle.

Die "pragmatiste" wys daarop dat daar tussen Mbeki en die top-leiersfigure in Cosatu die nouste samewerking op talle gebiede is. Mbeki is glo gedurig in verbinding met die leierskap van die ANC-jeugliga, met wie hy gereeld samesprekings voer om hulle oor die onderhandelinge in te lig.

•MDNM•Die "pragmatiste" beskuldig regstreeks vir Hani en Kasrils - albei SAKP-lede - dat hulle op subtiele wyse besig is om in besonder die gesag van Mandela en die NEC te ondermyn.

Daar word verwys na 'n onlangse uitspraak deur Hani in 'n onderhoud met die tydskrif New Era. Hani sê: "Dit is voorbarig om nou te sê dat die moontlikheid bestaan dat 'n veelparty-konferensie hom in 'n tussentydse regering of grondwetgewende vergadering kan omskep.

"Ek kan nie sien dat dit sal gebeur nie, omdat dit 'n afwyking sal wees van die soewereiniteit van die volk en afgevaardigdes op die grondslag van een mens, een stem."

Die Hani-stelling is heeltemal in stryd met die ANC-verklaring van 8 Januarie 1991, wat op 'n perskonferensie persoonlik deur Mandela voorgelees is.

Daar word onomwonde gestel as die veelpartykonferensie (VPK) sy take afgehandel het, dit in 'n tussentydse regering en/of grondwetgewende vergadering omgeskep kan word as daaraan goedkeuring verleen word deur 'n populêre mandaat.


'n Onlangse omstrede artikel, waarvan Kasrils mede-skrywer was, word in dieselfde lig gesien. Daarin lewer hy 'n duidelike pleidooi dat massa- en ander revolusionêre politieke optredes belangriker as onderhandelinge is.

Die "pragmatiste" wys daarop dat beide Hani en Kastrils lede van die NEC is en tot sodanige besluite gebonde is.

In dié bittere binnegevegte buit die "pragmatiste" die woede in swart geledere rondom die Vula-aktiviste uit. Veral in ANC-geledere in Natal word hulle - meestal nie-swart kommuniste - daarvan beskuldig dat hulle niks gedoen het om hul ondersteuners teen die moordaanvalle van Inkatha te beskerm nie.

"Nou moet ons hoor dat hulle al die tyd in ons midde was met opgeleide kaders, met genoeg wapens en ammunisie," sê 'n NEC-lid aan VWB. Die feit dat Maharaj en Kasrils die ANC-leierskap, en by implikasie dan ook vir Mandela, daarvan beskuldig het dat die Vula-aangehoudenes deur hulle verwaarloos is, en dat hulle nie die gevangenes besoek het nie, gee verdere ammunisie vir aanvalle deur "pragmatiste" op die groepie kommuniste. VW

# EUGENE HET MY GESKOP EN GEWURG, SÊ PLAASWERKER



EUGENE TERREBLANCHE, DIE HOOFLEIER VAN DIE AWB, EN PIET RUDOLPH, LEIER VAN DIE ORDE BOEREVOLK EN SKAKELBEAMPTE VAN DIE AWB, DIÉ WEEK TYDENS 'N AWB-VERGADERING IN DURBAN

(FOTO: PETER AUF DER HEYDE - AFRAPIX)

'Julle verdomde kaffers. Julle varke. Vandag gaan ons julle almal doodmaak," is 'n bejaarde plaaswerker van Ventersdorp in Maart vanjaar glo toegesnou vóór die man wat voor hom grootgeword het, Eugene Nuy TerreBlanche, hom glo wreedaardig begin aanrand het.

Die polisie van Ventersdorp het bevestig dat 'n klag van aanranding met die doel om ernstig te beseer teen TerreBlanche, die hoofleier van die Afrikaner Weerstandsbeweging (AWB), ingedien is.

Tydens dieselfde voorval is nog 'n plaaswerker van dieselfde plaas na bewering aangerand. Hy is enkele dae daarna glo aan longontsteking dood. Die aangerande plaaswerker, William Mashiya, het vandeesweek teenoor VWB beweer dat die oorledene ook deur TerreBlanche aangerand is.

Ismael Lentsho, 70, is Maandag in sy bed op Klipplaatdrif dood. Volgens die polisie is geen lykskouing nog gedoen nie. 'n Distriksgeneesheer van Ventersdorp, dr Justus Roscher, sê in sy verslag aan die polisie dat Lentsho aan longontsteking dood is en daarom sou 'n lykskouing nie nodig wees nie.

Die drama gaan oor gebeure wat hulle op Saterdagmiddag 9 Maart op die plaas Klipplaatdrif naby Ventersdorp afgespeel het. William Mashiya vertel:

"Ek en my vyf kinders en een van hul vriende was by my huis toe TerreBlanche en een van sy soldate in 'n kakie-uniform daar aankom. TerreBlanche het my daarvan beskuldig dat ek sy skape gesteel en verkoop het.

"Hy het gesê: 'Julle verdomde kaffers. Julle varke. Vandag gaan ons julle almal doodmaak.' Ek ken vir TerreBlanche. Dié kind het dan voor my oë grootgeword en ons kinders het saamgespeel."

Volgens Mashiya was sowel TerreBlanche as die AWB-soldaat met rewolwers bewapen. Hy sê: "Hulle het vir my en die kinders gesê om uit die huis te kom en ons hande teen die muur te sit.

"Toe slaan hy my. Hy het heeltyd gevloek. Hy het my in die gesig geslaan en ek het op die grond geval. Daarna het hy my in die ribbes en die maag geskop. Ek het met my hande probeer keer. Toe wurg hy my."

Volgens Mashiya het die ander man toegekyk en die een kind geslaan toe dié begin huil.

"My kinders het daar gestaan en huil en terug in die huis gehardloop. TerreBlanche is agter hulle aan. Hy het twee stoele in my huis gebreek en die kinders geklap. Hy het heeltyd gesê: 'Die kaffers moet ek klaarmaak hier.'"

Mashiya sê hy weet nie wat TerreBlanche besiel het om só op te tree nie. "Ek weet nie of hy dronk was of wat nie. Hy was sommer net uit die pad uit. Nadat hy ons geslaan het, het TerreBlanche gesê: 'Vanaand moet jy nie slaap nie, want ek kom terug.' Hy en die ander man is toe daar weg."

Die volgende middag het twee speurders van die Ventersdorpse polisiekantoor Mashiya by sy huis in hegtenis geneem en in die selle toegesluit. Hy is drie dae lank aangehou sonder dat 'n klag teen hom ingedien is.

"Hulle het nie gesê hoekom hulle my soontoe vat nie. Hulle het net gesê ek is skelm. Ek kon niks eet nie omdat TerreBlanche my gewurg het. Jy hoor mos nou nog hoe hees ek is. Die polisie het my nie na 'n dokter gevat nie," sê Mashiya.

"Die Maandag het die twee polisiemanne gesê hulle het die boer gekry aan wie ek die skaap van TerreBlanche verkoop het. Hulle het nou nog nie daai man vir my kom wys nie."

Volgens Mashiya het TerreBlanche ook Lenso se huis besoek om na die skaapdief te soek. Na bewering het die leier van die AWB vir Lentsho rondgepluk.

Mashiya beweer dat TerreBlanche ook 'n jong swart meisie geslaan het. "Hy het vir die meidjie gesê om te buk en nie vir hom te kyk nie. Toe slaan hy haar. Hy het hulle glo ook daarvan beskuldig dat hulle skaap gesteel het."

Volgens die streekhoof van openbare betrekkinge van die polisie in Wes-Transvaal, maj Ben van Heerden, is Lentsho deur dr Roscher behandel. Roscher het 'n doodsertifikaat uitgereik waarin longontsteking as die oorsaak van Lentsho se dood aangegee is.

Roscher het by navraag aan VWB gesê: "Ek kan nie onthou dat ek die man behandel het nie. Daar is te veel mense wat ek elke dag sien en ek ken ook nie die van nie. Hulle vanne klink dieselfde en dit is verwarrend."

Hy sê hy het nie tyd om die lêer oor die oorledene op te soek nie.

Dieselfde dag dat Mashiya aangerand is, is hy na die polisiekantoor op Ventersdorp om 'n klag van aanranding te gaan indien.

"Die polisiemanne daar by die aanklagkantoor, ek weet nie wat hul name is nie, het gesê hulle gaan nie 'n dossier oopmaak nie. Hulle het vir my gesê ek moet loop."

Mashiya is twee dae later na 'n Krugersdorpse prokureur, wat hom 'n brief gegee het waarin die polisie versoek word om 'n klag van aanranding teen TerreBlanche in te dien. 'n Klag is hierna ingedien, bevestig Van Heerden.

"Daar word bewerings gemaak dat mnr Mashiya weggewys is by die polisiekantoor. Daar is nou 'n departementele ondersoek aan die gang oor dié bewering," sê hy.

Mashiya, wat al jare lank op Klipplaatdrif - die plaas van Koos le Roux - woon, het vyf bokke. Klipplaatdraaf grens aan TerreBlanche se plaas. - PEARLIE JOUBERT VW



# *Sandra* PRINSLOO

**DIE PENARIE WAARIN ONS VERKEER, IS DAT ONS MET 'N ONOPGEVOEDE VOLK SIT WAT NIE MEER UITDAGENDE TEATER WIL SIEN NIE, SÊ SANDRA PRINSLOO. ANDREA VINASSA HET MET DIE AKTRISE/REGISSEUR GESELS WAT NIE HAAR BEK HOU OOR DIE DINGE WAT HAAR KWEL NIE.**

Dominees, regisseurs en kritici het vergeefs probeer om Sandra Prinsloo vas te vat. En vandag hou die first lady van Suid-Afrikaanse teater nie haar bek oor die dinge wat haar de joos in maak nie: Gerard Depardieu het nie die Oscar vir beste akteur gewen nie - "Vir my was dit (Jeremy Irons se vertolking) 'n briljante, polished performance langs 'n grootse performance" - die streekrade is naarstig besig met window-dressing om die teater te red, en die koerante, na haar mening, gee onafhanklike teater geen ondersteuning nie.

Ná byna 'n kwarteeu op die planke, hou Prinsloo haar lyf deesdae regisseur - en al klaar het sy 'n hele klompie bloutjies geloop met die bewakers van ons sedes. Prinsloo skeel haar nie juis aan die omstredenheid rondom haar werk nie. Inteendeel, dit is teater se dóél om sake oop te krap. Uit 'n artistieke oogpunt is sy meer as tevrede met "Kombuis Blues", "Kopstukke" en die kabaret-speler Nataniël se nuutste vertoning.

"Dis nie dat ek stukke kies wat mense skok nie, maar teater moet omstrede wees. Die letterkunde en die teater moet juis standpunt inneem teen die status quo. Dit moet bevraagteken. Dit is maar net probing en growing."

Dink sy dit is vandag makliker om uitdagende teater aan te bied as in die ou dae toe haar optrede teenoor John Kani in Strindberg se "Miss Julie" gehore op loop gehad het? Bomdreigemente en aggressiewe telegramme het gevolg toe die Sondagkoerante die toneel afbeeld waarin Prinsloo en Kani vir mekaar soen.

"Ek wonder. Miskien het dit mense net meer gepolariseer. Daai mense dink nog steeds so, indien nie erger nie. Ek dink dis amper meer gevaarlik nou. Ek meen, daai tyd was ek net 'n helse teleurstelling vir die Afrikaner gewees. 'n Verraaier en 'Ons het jou nog altyd so bewonder, maar nou is jy 'n stuk kak.' Die hele veldtog is duidelik deur 'n regse groep georganiseer. Die telegramme wat van regoor die land gekom het, was omtrent eenders bewoord.

"Alles het gegaan oor die val van hierdie idol van die Afrikaner-ras, waarvan ek nie eens bewus was nie.

"Hoewel ons in fisieke gevaar was, dink ek dit is vandag gevaarliker om in só 'n posisie te wees omdat hierdie vreeslike regse polarisasie plaasgevind het. Maar aan die ander kant sou 'n mens meer openlike ondersteuning gekry het van die andersgesindes, die 'linksgesindes,' wat ek dink net normaal is. Die snaakse ding in so 'n situasie is, jy kry net die kritiek. In my hele lêer, wat omtrent vyf duim diep is, is daar twee briewe van mense wat gesê het, yay right on, ek bewonder jou. Hoewel ek geweet het daar was honderde mense wat gedink het dis OK, laat hulle nooit hulle stem hoor nie, dan voel 'n mens maar geïsoleer."

Prinsloo het haar nog nooit laat afskrik deur kritiek nie en was ook nie bang om "skande te maak" nie toe sy opspraak gewek het met haar vertolkings van lesbiërs in "Quest for Love" en "In kamera". Ook nie toe sy haar glamour girl image in "Christine" en "Fluit vir die vlieë" ondermyn het nie.

Sy soek voortdurend nuwe maniere om sake aan te roer waaroor die volk liefs swyg. Haar gekose medium is die kabaret omdat dit veelsydiger is as die teater en nie so swaarmoedig aandoen nie.

"Ek is op die oomblik verskriklik aangedraai deur die kabaret. Wat my vreeslik interesseer, is dat die kabaret so goed vaar in Suid-Afrika. Dis 'n snaakse ding. Dit laat 'n mens altyd dink aan die voor-oorlogse Berlyn. Ek dink, as 'n mens dit teenoor teater stel, lê die kabaret se sukses dalk daarin dat jy baie vinnig kan switch. Dis meer 'n pop-video-konsert tipe ding. Dis visueel aangrypend. Die kabaret het iets wat ons in die teater verloor het. Dit het tred gehou met wat gebeur - die teater het nie."

Nie alleen moes Prinsloo die kritiek van die dominees trotseer nie, maar ook die kritici het haar ingevlieg en haar werk "banaal" genoem.

"Jeanne (Goosen, die skrywer van 'Kombuis Blues' en Kopstukke') se goed werk oor dit snaaks is. Jy mag jou nie steur aan wat 'n paar individue met expectations sê nie. Die mense kom kyk.

"Ek is nie bang vir 'n vrot krit nie. Laasjaar met 'Macbeth' het hulle my morsdood gemaak. En die vorige keer met 'Macbeth' ook. Obviously is dit eina en so - but so what? Almal kry eina iewers in die lewe en jy gaan maar aan. Ek voel ek is verskriklik gelukkig met die drie stukke waarvan ek die regie gedoen het. Dat ek dit nie moes doen vir 'n bestaan nie. Alles wat met my gebeur, is asof ek dit gekies het."

Sy werk al aan 'n nuwe kabaret, "Nagmerrie", wat geskryf word deur onder andere Didi Kriel, Goosen, Nataniël en Casper de Vries. "Dis vir my vreeslik lekker om uit 'n ander oogpunt kreatief te wees, want ek glo mens is sáám kreatief. Ek dink nie ek sou ooit 'n regisseur kon wees wat goed opdring aan mense nie, omdat ek nooit lekker saam met sulke regisseurs gewerk het nie.

"Dit bring 'n meer algehele betrokkenheid. Ilse het dit een keer in 'n onderhoud gesê: 'Om regie te doen is baie goed vir jou as speler'."

Hoe gaan dié aktrise, met haar reeks formidabele vertolkings soos Charlotte Corday in "Marat Sade", Hermione in "A Winter's Tale", 'n paar Lady Macbeth's, Magda in "Nag, Generaal", Sarah Bernhardt, Hedda Gabler en minstens twee Tsjechow-vroue die huidige krisis in teater tegemoet?

"Die beleide wat mense volg, lyk half desperaat. Asof daar nou naarstig politieke window-dressing gedoen moet word om die teater te red." Sy verwys onder meer na die produksie van "Jacques and His Master" met al Truk se swart akteurs.

"Dit gaan nie die teater red nie. Al wat die teater nog ooit gered het, is die feit dat die mense dit kom sien. Ons het nie ons vinger ordentlik op die pols van die mense nie.

"Ek vind byvoorbeeld in Jeanne Goosen se werk is daar 'n common denominator wat mense op alle vlakke boei soos 'Kombuis Blues', of soos haar nuwe roman, 'Ons is nie almal so nie' en 'Kopstukke'.

"Daar het nou 'n vreeslike kabaal losgebars oor 'n dominee wat sy mond gerek het oor 'n paar vloekwoorde, waar g'n haan daarna sou gekraai het nie. Maar die sukses van die stuk was so wyd - dit het gespreek tot gewone mense én tot die intelligentsia. Dit was vir my ongelooflik hoe die stukke aanklank vind by albei gehore. Almal het gekom.

"Kyk, almal het 'n gevoel dat die groot groepe, die streekrade, eintlik nie meer werk nie. Dit is te duur en te moeilik. Die hele ding werk net nie. En nou begin mense baie op hul eie werk - maar ons kry regtig swaar, want ek voel ons kry geen ondersteuning van die media vir die kleiner groepe nie. Byvoorbeeld, radio-stasies deel daagliks pryse van honderde rande uit. Hoekom hulle nie 'n paar duisend rand vir die teater kan skenk nie, weet ek nie. Hoekom kan die geld nie beter toegepas word nie?

"En die koerante het dit vir klein, onafhanklike groepies onmoontlik gemaak om te adverteer. Dit is net so ongelooflik duur. Ons kon 'Kopstukke' byvoorbeeld glad nie adverteer nie. Die Engelse koerante was ons nie goedgesind nie, die een Afrikaanse koerant het ons krit gesny dat daarvan niks oorgebly het nie en die ander groot Afrikaanse koerant het besluit daar's nie plek om dit te plaas nie. Dit is betreurenswaardig, want ek dink hulle maak individuele teater dood.

"Ons Suid-Afrikaners is werklik nie meer mense wat enigiets weet van kultuur nie. Ek dink die Afrikaner het verskriklik agteruitgegaan - die Engelse ook - en die ander groot bevolkingsgroepe het net nooit die kans gekry om hulle eie kultuur op te bou nie. Hulle goed was maar alles underground gewees.

"Die penarie waarin ons verkeer, is dat ons sit met 'n onopgevoede volk wat nie challenging teater wil sien nie. Maar ek dink as jy 'n mens één keer in die teater kan kry, sal jy hom wéér daar kry. Daar lê miskien 'n brug na die mense toe. En ek bedoel nie ons moet ou 'Ampies' gaan opdiep nie, ek praat van nuwe werk.

"Die meeste mense is vrek bang om teater toe te gaan. Hulle is in die eerste plek vrek bang om verveel te word en ten tweede is daar hierdie ding dat dit net vir die paar snobs is. Daar's 'n snaakse oorlog aan die gang - op 'n kulturele vlak - tussen die haves en die have-nots. Nie soseer net op 'n ekonomiese vlak nie."

Die rebelse tienermeisie wat haar ouers en haar onderwysers by Meisies Hoër in Pretoria 'n lewe gelei het - sy beskryf haar hoërskool-loopbaan só: "Boring, boring, boring" - sit nou in die regisseurstoel. Watter regisseurs het die meeste invloed op haar speelloopbaan uitgeoefen?

"Heel in die begin van my loopbaan was ek gelukkig om met Francois Swart te werk. Ons was so 'n ongelooflike span, jy weet Marius, (Weyers) en Louis (Van Niekerk) en Wilna (Snyman) en Don (Lamprecht) wat tien jaar lank dag en nag gewerk het sonder om op te hou. Ek weet nie hoe ek dit gehou het nie. En die stukke was langer gewees daai tyd. En die geld was maar vrot, maar 'n mens kon beter lewe in daai tyd. Daar was ook die ongelooflike geesdrif van die gehoor se kant.

"Dan was daar Barney Simon. Toe ek by die Mark gaan werk het, was Barney se tegnieke net so anders as enige ander regisseur s'n en toe ek 'Seagull' saam met hom gedoen het, was dit van die bevredigendste werk wat ek in my lewe gedoen het. Dit was een van die ongelooflikste ondervindings.

"En dan, natuurlik, Lucille Gillwald. Ons koppe werk verskriklik eenders. Ons het dieselfde banale humorsin. Ons is na aan mekaar as skeppende kunstenaars. As mense ook, maar dit het later gebeur. Ons het 'Skirmishes' en 'Nag Generaal' saam gedoen. Dit was vrek moeilik omdat dit jou elke aand so emosioneel uitgemergel het.

"En Ilse (Van Hemert). Mal oor Ilse. Wat so lekker is met Ilse is jy raak nooit neuroties nie. Sy laat jou altyd goed voel. Sy het so 'n ander manier om dinge te sien. En dan het ek ook lekker saam met Dieter (Reible) gewerk."

Sandra Prinsloo se belangstellings strek veel wyer as net die verhoog. Haar televisie-werk saam met Manie van Rensburg - "Anna", "The Mantis Project" en "The Mannheim Saga" - het haar aptyt vir die rolprentkameras gewek. Haar planne vir 'n Suid-Afrikaanse rolprent wil sy nog nie bekend maak nie, maar haar kop staan beslis rolprentregisseur toe.

Dit is hoofsaaklik die Europeërs wat haar in dié opsig begeester. "My geliefkoosde stad is Rome en ek is lief vir die Italiaanse filmmakers. Mense soos Fellini het vroeg al 'n vryheid in die rolprentwese ontdek wat niemand anders kon nie. Van Lina Wertmuller se goed het ek baie gehou.

"Ek is mal oor so baie van die onbekende regisseurs soos Michael Cacoyannis. Ek dink sy 'Iphigenia' met Irene Papas is een van die ongelooflikste prente wat gemaak is. Dis die eerste keer dat ek gesien het dat iemand daai Griekse kuns vasvang. Die werklike tragedie daarvan. Daar is nie werklike tragedie in Amerikaanse prente nie. Dis baie keer soppy en self-indulgent."

Haar aangetrokkenheid tot die Mediterreense temperament verhinder nie dat sy 'n kosmopolitiese smaak het nie. Sy is 'n aanhanger van die Amerikaner Robert Altman en die Brit Peter Greenaway, die Japanner Akira Kurosawa en die Australiër Gillian Armstrong.

"En natuurlik is ek 'n groot ou (Ingmar) Bergman-liefhebber. Al die jare nog. Sy werk is net so aangrypend, so fyn.

"Ek bewonder die Franse as 'n nasie. Hulle het hierdie verfyndheid. Jy kan dit voel in hulle werk. Maar nou lees jy ook onderhoude met die Franse sterre - en volgens hulle is die Franse filmwêreld maar net so korrup soos ons s'n. Maar ten minste maak hulle gehalte-prente."

Oor Kevin Costner se "Dances with Wolves" het sy net dít te sê: "Dit het elke blêddie cliché in die boek gehad." Gee vir haar eerder Robin Williams of Kevin Kline, want Costner is ook vir haar 'n vervelige speler.

Daar is maar min in die Amerikaanse rolprentbedryf wat haar opgewonde kan maak. Dat 'n onaantreklike speler die vroulike hoofrol in "Awakenings" gespeel het, gee haar tog moed. Hier is 'n vrou waarin 'n mens kan glo.

Toe Sandra Prinsloo laas gekla het oor die gebrek aan goeie rolle vir vroue het Jeanne Goosen vir haar 'n toneelstuk geskryf. Dalk hoor iemand dat Prinsloo, wat in haar loopbaan die teater se belangrikste verhoog-heldinne verewig het, nog steeds nie tevrede is met die stand van sake nie. VW


*Vrye* **Weekblad**, 5 APRIL 1991



# Mpho Modise, Oscar receiver Best Actress.

**63RD ACADEMY AWARDS. APRIL 5, 8.50 PM.**

Best Actress, Best Director, Best Supporting Role. Best Specal Effects? Scrambling for your handy guide to this year's Oscars you flip through the pages, only to find the name Modise nowhere near the names Costner, Goldberg, De Niro.

No, dear reader, Mrs Modise from Mmabatho will receive her Oscars through the air. On Bop TV. Two and a half hours of it. Uninterrupted. In glorious, glamorous colour.

Imagine that. A whole nation of Oscar winners.

BOP TELEVISION

**FOR THE PRIVILEGED FEW**



STUDIO THREE 5030

# Die agteros *vat* toe die kraal - ofte wel *Jannie-come-lately?*



DIE AANKOMS VAN JAN VAN RIEBEECK OP 6 APRIL 1652 WORD WYD GESIEN AS DIE BEGIN VAN "BESKAWING" IN SUID-AFRIKA - DIE SOGENAAMDE "VOLKSPLANTING". MAAR ARGEOLOË HET TEKENS VAN GEVORDERDE BESKAWINGS MEER AS TWEE DUISEND JAAR OUER AS VAN RIEBEECK SE TUINE ORAL IN SUID-AFRIKA GEVIND. TROUENS, SUID-AFRIKA WORD BESKOU AS DIE WIEG VAN DIE MENSDOM, 'N STANDPUNT WAT BEVESTIG IS MET DIE ONTDEKKING VAN DIE TAUNG-SKEDEL IN 1924 - DIE SOGENAAMDE "VERMISTE SKAKEL" - WAT LIG GEWERP HET OP DIE VROEË ONTWIKKELING VAN DIE MENS. DIE GESKIEDENIS VAN DIE LANDSTREEK HET EGTER WEL 'N NUWE WENDING GENEEM TOE JAN VAN RIEBEECK AAN WAL STAP, SKRYF **AUDREY BROWN**

Daar was geen "Suid-Afrika" toe Jan Van Riebeeck, op instruksie van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC) in 1652 by die Kaap aan wal gestap het nie.

Maar dit beteken nie dat hier niks was nie. Die "leë land"-teorie, wat tot dusver voorgehou is in die konvensionele beskouing van Suid-Afrika se geskiedenis, word beslissend deur argeologiese getuienis weerspreek.

Die koms van Van Riebeeck, en die prosesse wat daardeur in werking gestel is, het Suid-Afrika egter uiteindelik as staatkundige eenheid tot stand gebring.

Duisende Europese aankomelinge, waaronder die 225 Franse Hugenote in 1688 en die sowat 4 000 Britse setlaars van 1820, het 'n nuwe orde ingelui.

Dié orde het die geskiedenis van die bewoners van die land aan die suidpunt van Afrika heeltemal geïgnoreer. Nuwe bevindinge en sienings van die geskiedenis laat meer reg aan dié mense geskied.

Volgens historici is dit moeilik om te bepaal hoeveel mense hier was voor die koms van die witmense.

Rofweg skat Tim Maggs in die boek *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika* dat daar sowat 200 000 San- en Khoikhoi-jagters en herders was, en tussen twee en vier miljoen swart boere binne die grense van die huidige Suid-Afrika, voordat Bartolomeus Dias die eerste keer in 1488 om Kaappunt geseil het.

Volgens argeologiese getuienis woon mense al twee miljoen jaar in die landstreek wat vandag Suid-Afrika genoem word. Hulle het as jagter-swerwers die Kaapse vlaktes bewoon. Dit is dié mense, die Khoi en die San, wat eerste in aanraking gekom het met witmense aan die suidpunt van Afrika.

Swartmense (sogenaamde "Bantoe-sprekendes" noem geskiedenisboeke hulle) het eers later in die binneland ingetrek - maar selfs dít was honderde jare vóór die koms van die Hollanders en die Portugese. Met die begin van ons jaartelling - die geboorte van Christus - het swartmense reeds aan die Natalse kus gewoon. Hulle het meestal met graan en vee geboer.

Maggs skryf in 'n stuk getitel "Die vroeë geskiedenis van die swartmense in Suider-Afrika": "Daar heers nog steeds sterk onenigheid oor wanneer die eerste Bantoesprekende swartmense by die suiderpunt van Afrika aangekom het. Argeologiese getuienis weerlê egter die ou opvatting dat Bantoe-sprekendes nog besig was om suid en weswaarts te beweeg toe hulle in die agttiende eeu die blankes aan die Kaapse oosgrens ontmoet het."

Dié hoofstuk verskyn in *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika* onder redaksie van Trewhella Cameron en SB Spies.

Volgens die bevindings van die argeoloog Revil Mason was daar reeds in die 13e eeu in die Oos- en Wes-Transvaal Sotho/Tswananedersettings met 'n hoë beskawingspeil. Revil Mason skryf in sy boek *Origins of the African People of the Johannesburg Area* dat daar tekens van yster-smeltende beskawings in die huidige Sandton, Honeydew, Linksfield en die Melville-koppies is. Hy skryf ook oor die ysterbewerkers van Phalaborwa, Broederstroom, Tzaneen en die Magaliesberg-vallei, waar daar al tussen die 11e en die 13e eeu dorpe opgerig is.

Die eerste witmense het dié gebied eers in 1823 - 1 500 jaar later - bereik.

Dié nedersettings was hoogs gevorderd, met smeltoonde, veeposte en landerye wat oor 'n wye gebied gestrek het. Dit was die vroegste nywerheidsentra in Suid-Afrika.

Die "vaders" van Johannesburg het maar net in die voetspore van die eerste ystersmelters gevolg - sonder om enige dank aan hulle te betuig.

Die redes waarom dié nedersettings verdwyn het, is onbekend. Met die koms van Van Riebeeck het hulle reeds verdwyn: die binneland en die Ooskus van Suid-Afrika was wel bevolk met vee- en graanboere, en handelaars in ivoor en koper, volgens Mason.

Dat Van Riebeeck en die witmense wat hom gevolg het dié mense se reg op hul grond kon ontneem, is niks nuuts in die geskiedenis van die mens nie. Inteendeel, Howard Lamar en Leonard Thompson vergelyk die ondervindings van die vroeë inwoners van Suid-Afrika en Amerika in *The Frontier in History* en sê: "Die wit bevolking was onbewus van die behoeftes van die plaaslike mense, en kon hulle van hul grond ontneem as hulle meen dat dit leeg staan of nie op 'n verantwoordelike manier gebruik word nie. In gevalle waar hulle dit willens en wetens gedoen het, was dit omdat die setlaars die gebruike en sedes van dié mense as barbaars beskou het."

Daarby het die wit akademici en intellektuele van destyds morele steun aan die setlaars verleen deur 'n ideologie te skep wat witmense as meerderwaardig uitgebeeld het.

Thompson en Lamar skryf: "Teen die einde van die 19e eeu het baie witmense geglo dat Indiane en Afrikane geneties minderwaardig is - 'n gevolgtrekking wat versterk is toe gerespekteerde Europese wetenskaplikes skemas opgestel het wat mense volgens ras geklassifiseer het. In dié skemas was witmense aan die bopunt, met swartmense en Indiane vér onder hulle."

Die sinistere gevolge hiervan was dat "neerhalende stereotipes" van dié mense geskep is. Dié gebruik, sê die skrywers, gaan gewoonlik "hand aan hand met ekspansionistiese ideologieë, en maak nie net gruweldade moontlik nie - dit moedig hulle inderdaad aan."

Dié denke is al te bespeur in die omskepping van die eerste inwoners van die land in "barbare" en die invoer van ander "anderskleuriges" as slawe om Van Riebeeck en die beskawing wat hy gebring het, te dien. Binne twee maande ná sy aankoms aan die Kaap, het Van Riebeeck aan Batavia geskryf dat hy slawe benodig.

Daarna het Van Riebeeck dikwels om slawe gevra, ook om vrye Chinese.

In 1658 is 228 slawe vanuit Dahomey gekry en 'n verdere 174 is by 'n Portugese slaweskip gebuit en na die Kaap geneem. Van dié slawe is na Batavia gestuur.

Volgens Armstrong kom die meeste van die slawe aan die Kaap uit die Oos-Indiese Eilande, Madagaskar, Ceylon (Sri Lanka), Mosambiek en Oos-Afrika.

Armstrong sê dit is moeilik om te bepaal hoeveel slawe na die Kaap gebring is, maar tussen 1712 en 1754 het minstens 200 slawe uit Ceylon aangekom. Tussen 1673 en 1676 is minstens 500 slawe uit Madagaskar verkry.

Die nasate van dié mense maak die meerderheid uit van wat vandag as die bruinmense (Kleurlinge) bekend staan. Die stuk grond aan die suide van Afrika is dus ingrypend verander - met nuwe mense, 'n nuwe taal en godsdiens, én nuwe probleme. Lamar en Thompson beskryf dit só: "Dit was nie lank nie voordat die inheemse mense besef het dat hulle nou te staan gekom het voor 'n nuwe soort mens, wie se invloed fundamenteel meer vernietigend was as enigiets waarmee hulle tevore in aanraking was."

# DIE MITE VAN DIE 'VOLKSVADER'

JAN VAN RIEBEECK WORD VAN VERSKEIE KANTE TOT SIMBOOL VERHEF. WIT AFRIKANERS PRYS HOM AS "VOLKSVADER" AAN. ANDER BESKOU HOM AS DIE "VADER VAN APARTHEID". DIE WARE JAN PAS EGTER NIE IN EEN VAN DIÉ TWEE ROLLE NIE, SKRYF DIE HISTORIKUS **ALBERT GRUNDLINGH**

Dit is 'n algemene verskynsel in verskeie lande om bepaalde gebeurtenisse of die optrede van bepaalde individue as deurslaggewend vir die "geboorte van die volk" te herdenk.

Só vereer die Amerikaners hul "founding fathers", en vind die Australiërs hul oorsprong in die eertydse Britse bandiete-kolonie. Dikwels het die wyse waarop die historiese gegewens ingeklee en vertolk word, meer met die hede as die verlede te make. Die "stigters" van Amerika word byvoorbeeld in die oortreffende trap vir hulle "versiendheid" geloof. In Australië is die moontlike stigma van 'n bandiete-oorsprong verdring deur 'n positiewe beeld van die eerste wit Australiërs as geharde pioniers met geen onderlinge klasseverskille nie - in dié mate dat dit vandag, ietwat ironies, 'n statussimbool is om 'n bandiet as voorvader op te eis!

Suid-Afrika het ook sy eie "mites van oorsprong" wat rondom die koms van Jan van Riebeeck na die Kaap sentreer. Hoewel die gedagte van Van Riebeeck as die volksplanter van die Afrikanervolk na die 19e eeu herlei kan word, het dit veral in die 20e eeu met die orkestrering van Afrikaner-nasionalisme posgevat en in 1952 'n hoogtepunt bereik met die 300-jarige herdenking van die aankoms van die Nederlanders.

Op dié fees is Van Riebeeck in helder kleure as die vrome volksplanter uitgebeeld; sy koms het as simbool vir die Westerse beskawing aan die suidpunt van Afrika gedien. 'n Regstreekse verband is gelê tussen die moderne Afrikanerdom en die sogenaamde "volksplanting". In die proses is eienskappe en motiewe aan Van Riebeeck toegedig wat histories kwalik met die beskikbare gegewens gestrook het.

Van Riebeeck was ten beste 'n heel teensinnige volksplanter; in der waarheid het hy geen verhewe motiewe met sy koms na die Kaap gehad nie. Trouens, vóór sy koms is hy weens korrupsie - 'n algemene praktyk óók in dié tyd - uit die Kompanjie se diens geskors.

Vir Van Riebeeck was die sending na die Kaap bloot 'n manier om 'n posisie in die Kompanjie te herwin. Hy het geen werklike aanvoeling vir die Kaap gehad nie en kon nie gou genoeg wegkom om 'n ander betrekking in die Ooste te aanvaar nie.

Boonop was die mense wat saam met hom gekom het, afkomstig uit die laagste klasse in die Nederlande. Van Riebeeck het hulle onbetroubaar gevind en die wens uitgespreek dat die Kompanjie eerder Chinese, wat hy as meer hardwerkend beskou het, na die Kaap moes stuur.

Waar wit nasionaliste in 1952 'n oorvereenvoudigde beeld van Van Riebeeck geskets het, was daar diegene in swart en bruin geledere wat sy koms as die begin van 300 jaar van onderdrukking in Suid-Afrika beskou.

Die Van Riebeeck-fees is om dié rede geboikot en heelparty protesskrifte het die lig gesien.

Weens die wyse waarop die fees in 1952 gevier is, kon daar beswaarlik van bruin- en swartmense verwag word om enigsins daaraan deel te hê. Terselfdertyd is dit egter problematies om 'n lyn tussen die historiese Van Riebeeck en latere apartheid te trek. Hoewel Van Riebeeck negatiewe opmerkings oor die fisieke voorkoms van die Khoikhoi gemaak het, en hy by tye ook hardhandig teenoor hulle opgetree het, het hy geensins 'n bepaalde en sistematiese onderdrukkingsbeleid gevolg nie. Trouens, Van Riebeeck was ekonomies besonder afhanklik van die Khoikhoi vir die veehandel en kon dit nie bekostig om hulle te vervreem nie.


Daarby het hy ook ondertrouery tussen wit en swart aangemoedig met die gedagte dat dit mettertyd die vestiging aan die Kaap met 'n vaste bevolking sou kon stabiliseer.

Van Riebeeck sou nie noodwendig vir die "nuwe nie-rassige" Suid-Afrika van vandag kwalifiseer nie, maar eweneens was hy ook nie die aartsrassis en oervader van apartheid nie. Apartheid in sy volle manifestasies het meer met die veel latere ontwikkeling van kapitalisme en eksklusiewe Afrikanernasionalisme te make as met Van Riebeeck.

Aan albei kante van die spektrum en om verskillende redes is dus mites oor die vestiging van die eerste wittes in Suid-Afrika die wêreld ingestuur. En dié mites sal nie verdwyn deur hulle bloot as "vals" te bewys nie. Historiese voorstellings word nie geglo na gelang van die hoeveelheid "waarheid" wat hulle bevat nie; hulle word geglo omdat hulle vir die individu of groep binne 'n bepaalde konteks sin het en 'n ankerpunt kan vorm. Namate die omstandighede verander, kan die historiese voorstellings dienooreenkomstig verander.

In die huidige Suid-Afrika, waarin daar gepoog word om tot 'n vergelyk met Afrika te kom, het die simboliek van Van Riebeeck as vaandeldraer van die Westerse beskawing al hoe minder algemene relevansie. Omstandighede het sodanig verander dat 'n openbare vakansiedag soos "Stigtingsdag" - met al die teenstrydighede daarvan soos om die Westerse afkoms van die wit mense te beklemtoon, maar terselfdertyd op die Afrika-wortels te roem - waarskynlik mettertyd sal verdwyn. Gestroop van die swaarwigtige histories-politieke opdrag wat Van Riebeeck geslagte lank moes vervul, kan hy moontlik in die toekoms na vore tree as 'n veel meer beskeie historiese figuur. VW

(DR ALBERT GRUNDLINGH IS VERBONDE AAN DIE DEPARTEMENT VAN GESKIEDENIS AAN UNISA)



'N UITBEELDING VAN 1850 DEUR CHARLES DAVIDSON BELL VAN DIE AANKOMS VAN VAN RIEBEECK AAN DIE KAAP (SA BIBLIOTEEK)

## KHOISAN IS NADER FAMILIE AS JAN

Hoewel die eerste amptelike maatreëls teen rassevermenging in 1669 afgekondig is, sewe jaar ná Jan van Riebeeck se vertrek, dra feitlik alle inwoners van Suid-Afrika - swartmense en Afrikaners inkluis - ~~~~bloed van die Khoisan, die eerste inwoners van die Kaap.

Twintig jaar gelede het navorsing begin wys dat die Westerse vooropgesteldheid met rasseklassifikasie nie juis op Suid-Afrika van toepassing gemaak kan word nie. 'n Groot terugslag vir die konsep van die "blanke" volk was die publikasie in 1971 van Die Herkoms van die Afrikaner deur dr JA Heese, wat gewys het dat die Afrikaner gemiddeld 7 persent "gekleurde" bloed het en nie sowat 1 persent soos vroeër gerieflik geglo is nie. Die boek is grootliks geïgnoreer - maar is in 1984 opgevolg deur Groep sonder Grense deur sy seun, dr Hans Heese van die Universiteit van Wes-Kaapland se Instituut vir Historiese Navorsing. (Fisieke vermenging tussen wit en swart of gekleurde mense was toe nog deur streng wetgewing verbied.) Dit het 'n opskudding veroorsaak omdat Heese deur middel van familieregisters gewys het hoe baie "gekleurde" bloed daar in die "wit" genepoel is.

Heese het gewys dat die rassevermening tot 1795 hoofsaaklik tussen blankes en slawe aan die een kant en die inheemse groepe en slawe aan die ander kant plaasgevind het. Daar was min rasvermening tussen die blankes en die inboorlinge. Die slawe was hoofsaaklik Negers, Indiërs en Maleis-Polinisies.

"Die kinders wat tot 1795 binne die eg gebore is uit verhoudings tusen blanke of Europese mans en gekleurde vrouens en gevolglik in 'n Europese samelewing grootgeword het, is almal in die blanke groep aanvaar," skryf Heese.

"Teenoor die egtelike kinders van blankes by gekleurdes staan die buite-egtelike kinders in 'n skerp kontras. Indien die moeder van die kind 'n slavin was, was ook die kind gedoem tot 'n staat van slawerny."

Heese som op deur te sê dat die status wat 'n individu aan die Kaap sou geniet nie net deur genetiese afkoms, stand, woonplek, geloof of beroepswyse bepaal is nie. Kulturele identifikasie, meer as rasse-klassifikasie, het 'n gekleurde tot die "blanke" groep toegelaat. Onder Britse bewind het die dominansie van die "blanke" ras egter sterker na vore getree.

Genetiese en antropologiese studies sedert die sestigerjare deur onder andere Jenkins, Zoutendyk en Steinberg wys dat die aanvaarde konsep van swart Nguni- en/of Negroïde-rasse in Suider-Afrika nie heelemal gegrond is nie. Hoë persentasies Khoisan-gene is in alle groepe in die streek, uitgesluit die Angolese en Okavango's, gevind. Die Xhosa se genepoel bevat die naashoogste persentasie, naamlik 60 persent Khoisan-bloed, gevolg deur die Tswana (53 persent), met die Zoeloe en Pondo (45 persent) en die Ndebele byvoorbeeld 5 persent. Dié bevindinge word vandag algemeen aanvaar.

CHRISTELLE TERREBLANCHE VW

# 'SOU JULLE DIT IN HOLLAND KON DOEN?'

VOLGENS GESKIEDKUNDIGE VERSLAE WAS JAN VAN RIEBEECK MAAR TAAMLIK BEVOOROORDEELD TEENOOR DIE KHOIKHOI, WAT HY AS "'N BRUTALE SPUL" BESKOU HET. DIÉ MENSE HET WEER GEMEEN HY IS BRUTAAL OMDAT HY HUL WEIVELDE AFGEVAT HET. **CHRISTELLE TERREBLANCHE** SKRYF OOR DIE EERSTE VREDESONDERHANDELINGE TUSSEN DIE INHEEMSE INWONERS VAN SUID-AFRIKA EN DIE WIT SETLAARS

Vredesonderhandelinge tussen die inheemse inwoners van Suid-Afrika en die witman is niks nuuts as 'n mens Jan van Riebeeck se Joernaal moet glo nie. En dit lyk amper asof die agenda en bedingingsbalans ook nie te veel verander het nie. Die joernaal is sedert sy vertrek uit Nederland tot en met sy vertrek uit die Kaap in 1662 stiptelik deur Van Riebeeck volgehou en aan sy opvolger oorhandig.

Uit die joernaal kan afgelei word dat hy van meet af 'n groter vooroordeel jeens die Khoikhoi gekoester het as die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC, soms spottenderwys genoem: Vergaat Onder Korruptie) se base in Holland, of as die skipbreukelinge wie se memorandum oor verblyf aan die Kaap eindelik die deurslag vir die vestiging van 'n verversingspos aan die Kaap die Goeie Hoop gegee het.

Die skipbreukelinge was Leendert Janszen en Nicolas Proot, wie se skip, die Haarlem, in 1647 in Tafelbaai op die rotse geloop het. Hulle het nie net in gloeiende taal verduidelik hoe gunstig vars groente deur verbygaande skepe ontvang is nie, maar ook hoeveel gawer die inboorlinge werklik is as wat voorheen gemeen is.

Volgens die publikasie *Black and White in SA History* deur Lionel Forman van die Unity Movement (gepubliseer in 1952 met die 300-jarige Van Riebeeck-herdenking), het Van Riebeeck met sy aanstelling as Kommandeur aan die Kaap met dié memorandum verskil. Die inboorlinge, op grond van sy een kort besoek, was "'n brutale spul, wat lewe sonder gewete". Die VOC het hom egter streng vermaan om dié "inboorlinge met die grootste vriendelikheid moontlik te behandel en dat hulle in geen omstandighede gemolesteer mag word nie", sê Forman.

Die eerste groot skermutseling tussen die setlaars en die Khoikhoi het in 1659 uitgebreek, sewe jaar ná Van Riebeeck se aankoms. Die gewone Westerse en amptelike Suid-Afrikaanse bronne sê deurgaans dit was omdat die Khoikhoi die Hollanders se vee gesteel het - vee wat hulle van dieselfde Khoikhoi gekoop het.

Alternatiewe bronne sê die teenoorgestelde - dat die vryboere die Khoikhoi se beeste gesteel het. 'n Nederlandse boek meen die Khoikhoi het agtergekom dat die ruileenheid wat die Hollanders hulle vir vee aangebied het - gewoonlik koperdraad en tabak - minderwaardig is. Toe besluit hulle hul vee is in werklikheid gesteel en probeer dit terugneem, volgens die boek.

Hoe dit ook al sy, vroeg in Januarie 1660 is 'n soort wapenstilstand ná 'n jaarlange "oorlog" bereik. C Louis Leipoldt skryf in sy boek *Jan van Riebeeck*, wat in 1938 deur Naspers gepubliseer is, oor die eerste werklike onderhandelinge op 5 en 6 April (toevallig) 1660 tussen wit en swart aan die Kaap. Leipoldt se weergawe is ontleen aan Van Riebeeck se Joernaal, of "Dagboek" soos hy dit noem.

"Die onderhandelings word breedvoerig in die Dagboek opgesom en is van buitengewone belang, omdat dit 'n skerp lig werp op die houding van die blankes. Die Kaapmans het gevra of dit nou reg was dat die Duismans hul grond, wat hulle eeue lank besit het en waarop hulle altyd hul vee laat wei het, sou kom afneem. Sou hulle dit in Holland kon doen as hulle daar kom? Die Duismans neem die beste weiland vir hulle en vra nie eens of dit die Kaapmans pas om hul weiveld af te staan nie."

Leipoldt se rede vir die oorlog is die gewone: dat die Khoikhoi (Kaapmans) die vee van die koloniste (Duismans) gebuit het. Ten tyde van die onderhandelinge was geen formele ooreenkoms nog met die Khoikhoi oor die besetting van Tafelbaai aangegaan nie, hoewel die besetting deur 'n handelsmaatskappy gedoen is. Eers 10 jaar ná Van Riebeeck se vertrek, in 1672, het die maatskappy sy besetting "gewettig" deur twee Khoikhoi-hoofde 'n paar pond se brandewyn, tabak en krale vir die hele gebied, van die Kaapse Skiereiland tot Saldanhabaai te betaal. Hulle moes net kruisies trek.

Autshumao, hoof van die Goringhaikonas-stam, met die gewilde bynaam Herrie die Strandloper, het Van Riebeeck by sy aankoms in die Kaap verwelkom - maar binne ses jaar was hy die eerste gevangene op Robbeneiland. Van Riebeeck het egter nie gehuiwer om hom te gaan haal om oor vrede met sy stam te onderhandel nie.

Leipoldt vertel verder dat die Khoikhoi se besware oor die weiveld só deur Van Riebeeck beantwoord is: "Daarop, sê die Dagboek, is in die eerste plaas aangevoer dat daar nie genoeg weiveld vir al die Hottentotte en die nedersetters se vee is nie."

Autshumao sou toe antwoord: "Het ons dan nie rede om te sorg dat julle geen beeste kry nie, aangesien julle ons weiveld daarmee kom beslaan as julle baie het? En as die land te klein is, wie het die meeste reg daarop, die regte eienaar of die vreemde indringer?"

"Eindelik moes die woord toe uit, sê Van Riebeeck, naamlik dat hulle die land kwytgeraak het aangesien hulle die oorlog verloor het. Hulle het geweier om die geroofde vee terug te gee en daarom was 'ons dan haer lant, door diffencive oorlogh rechtvaerdigh als met 't swaert gewonnen, toegevallen, ende 't welck wij oock voornemens waren te behouden'."

Volgens Leipoldt het die Khoikhoi daarop 'n ou grief aangeraak: dat hulle deur die koloniste beroof en mishandel word sonder dat die Kommandeur altyd daarvan bewus is. "Wat ook nie heeltemal onwaar is nie," sê Van Riebeeck se Dagboek.

"Hulle het derhalwe die oorlog gevoer om hulle te wreek," skryf Leipoldt. "Die Kommandeur het daarop geantwoord dat as só 'n toestand van sake moet voortduur, daar nooit rus in die land sou kom nie en dat hulle nog meer land sou verloor, sodat hulle die witmense sou moes verdryf uit die land voordat hulle dit weer in besit kry.

"Die Hottentotte het versoek dat die verlede dan maar in die vergeetboek moet kom, dat hulle voortaan geen wraak meer sou neem nie maar die oortredende koloniste by die fort sou kom aankla. Op dié manier is die vrede gesluit en die veertig vernaamste Hottentotte op wyn getrakteer en met presente ingestop."

Volgens Leipoldt was dit die nodige en geregverdigde demonstrasie van die mag van die witman, "en as alles in aanmerking geneem word," vergelyk die optrede van Van Riebeeck uitstekend goed met dié van manne in ander Europese nedersettings, in Amerika en die Ooste, wat dit nodig gevind het om die inboorlinge 'n les te leer". VW

# *Jan* STAAN SY MAN

JAN VAN RIEBEECK SE STANDBEELD IN KAAPSTAD SÊ BITTER MIN VAN DIE WARE JAN, MAAR HEELWAT VAN DIE MENSE WAT HOM TERUGSKOUEND TOT VOLKSVADER VERHEF HET, SKRYF **JOHAN BRUWER.**

JAN VAN RIEBEECK se standbeeld in Adderleystraat is deur Cecil John Rhodes aan Kaapstad geskenk en op 18 Mei 1899 onthul. Dis geskep deur John Tweed, 'n oud-leerling van Rodin.

Rhodes wou hê die beeld moet naby die plek staan waar Van Riebeeck aan wal gestap het. Toe Rhodes in 1895 - 15 jaar voor Uniewording - die opdrag gee, het die aartskapitalis se toekomsvisie uit sy woorde gespreek: "It will all be one country and we must make this its most beautiful capital." (Aangehaal uit *Public Sculptures and Reliefs in Cape Town* deur Alan Crump en Raymund van Niekerk, Clifton-publikasies, 1988.)

Om te sien hoe Van Riebeeck gelyk het, het Tweed 'n skildery bekyk wat Dirk Craey in 1650 geskilder het. Kyk mens na Van Riebeeck se standbeeld, is sy persoonlike voorkoms egter minder belangrik as dit wat hy versinnebeeld. Vir dié Afrikaners wat hom as volksvader beskou, is dit ter sake dat hy 'n Nederlander was. Crump gee die beeld 'n breër simboliese betekenis: "The work has come to symbolize the true arrival of the white man in the Cape. Van Riebeeck, the first governor of the Cape under the Dutch East India Company, became the symbol of the establishment of written laws and rules."

Die eerste indruk van die standbeeld wat mens opval, is nie hoe Jan lyk nie, maar hoe hy stáán. Soos in elke openbare standbeeld wat sonder woorde 'n simboliese stelling moet maak, word lyftaal sterk beklemtoon.

Wat sê die beeld se houding? Bitter min van die ware Jan - maar heelwat van die mense wat hom terugskouend verhef het tot draer van die "beskawing" (= Westerse waardes) na die "woesteny" (= nie-Westerse wêreld).

Die simboliese Jan het g'n gebrek aan selfvertroue nie. Om die waarheid te sê, hy lyk windgat. Dit lyk nie na 'n man wat versigtig 'n onbekende wêreld betree nie - eerder na 'n landheer wat selfvoldaan staan en kyk na 'n nuwe landgoed wat hy pas in besit geneem het.

Die kierie wat so punt in die wind staan, is belangrik. Dit suggereer die septer van 'n heerser en gee Jan 'n soort adelikheid van inbors. Dit herinner selfs aan die staf van Moses, wat die uitverkore volk na die Beloofde Land gelei het.

Aan Jan se linkersy hang 'n swaard. Dis 'n "seremoniële" deel van sy ampsdrag - maar ook simbool van die fisieke mag waarop Jan hom kán beroep, sou iemand dalk kapsie maak teen die vestiging van sy beskawing. (Uit dié dun, elegante lem vloei 'n lang reeks gedaantewisselings: die Sanna, die Mauser, die R4, die haelgeweer, die knuppel, die G5-kanon.)

Jan staan fier alleen. Eers jare later, in 1952, is Dirk Wolbers se standbeeld van Maria de la Quellerie opgerig: die skugter, vlytige vrou met 'n mandjie groente uit Jan se tuin. Sy staan op 'n afstand op haar eie hoë pedestal, soos dit die eerbiedige vrou van 'n amptenaar in Jan se beskawing betaam.

Waarom is Jan nie in 'n groep uitgebeeld nie - in ontmoeting, selfs in onderhandeling met die inwoners van die vasteland wat hy betree? Jan staan alleen want hy versinnebeeld die afsondering van die patriarg. Hy is die onpenetreerbare Man, die heerser met gesag, ontdaan van "vroulike" eienskappe soos deernis en toeganklikheid. Wie sou by daardie hoë voetstuk durf opklim om by hom toenadering te soek? Met sy kop omhoog kyk hy bo-oor almal heen: die man wat wéét wat hy wil hê en daarmee basta.

Jan se uniform - die kuis lang jas, die hoed wat sy lang hare manlik bedek, die epoulette wat hom 'n breedgeskouerde forsheid gee - onderstreep die onaantasbaarheid van die patriarg. Die klere, uiterlike tekens van 'n welvarende kultuur, vorm 'n pantser wat die weerloosheid van die gewone menslike liggaam daaronder verskuil.

Dis insiggewend om dié betaamlik afgesonderde Jan en Maria met die lyftaal van 'n kontrasterende beeldgroep te vergelyk: Michelangelo se Piëta, waarin 'n ander Maria oor die gestorwe Christus rou. Sy gebroke liggaam lê kaal op haar skoot. Hier is die antitese van Jan die Patriarg. Hy dra geen kulturele baadjie soos Jan nie. Aan sy sy hang geen swaard nie. Hy het geen wette en reëls neergeskryf nie. Die tuin wat hy versorg het, kan niemand sien nie.

Geen groep kan hom tot volksvader verhef nie. VW

# EK MOES LUBOWSKI WERF, SÊ MI-AGENT

*'Anton se lojaliteit teenoor Swapo was onwrikbaar'*

ALLE HOOP DAT DIE MOORDENAARS VAN DIE SWAPO-LEIER ANTON LUBOWSKI OOIT OPGESPOOR SAL KAN WORD, HET VANDEESWEEK WAARSKYNLIK VERDWYN MET DIE DEPORTASIE VAN DIE IER DONALD ACHESON UIT SUID-AFRIKA. DAAR IS EGTER STEEDS HEELWAT GERUGTE EN BESPIEGELINGS RONDOM LUBOWSKI SE DOOD EN VERDERE GETUIENIS DAT HY NIE 'N SPIOEN VIR DIE WEERMAG WAS SOOS DIE MINISTER VAN VERDEDIGING, MAGNUS MALAN, BEWEER NIE. VANDEESWEEK HET 'N GEWESE AGENT VAN MILITÊRE INLIGTING BEWEER DAT HY LUBOWSKI MOES WERF OM VIR DIE DTA TE GAAN WERK. **JACQUES PAUW** DOEN VERSLAG.

'n Gewese agent van Militêre Inligting het die vermoorde Swapoleier Anton Lubowski kort voor sy dood met R250 000 probeer omkoop om Swapo te verlaat en hom by die Demokratiese Turnhalle Alliansie aan te sluit. Lubowski het geweier. Hy het gesê sy lojaliteit lê onvoorwaardelik by Swapo.

Die gewese agent was Nico Basson, oud-kommunikasiebestuurder van die DTA wat ook as agent vir Militêre Inligting in Namibia gewerk het. Basson het oor 'n tydperk van dertien maande meer as R1 miljoen van die weermag ontvang vir sy pogings om steun onder die media en buitelandse missies te werf vir die weermag se rol in die verkiesing in dié land.

Basson het vandeesweek gesê:

* Die werkinge van die Burgerlike Samewerkingsburo (BSB) was aan hom bekend. Basson het geweet dat Anton Lubowski 'n moontlike teiken vir eliminasie deur die BSB was, maar sê 'n ander Swapo-leier, Hidipo Hamutenya, was bo-aan die lys vir 'n "selfmoordpoging".
* Basson sê Lubowski se dood was 'n fout. Kort ná die moord op 12 September 1989 het 'n baie senior weermag-offisier teenoor hom gebieg dat dit 'n ernstige flater was. Hy sê die offisier was merkbaar ontsteld daaroor.
* In 'n dokument van Militêre Inligting word gesê dat Lubowski uiters ongewild in Swapo-geledere was omdat hy glo te duur eiendom namens Swapo aangekoop het en daarvan verdink was dat hy vir sy gewese vrou, Gaby, 'n huis met Swapo-geld gekoop het.
* In dié dokument, waarin 'n evaluasie gegee word van die potensiaal om 'n tweestryd in die Swapoleierskap te ontketen, verskyn Lubowski se naam tiende op die lys. Hy is nie as 'n belangrike faktor binne Swapo beskou nie en daar was twyfel of hy noemenswaardige inligting oor die organisasie beskik.
* Lubowski het aan Basson gesê dat daar doelbewus in Swapogeledere agterdog gewek is dat hy 'n weermagspioen sou wees en dat daar amptenare in Swapo is wat glo hy is 'n geheime agent.
* Basson sê hy het ten nouste met Militêre Inligting saamgewerk en gereeld in aanraking gekom met sy hanteerder, brigadier Ferdie van Wyk van Militêre Inligting, en dat daar nooit aan hom gesê is dat Lubowski 'n spioen was nie.
* Kort voor Lubowski se dood het Basson 'n dokument van die polisie in Namibia ontvang waarin gesê word dat Lubowski ernstige finansiële probleme ondervind en ongelukkig is oor Swapo.

Basson was onlangs in 'n regsgeding met die Minister van Verdediging, generaal Magnus Malan, betrokke oor 'n bedrag van R700 000 wat hy beweer die weermag hom steeds geskuld het. Die weermag het besluit om met Basson te skik vir 'n onbekende bedrag.

Basson sê hy het in die tydperk voor Lubowski se dood gereeld met hom geskakel en hom minstens een keer per week ontmoet.

Basson sê Lubowski was uiters ontsteld oor die beweerde marteling van aangehoudenes in Swapokampe.

Nadat Lubowski Basson se aanbod om na die DTA oor te stap geweier het, het Basson hom nogmaals probeer oorreed om Swapo te verlaat en hom by die Patriotic Unity Movement (PUM) aan te sluit. Die PUM is deur Swapo-afvalliges gestig nadat die polemiek rondom die beweerde martelings na vore gekom het.

"Hy het baie simpatie met hulle gehad, maar nogtans gevoel dat die saak van die land se onafhanklikheid nie daardeur gedien sal word nie. Hy het besef wat sy oorstappery vir Swapo sou beteken. Sy lojaliteit teenoor die party was byna onwrikbaar," sê Basson.

"Ek is 'n goed opgeleide persoon in die inligtingsgemeenskap en is goed ingelig oor die metodes en tegnieke wat gebruik word om mense af te pers en oor te haal om 'n sekere saak te dien.


"Met dié agtergrond het ek nooit die geringste vermoede gehad dat hy moontlik 'n agent vir die weermag kon wees nie. Dit is wel moontlik dat die weermag hom onbewus in 'n lokval kon lok en hom só misbruik het. Dit is 'n tipiese styl van propaganda-afdelings in die organisasie en hul modus operandi verskil nie veel van die BSB s'n nie," sê Basson.

"Die blote feit dat geld in sy rekening inbetaal is, beteken nie dat hy 'n agent vir die weermag was nie. Daar is ook geld aan een van my maatskappye betaal vir dienste wat ek aan die weermag gelewer het. Van dié dienste het niks te doen gehad met die oordra van inligting nie," sê Basson.

In die weermag-dokument oor die Swapo-leierskap word oor Lubowski se beweerde hantering van fondse gesê: "Dit is moontlik dat Swapo hom gaan afstof. Hy word deur Swapo daarvan beskuldig dat hy met opset probeer het om hulle finansieel te ruïneer deur duur eiendom te koop."

In 'n ander weermag-dokument word beweer: "Daar word beweer dat Swapo finansiële probleme het en dat die voorneme van 'n Swapotelevisiekanaal as gevolg hiervan nie kan realiseer nie. Na berig word, word Anton Lubowski vir die krisis blameer, aangesien hy te veel fondse aan eiendom sou spandeer het."

Volgens die veiligheidspolisie se inligting het Lubowski op 17 Augustus 1989 na Europa vertrek om 'n kliënt te gaan sien. Die BSB-operateur Slang van Zyl het voor die Harms-kommissie getuig dat die BSB Lubowski op 25 Augustus in Kaapstad en Johannesburg begin dophou het.



ANTON LUBOWSKI

## 'Dit is wel moontlik dat die weermag hom onbewus in 'n lokval kon lok en hom só misbruik het. Dit is 'n tipiese styl van propaganda-afdelings in die organisasie en hul modus operandi verskil nie veel van die BSB s'n nie.'

Op 1 September het die BSB 'n geheime vergadering in die Rosebank Hotel in Johannesburg gehou waartydens 'n projek rondom Lubowski bespreek is. Tussen 1 en 11 September het die operateur Chappie Maree drie ontmoetings met die Ierse huurmoordenaar Donald Acheson in Swaziland gehad. Ná elke ontmoeting het Acheson na Windhoek vetrek.

'n Dag voordat Lubowski doodgeskiet is, het Maree in Windhoek aangekom en die oggend voor Lubowski geskiet is, het die bestuurder van Streek Ses van die BSB, Staal Burger, onder die naam "Gagiano" ook in Windhoek aangekom.

Intussen het Acheson 'n woonstel in Windhoek bekom en 'n rooi motor gehuur. Die aand van die moord het iemand met 'n rooi motor van die toneel weggejaag.


'n Koördineerder van die BSB, Pieter Botes, het in 'n onderhoud met Vrye Weekblad verlede jaar gesê dat hy in Julie 1989 deur die besturende direkteur van die BSB, Joe Verster, aangesê is om Swapo voor die November-verkiesing te ontwrig. Die plan was onder meer om Hamutenya te vermoor, maar weens 'n twis met Verster is die plan op 22 Augustus afgelas. Drie dae daarna het die BSB begin om Lubowski dop te hou.

Acheson is kort ná Lubowski se dood in hegtenis geneem, maar is uiteindelik vrygelaat omdat daar nie genoeg getuienis in Namibia was om hom aan die moord skuldig te bevind nie. Die Suid-Afrikaanse regering het ook geweier om Staal Burger en Chappie Maree aan Namibia uit te lewer.

Basson sê Lubowski het kort voor sy dood aan hom gesê dat hy gereeld doodsdreigemente ontvang het. Twee groot, fors mans het glo vir Lubowski in daardie tyd dopgehou.

Basson was 'n kaptein in die weermag voordat hy Pro Communications Projects in Windhoek as 'n front vir Militêre Inligting begin het. In sy kontrak met die weermag word PCP beskryf as 'n beslote korporasie wat 'n kommunikasienetwerk bedryf wat daarop gerig is om op nasionale en internasionale vlak die "demokratiese proses" in Namibia te bevorder.

Ten einde dié doelstellings te bevorder, het die weermag onderneem om R64 000 per maand en 'n eenmalige bedrag van altesame R313 450 aan Basson te betaal. Dit kom neer op sowat R1 miljoen vir die jaar se werk.



CHAPPIE MAREE

Basson se projek is goedgekeur deur die destydse hoof van die weermag, Generaal Jannie Geldenhuys. Basson het sy heeltydse betrekking by die DTA gebruik om die belange van Militêre Inligting te bevorder.

Basson het direk aan Ferdie van Wyk gerapporteer. Hy is verbied om bestaande kommunikasiekanale te gebruik en moes sy inligting in gekodeerde boodskappe deurstuur. Hy moes Van Wyk een keer per maand in Windhoek ontmoet.

# ter *loops*...

**NEIL VAN HEERDEN**

Hou vir Neil van Heerden, direkteur-generaal van Buitelandse Sake en uitgeslape diplomaat, oor die volgende paar weke dop.

Daar is groot nuuskierigheid oor wie sleutelrolle gaan speel as voorsitters in die beoogde sekretariaat wat die Veelpartykonferensie (VPK) gaan koördineer. Dat Van Heerden betrek gaan word, is seker.

Van Heerden het naam gemaak in die uitgerekte en ingewikkelde onderhandelinge oor Angola en Namibia. Hy word hoog aangeskryf deur die Kubane, die Angolese, die Russe en Swapo wat sy vermoëns as onderhandelaar betref.

Nog onseker is hóé hy betrek gaan word. Verskillende moontlikhede word genoem: òf as voorsitter van een van die belangrike staande komitees, soos die onderhandeling-sekretariaat, òf selfs as lid van die NP se onderhandelingspan. Gebeur dit, sal Van Heerden sy huidige pos moet bedank.

**SUUR GESIGTE**

Word Van Heerden wel betrek, kan daar selfs 'n paar suur gesigte wees. Veral in 'n plek soos die Departement van Staatkundige Ontwikkeling. Dis 'n ope geheim in regeringskringe dat Gerrit Viljoen se manne glo dat hulle die sekretariaat, en die sleutel-ampsbekleders wat daarmee saamgaan, moet voorsien en die praktiese aspekte van die VPK moet beheer.

Maar of dít vir partye soos die ANC aanvaarbaar sal wees, is 'n heel ander vraag. Verlede week het 'n senior lid van die ANC en lid van hul onderhandelingspan juis sarkasties teenoor VWB opgemerk: "Die regering dink seker ons is so blind dat ons nie kan sien dat hulle besig is om die Konferensie te probeer manipuleer nie - nog voordat dit begin het. Die enigste kennis wat die department van sogenaamde 'onderhandelinge' het, is hul onderhandelinge met die tuislande. Dit was egter nie onderhandelinge in die ware sin van die woord nie, maar effektief opdragte aan pionne van die regering."

**SKEEN**

Die moderator van die Vrystaatse Sinode en assistent-redakteur van Die Ligstraal (tot einde April nog die amptelike blad van die NG Kerk in Afrika), ds Steph Skeen, het ná 'n heftige konfrontasie met die moderatuur van die Algemene Sinodale Kommissie (ASK) sy pos by die blad bedank.

Dit volg ná herhaalde kritiek van Skeen in Die Ligstraal teen die aanloop en die verloop van die Buitengewone Sinode van die NGKA laasjaar op Mitchell's Plein. Skeen is verlede week op die ASK se vergadering in Bloemfontein beskuldig van "verdagmaking" van die moderatuur, en ná dreigemente dat hy van naamskending aangekla gaan word, het hy 'n "skriftelike apologie" by die ASK ingedien.

In die apologie trek Skeen nie sy kritiek teen die optrede van die moderatuur terug nie, maar sê dat hy die "gesag van die moderatuur" aanvaar en dat dit nie sy bedoeling was om hulle gesag en status te ondermyn of aan te tas nie.

**KERKVERENIGING**

Die Algemene Sinodale Kommissie NGKA het terselfdertyd besluit om in Julie 'n volledige Algemene Sinode te hou en nie, soos vroeër besluit is, net 'n driedaagse sitting nie.

Intussen gaan die ASK sekere "korrektiewe stappe" doen om die ernstige breuk in die Kerk oor die omstrede besluite van die Buitengewone Sinode te probeer heel.

Soos dat die besluit op die Buitengewone Sinode om 'n artikel in die Kerkorde te skrap wat bepaal dat streeksinodes eers 'n wysiging aan die belydenisskrifte van die Kerk moet goedkeur voordat die Algemene Sinode dit kan doen.

Dit kom daarop neer dat die moderatuur van die Algemene Sinode, in die woorde van die moderator ds Sam Buti, "moes buig ter wille van kerkeenheid".

En hiermee lyk dit of die struikelblokke op die pad van kerkeenheid uiteindelik uit die weg geruim is.

In Buti se woorde: "Die water van 'n rivier vloei in een rigting, maar ons het nou agtergekom dat mense nie water is nie."

**MITTERAND**

Danielle Mitterand, presidentsvrou van Frankryk, het groot verleentheid vir Abdu Diouf, die Senegalese president, en vir Idasa veroorsaak op die vooraand van Nelson Mandela se besoek aan Wes-Afrika.


In 'n onderhoud met die Franse televisie het sy gesê France Libertes, die stigting vir menseregte waarvan sy die voorsitter is, gaan 'n private instituut vir demokrasie in Afrika stig op Goree, die eiland net buite Dakar. En, sê sy, haar instituut het ses jaar gelede gehelp om Idasa te stig. Dié bewerings is in Dakar summier ontken deur André Zaaiman, 'n oud-amptenaar van Idasa.

Diouf, Van Zyl Slabbert en ander voorste Afrika-leiers en persoonlikhede is inderdaad besig om 'n nuwe instituut in Goree te stig, genaamd IDDA - Institute for Democracy and Development in Africa. En Zaaiman is nou in Dakar om aanvoorwerk vir IDDA te doen.

Mitterand se verklaring word in Afrika-kringe as voorbarige inmenging beskou. Die ANC het allerlei vrae oor die rol van Mitterand en haar instituut, wat volgens die organisasie 'n verlengstuk van die Franse buitelandse beleid is. Ook Mitterand se jongste uitlatings sal in dieselfde lig beskou word

# VAN AANGESIG TOT AANGESIG MET DIE SKARLAKEN PIMPERNEL

## MAX DU PREEZ HET DIÉ WEEK 'N GEHEIME RENDEZVOUS GEHAD MET RONNIE KASRILS, DIE SENIOR ANC- EN SAKP-LEIER WAT NOU AL NEGE MAANDE LANK VIR DIE POLISIE VLUG



RONNIE KASRILS (FOTO: PETER AUF DER HEYDE - AFRAPIX)

Dit voel so half onvanpas in die sogenaamde Nuwe Suid-Afrika om 'n geheime ontmoeting te hê met 'n ondergrondse leier in vermomming omdat die polisie hom soek - maar daar sit hy oorkant my: Ronnie Kasrils, die Skarlaken Pimpernel van die ANC. Nege maande lank al vlug hy voor die polisie.
Ons sit in die Squires Loft in Northcliff ná uitgebreide veiligheidsprosedures om by mekaar uit te kom, en ons kom ooreen dat ons van die "Club" sal praat as ons die ANC bedoel en van die "Party" as ons die Kommuniste Party bedoel - anders kry iemand aan 'n naburige tafel dalk snuf in die neus.
Die eerste indrukke wat 'n mens van Kasrils kry, is dat daar nogal heelwat krag in daardie bonkige liggaam van hom skuil, al is hy 55 jaar oud. Hy is 'n joviale, oop en vriendelike mens wat maklik en lekker gesels. Later skemer 'n bietjie machismo deur - en beslis 'n romantisering van "ondergronds" wees, van revolusionêr wees. Maar aan die ander kant voel dit nie asof jy met 'n soldaat gesels nie.
Kasrils is een van 'n handjievol wit gesigte in die topstruktuur van die ANC en van Umkhonto we Sizwe. Sy Afrikaans is taamlik goed, maar hy is gemakliker in Engels. Hier is 'n geredigeerde weergawe van ons gesprek.

**How does being underground and on the run affect your personal life, your relationships?**

It's been my life since 1960. It is the way I have lived my life ever since I became involved in 1960 - at the time of Sharpville and the banning of the ANC and the Communist Party. I am by now used to living a life of constantly using clandestine techniques.
Going into exile in late 1963 meant that I was never able to establish a normal family life. My wife and adult sons are now in England, where I was serving the movement during my exile. I literally lived in a dozen countries in those years and apart from when I was in England, I have never slept with my wife in the same bed for longer than a week or so.
When I had to go on the run again with the arrest of Mac Maharaj in July, it was as easy as slipping on a different jacket and trousers, it was as easy as putting on a new set of clothing, diving back into the underground.

**Don't you find you have become paranoid?**

No, I have been very lucky, I haven't at all. I have come to look at it as normal. I have been able to develop normally and keep my emotions normal. At first one does exaggerate the threats and see monsters in the suburbs. But, of course, I had other veterans to help me right from the start to handle it in quite a normal way. Certainly not to lapse into a John le Carré-syndrome!
I must say I enjoyed it - I have always enjoyed it. I don't like the normal humdrum office life and never have. I guess it has something do with my natural rebelliousness, which had led me into the struggle.

**Where did you go to school?**

Lovely school, Yeoville Boys Primary. In the late fourties there was a really nice bunch of characters at that school. It was quite a nice suburb in those days, not merely Jewish but also Afrikaans families and, of course, English-speaking families. But all very lower middle-class, even working class. I'm not from an affluent background at all.
It was a really sports-mad, crazy neighbourhood and gave rise to the Hennings and Gary Player and Ali Bacher and those little boys who were running around with cricket bats.
I was not a bad athlete in high That school gave me hell and I gave them hell and I loathed it. A very anti-semitic school. I was pretty good at football, played cricket and a bit of rugby, but really excelled as an athlete. Basically I would say - since I'm showing off now - since the age of five or six I was a natural in every single race that I entered. I could jump high and long, could sprint and could run long-distance and medium. In high school I concentrated on the 880 and the mile.
I guess one of the people who made an important input was my history teacher, a guy called Teddy Gordon, a very liberal guy who later left the country in 1968. In matric we did the French revolution and he talked about the condition of the depressed, dispossessed peasants of France in such a way that I suddenly saw in them the black people of this country. I suddenly switched on - for the first time.
I got a distinction in history and that was quite something for a young boy who had been totally disinterested in studies and who was at that stage only absorbed in sports and smoking and the girls around Yeoville. I actually became very interested in reading history very seriously.

**How did you become an ANC member?**

In my matric years I started developing this empathy. I always had a strong feeling for the underdog - that came from my mother. I started to look around me. Leaving school, what I wanted to do was break the colour bar and I got involved with the King Kong crowd, the sort of multi-racial parties with the Drum reporters. They tended to be a bit hedonistic - drinking, that kind of thing.
That was around 1958 to 1960 and I actually thought that I had resolved my problem. I had broken the colour bar, I was relating to anyone I wanted to in this country and had friends absolutely right accross the range.
But suddenly Sharpeville occurred and that hit me with a shock. I had to do something and I actually took a conscious decision there and then to find the ANC - but I did not know where the hell to find these guys. I had a cousin in Durban who was a member of the Communist Party and through them and the Congress of Democrats I gradually got involved.

Any white person who gets involved in the movement and shows that he is prepared to stick his neck out, finds himself at home in the movement and with the African people.

Of course that is equally true of Afrikaners. During those early days there was Jan Koegelenberg, who died last year in London; there was Bettie du Toit, a real stalwart who is blind now and lives in London. There was Suzanne Cronjé and in 1960 we also had Danie du Plessis, who was a heavyweight in the party. A real working class guy. That is what the Afrikaner comrades brought into party.

I remember one day when I was giving political education to some young comrades. We did not have an interpreter that day and one of the young comrades came to the front to interpret. I started talking about the working class - and he interpreted: "Now listen comrades, julle moet weet die werkersklas is baie powerful..."

I could have kicked them. I said: Are you crazy? You started a rebellion because you did not want to speak Afrikaans and now you are all speaking it. The whole week I've been here I've noticed you actually like to speak the taal. And they said ja sure - but we don't want to be forced to do it.

**Tell us about your military training**

About 500 of us went to the Soviet Union at the beginning of 1964. I was the only white ou and we trained there for one year. For us, going to the Soviet Union then was like going to Mecca or Jerusalem. We had the most wonderful Russian military instructors. I don't think we'll ever again come across instructors or even human beings like that. It was a privilege to be trained by Soviet army veterans. In training they would talk about the war against Hitler, when some had been partisans. Absolutely the salt of the earth. Full of humour, strong, working class people with tremendous compassion but with very firm ideas about discipline. They trained us in military science, guerilla warfare, firearms, artillery, topography, engineering, sabotage, aspects of conspiracy.

We went through a political course which I personally found very useful. I have kept those notes and to this day find them very important as notes of a historical period.

**Were you a convinced communist at that point?**

That is a different question. That goes back to when I started wondering what the hell a Communist was when I was labelled a communist by this government. I was still very young and didn't really know. I got involved in the struggle for no other reason but my sense of justice. The theory came much later. The ideals of communism as aspired to by Marx and Engels appealed to me and I think they're valid to this day. In theory it is the best form of society imaginable - a society without exploitation or injustice, and with equal opportunities for all.

We're at a moment in time where there is a tremendous crisis in the so-called communist countries, the socialist countries. There were tremendous abuses and I believe it stems from a historical period, from the context of the beleaguered Soviet Union of 1920, with the attack by imperialist forces, the attack by Nazi-fascism, a Cold War and so on.

**Why do you only realise these things now? Why were you so silent for so long?**

First of all because we believed exactly what we were told, whether it was in the GDR or the Soviet Union. I think we were also suffering from illusions created by the Cold War and the Communist countries' need to defend themselves at all costs. Those were the kind of distortions that took place. They believed in what they stood for - and of course a lot of what they stood for was correct.

I look at myself and ask: Why were you such a fool? It is like what happens to tourists when they visit a country such as South Africa. They think gee, that was wonderful, we were even shown Soweto and it's a wonderful place. We were visiting socialist countries as VIP's and we saw and heard nothing but what our hosts and the people we dealt with in the party and the army told us.

Towards 1976, I began to question some of them and was beginning to think they were insincere, but the majority of people on that level were very genuine, kind of warm-hearted.

**It is said the Communist Party has a secret agenda with your different phases of revolution...**

There is no double agenda whatsoever. Vula was not a double agenda either. The question of keeping an underground in place is no double agenda. Vula, for instance, was started in 1987.

**Tell us about Vula**

Vula was a specialised project within the context of the ANC's attempt from 1960 until 1990 to establish itself inside this country when it was outlawed.

We had a lot of problems because we were far from the country. We didn't have senior people in place. By 1986 it was clear that if we were going to advance and build and underground, we needed more experienced people in this country. The cadres coming in could not survive - the rate of casualties was extremely high.

By 1987 a decision had been taken by Oliver Tambo through the NEC that secret work had to be done in a certain way, everybody couldn't know about it. Tambo, Slovo and Nzo assigned a small group to work on this specialised project and this what Vula was.

Maharaj came in, as did a senior MK-commander. On Boxing Day 1988 Tambo called me to his office and said there had been a request for me to go in and explained the project.

It was only a year later that I came in to join the guys, in early 1990. Of course then we had FW's speech and we could not be to sure how things would go. It was only in May 1990 with Groote Schuur that some agreement was made and the leadership felt we must continue, remain in place.

We remained in place until Groote Schuur and in May indemnities were given by De Klerk. The leadership told me and Maharaj to withdraw. I left the country, did a twenty thousand kilometer round trip and came back a week later. The collapse of the Vula case proves that there is nothing they can hold against me. The continuation of my being in the underground has largely been to evade capture and having to go through Section 29. They wanted me for the same reason they wanted Maharaj. They should never have arrested him.

**Mac is now a free man - why would they still want you? Is it a question of honour?**

I think it's pride. It's just bloody pride.

**On both sides?**

Why on both sides?

**A feeling of pride that they can't catch you?**

Hmm. I'm very pleased and proud that they haven't been able to capture me - but it's not a false, superficial pride because I know it can easily happen. In this kind of situation it's a battle of wits. If you can prove that it is possible to survive against authority, you show to the downtrodden that it is not inevitable.

**What about the allegations that you are part of a group of radicals undermining the ANC's negotiation team?**

I have always had a good relationship with people like Thabo Mbeki and Aziz Pahad. My wife spent much time with Aziz when his wife died in London recently. And I have a very close and ongoing relationship with Madiba and leaders such as Joe Slovo, Walter Sisulu and Nkobi.

What the ANC needs is an analysis of the present situation, and that will have to be discussed in June. We're not a Stalinist party. We just want to see a healthy debate and participation in it from all levels.

The allegation that I have referred in a negative way to certain leaders in private conversations is absolutely false. I know of no group that has been ganging up against any other group in the ANC. That is not a correct assessment at present.

Of course there are questions being asked on grassroots level. At the December conference these questions were also asked on leadership level. It is healthy.

I'm sure all of us feel the leadership could be doing better. That doesn't mean there is a difference in approach. It is part of a healthy debate, not a question of one group against another. If we didn't alllow this kind of thing, we would be another Albanian Communist party, another Stalinist grouping. VW

# ter suide

"Die aandrang op 'n apologie en vergifnis is eerder 'n struikelblok op die pad na nasionale versoening as 'n katalisator daarvoor."
Dis mos Staatspresident FW de Klerk wat hier praat, of hoe?
Nee. Aan die woord is die voormalige Chileense diktator, genl Augusto Pinochet. Hy het verlede week die verslag van die Kommissie vir Waarheid en Versoening in Chili, wat die dood van 2 279 opponente van die Pinochet-regime ondersoek het, as "dramaties en emosioneel" verwerp en gesê sy regering en die weermag het niks om voor verskoning te vra nie. Klink bekend.

***

Die wiel het waaragtig gedraai as die SAUK in 'n Agenda-program vir Idasa as 'n wonderlike, brugbouende instelling kan voorhou soos laas Sondag gebeur het.
Dieselfde Idasa was tot onlangs nog "ANC-kruipers" en "useful idiots". Dis seker vordering, of hoe?

***

President Saddam Hoesein het 19 miljoen dollar van sy land se olie-inkomste gesteel en dié geld is nou in geheime buitelandse rekeninge, sê een van Irak se gewese kabinetsministers dié week. "As ons moet padgee, sal ons sorg dat die regering wat ons opvolg, niks anders as puin erf nie," het Saddam glo aan sy oud-kollega gesê wat elf jaar lank saam met hom regeer het.
Dié brokkie, saam met die nuus van Saddam se terreur en onmenslikheid in Koeweit tydens die Golf-oorlog, moet dalk koue water wees op dié Moslem-heethoofde in Suid-Afrika wat Saddam so militant gesteun het toe die oorlog uitgebreek het. Dit moet nou duidelik wees: Saddam is nou nie juis 'n voorbeeld van 'n toegewyde Moslem nie.

***

Hier is nou 'n oorwinning vir vroueregte wat regtig saak maak en gerus ook maar hier kan posvat: Die staat Texas het besluit dat daar by elke openbare gerief twee keer soveel vrouetoilette moet wees as manstoilette, want vroue moet altyd in lang toue staan terwyl mans almal op 'n ry teen 'n krip kan staan.
Die besluit is geneem in reaksie op die hofsaak teen Denise Wells, wat daarvan aangekla is dat sy 'n manstoilet gebruik het. Sy was in nood en die manstoilet was beskikbaar, terwyl daar 'n lang tou voor die vrouetoilet was, was haar verweer.

***

Terwyl hulle mekaar omhels het, het Nelson Mandela en Mangosuthu Buthelezi mekaar ewe intiem op hul stamname genoem: Madiba en Shenge. En in hul verklarings het hulle mekaar albei "Doktor" genoem, terwyl albei bloot ere-doktorsgrade het.
Dis mooi en roerend. Net jammer hul ontmoeting was 'n dramatiese mislukking en hul ondersteuners moor mekaar nog onverpoos uit.
Daar is 'n ou Cowboy-gesegde wat lui: Talk is cheap, but money buys the whisky.

***

'n Bietjie erger as die SAW wat ná die Slag van Cuito Canavale breëbors teruggekom en vertel het hoe hulle gewen het: Die leuse op Irak se nuwe 5- en 10-dinar-muntstukke lui "Die oorwinning is ons s'n."

***

"Johannesburg needs trees, not offices," lui die graffiti aan die mure by 'n groot gat in Braamfontein waar 'n nuwe kantoorblok opgerig word. "Try working in a fucking tree," was die meer sobere antwoord wat iemand onderaan gespuitverf het.

***

Subtiliteit en beskeidenheid was nog nooit groot Suid-Afrikaanse karaktertrekke nie. Ná haar oorwinning en nuwe SA-rekord in die 800m Maandagaand, antwoord Zelda Pretorius op 'n vraag van die TV-kommentator of sy teleurgesteld was met Zola Budd-Pieterse se derde plek: "Ek was verbaas dat sy so ver agter my was. Maar elke mens het maar sy potensiaal en Zola het goed gevaar."
Sjoe!

***

'n Nuwe Amerikaanse studie het bevind dat mans se breine twee tot drie keer vinniger agteruitgaan as vroue s'n. Dalk omdat hulle dit minder gebruik?
Die studie bevind dat dit veral waar is van die linkerbrein, wat spraak beheer. Beslis omdat hulle dit minder gebruik...

***

En daar voel die arme PW Botha nou seergemaak omdat die SAL hom nie na 'n deftige geleentheid by die Lughawe PW Botha op George genooi het nie. Daar is net een les hierin: al die dorpe, lughawens, torings, stasies en geboue wat die name van gediskrediteerde politici - nee, sommer alle politici - dra, moet nou verander word. Soos Verwoerdburg, die Lughawe HF Verwoerd by Port Elizabeth, die HF Verwoerd-hospitaal in Pretoria, die JG Strijdom-hospitaal in Johannesburg en die Lughawe DF Malan in Kaapstad. Dan is daar natuurlik nog John Vorsterplein, die polisie se hoofkantoor in Johannesburg. Maar miskien moet dié naam maar bly. Of verander word na Jimmy Kruger-plein. Net voor dit Chris Hani-plein word?

***


Die rooiste gesig (sy nek was voor die tyd al rooi) in Suid-Afrika dié week is die assistent-redakteur van die Natal Witness, Martin Williams. Hy het vir Radio Port Natal se Aprilgek-storie geval dat al Natal se renosters uitgevoer gaan word. En toe skryf hy 'n skerp en verontwaardigde hoofartikel daaroor.

***

'n Bophuthatswana-diplomaat vertel hy was eendag vinnig op pad na 'n belangrike vergadering in Pretoria toe 'n verkeersman hom vir spoed voorkeur. Hy verduidelik toe hy het 'n belangrike vergadering en, in elk geval, hy het diplomatieke immuniteit en die man moet hom los.
"Nou van watter land is jy 'n diplomaat," vra die verkeersman. Toe hy hoor Bop, sê hy: "O, so jy is een van ons kaffers," en begin skryf aan die kaartjie.
Partykeer word groot waarhede op so 'n basiese manier gestel.

# POLISIE-GEWELD

## *geïsoleerde gevalle of 'n kultuur van brutaliteit?*



DIE VIDEO WAT DIE WÊRELD GESKOK HET: RODNEY KING WORD DEUR POLISIEMANNE VAN LOS ANGELES GESKOP EN GESLAAN (FOTO: AFP)

DIE WREDE AANRANDING DEUR POLISIEMANNE VAN LOS ANGELES OP 'N SWART MOTORIS WAARVAN 'N SENSASIONELE VIDEO-OPNAME DWARSOOR DIE WÊRELD VERTOON IS, HET DIE AMERIKAANSE PUBLIEK IN OPSTAND GEBRING TEEN POLISIE-BRUTALITEIT. IN SUID-AFRIKA LYK DIT EGTER OF POLISIE-AANRANDINGS OP MENSE WAT IN HEGTENIS GENEEM OF AANGEHOU WORD, 'N ALGEMENE VERSKYNSEL IS, HOEWEL DIE POLISIE BYNA ELKE GEVAL AFMAAK AS 'N "GEÏSOLEERDE GEVAL". **PEARLIE JOUBERT** HET GAAN NAVRAAG DOEN OOR HOE GROOT DIE PROBLEEM IS EN WAT DAARAAN GEDOEN WORD

Regslui en menseregte-organisasies sê agt uit elke tien mense wat deur die Suid-Afrikaanse Polisie in hegtenis geneem of aangehou word, word op die een of ander manier aangerand.

In die sestigerjare is twintig mense in aanhouding dood, en tussen 1970 en 1985 nog 61 mense.

Hoewel aanranding deur polisiemanne op aangehoudenes 'n universele verskynsel is, is die syfers in Suid-Afrika heelwat hoër as dié in Westerse demokrasieë, veral die aantal sterftes in aanhouding. (In die res van Afrika, waar die probleem waarskynlik heelwat erger is as in Suid-Afrika, is daar byna geen statistiek beskikbaar nie.)

In Suid-Afrika maak aanranding op 'n aangehoudene of 'n sterfte in aanhouding net opslae as die slagoffer bekend is, soos wat die geval was met Steve Biko, wat op 12 September 1977 ná herhaaldelike aanranding deur polisiemanne gesterf het.

Volgens Don Foster, Dennis Davis en Diane Sandler in hul studie *Detention and Torture in South Africa* is sowat 83 persent van alle aangehoudenes wat in die tydperk 1982 - 1986 aangehou is, deur die Suid-Afrikaanse Polisie aangerand.

Waar howe bevind het dat aangehoudenes wel beseer of gedood is weens optrede deur lede van die mag, het die polisie nog altyd gesê dit is "geïsoleerde gevalle".

Prokureurs en menseregte-organisasies meen die prentjie het nog nie verander nie. Hulle sê daar is selfs aanduidings dat voorvalle van aanranding tydens aanhouding besig is om toe te neem.

Regslui vir Menseregte het onlangs beweer daar was 'n "besliste toename" in polisie-brutaliteit sedert Staatspresident FW de Klerk se toespraak op 2 Februarie verlede jaar. 'n Woordvoerder, Ahmed Motala, sê dié organisasie het net in die eerste week van vanjaar sewe klagtes ontvang oor mense wat deur die polisie gemartel of doodgemaak is.

In 'n verslag wat deur Regslui vir Menseregte opgestel is, word die name van 15 jeugdiges genoem wat tussen 17 Januarie 1990 en 21 Februarie 1991 net in die Carletonville-gebied weens polisieoptrede dood is. Twee van dié kinders is in die Welverdiend-polisiekantoor tydens aanhouding dood.

"Aanranding deur die polisie is 'n wyd verspreide probleem in Suid-Afrika - en sal nie verdwyn of verminder indien die polisie alles altyd ontken nie," sê die Johannesburgse menseregte-prokureur Richard Spoor.

In die boek *The Blue Man's Burden: Policing the Police in South Africa* deur prof Don Foster word geskat dat daar jaarliks tussen 200 en 250 sake van aanranding teen die polisie aanhangig gemaak word. Amptelike statistieke wys dat net tien persent van alle polisiemanne wat deur 'n hof aan geweldsmisdade (soos aanranding) skuldig bevind word, uit die mag geskors word.

In dié boek word ook gesê dat "verskeie" lede van die mag wat deur die jare heen aan aanranding en/of marteling skuldig bevind is, sedertdien bevorder is.

Regslui voer verskeie redes aan waarom dié hoë syfers van aanranding tydens aanhouding nie landwye protes - soos onlangs in Amerika die geval was - uitlok nie.

Die Polisiewet (Wet 7 van 1958) maak dit baie moeilik om enige aantygings teen die polisie te publiseer omdat die onus by die skrywer (van die artikel) berus om redelike gronde te bewys waarom hy/sy geglo het dat die aantygings waar is. Maar weens die aard en die kultuur van die polisie is dit gewoonlik baie moeilik om aantygings teen die polisie te bewys.

'n Johannesburgse prokureur met heelwat ervaring in dié soort sake, Nicholas Haysom, meen: "Die polisie-kultuur en organisasie, die afwesigheid van openbare aanspreeklikheid, van gesentraliseerde opleiding en standaarde maak dit moeilik om aanklagtes van aanranding teen die polisie te bevestig."

Hoewel die minister van Wet en Orde op 24 November 1982 'n verklaring uitgereik het waarin die marteling van aangehoudenes verbied word, is 24 mense in die drie jaar daarna (tot 17 November 1985) in aanhouding dood.

Die minister se verklaring (Staatskoerant 8467 van 3 Desember 1982) lui: "'n Aangehoudene sal te alle tye menslik hanteer word met inagneming van die reëls van ordentlikheid en sal op geen wyse aangerand of sleg behandel word of onderwerp word aan enige mishandeling, onmenslike of vernederende behandeling nie."

Foster het die ervaringe van 175 aangehoudenes ondersoek. Uit dié 175 gevalle-studies het 88 persent gesê hulle is fisiek aangerand; 49,7 persent het elektriese skokke ontvang; 16 persent het brandwonde opgedoen; 25 persent is gemartel deurdat sakke oor hul koppe getrek is; 33 persent se geslagsdele is aangerand; 61 persent is aangerand met stokke en knuppels; 34 persent is seksueel aangerand; 15 persent is verkrag en 14 persent verwurg.

Polisie-brutaliteit is 'n probleem waarmee byna elke land met 'n polisiemag worstel. Wyle prof Barend van Niekerk het in *The police in Apartheid Society* geskryf dat wangedrag deur die Suid-Afrikaanse veiligheidsmagte egter anders is as in ander lande: "Daar bestaan die moontlikheid dat wangedrag (deur die polisie) gemik is op een bepaalde ras... Die ander aspek is die ontstellende graad van amptelike onverskilligheid ("indifference") van die polisie oor aanranding."

Die Zuid-Afrikaansche Republiek Politie (die eerste formele organisasie van die Transvaalse polisie) van 1895 word as 'n Boere-kommando beskryf wat opgetree het teen "inheemse gemeenskappe en swart immigrante" om die oppergesag van Boere-gebruike, -waardes, -instellings en -eiendom te beskerm.

Regslui meen dat die meeste Suid-Afrikaners vandag nog die polisie só sien: 'n mag wat Afrikaner-regte beskerm.

Ná kritiek op die optrede van lede van die Brixtonse Moord- en Roofeenheid wat in die parlement uitgespreek is, het die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, gesê dié kritiek is deel van 'n "georganiseerde poging" om die "effektiwiteit van dié eenheid te ondermyn".

Vlok se uitlating het gevolg op 'n uitspraak deur 'n Pretoriase regter in Augustus 1989 waarin bevind is dat lede van dié eenheid aangehoudenes gemartel en aangerand het.

Die regter, E Bertelsmann, het in sy uitspraak tydens 'n roofsaak bevind dat die een beskuldige aangerand en die ander een onder dwang sy bekentenis gemaak het aan lede van dié eenheid. "Dit sou 'n kwade dag wees indien ons howe 'n growwe vergryp van dié aard nie ernstig sou aanspreek nie. Daar behoort ten minste dissiplinêre stappe gedoen te word (teen die polisie)," het die regter in sy uitspraak gesê.

VW

# WAT SUID-AFRIKA NET SO NODIG HET AS MANNEKRAG.

# VROUEKRAG.

IN SUID-AFRIKA WORD DAAR ELKE 26 SEKONDES 'N BABA GEBORE. TEEN HIERDIE TEMPO GAAN DIE LAND BINNE EEN GESLAG 'N BEVOLKING VAN 80 MILJOEN HÊ EN SAL DIE BEVOLKING STEEDS GROEI. DUISENDE VAN HIERDIE MENSE SAL STERWEND VAN DIE HONGER EN ALLERHANDE SIEKTES, ONDER SWAAR ARMOEDE GEBUK GAAN NAMATE DIE LAND EN SY HULPBRONNE NET NIE DIE ONDRAAGLIKE MENSELAS KAN DRA NIE. OM DIE PROBLEEM EERS OOR EEN GESLAG TE WIL OPLOS, SAL NET MOOI EEN GESLAG TE LAAT WEES. WANT DIT IS 'N GEVAL VAN NOU OF NOOIT. ONS HET NÓÚ DIE GELEENTHEID OM IETS DAARAAN TE DOEN. MET UNIEKE KRAG. VROUEKRAG. VROUE WAT ANDER VROUE LAAT BESEF DAT HULLE DEUR 'N KLEINER GESIN HUL KINDERS 'N BETER KANS OP OORLEWING EN 'N BETER LEWE KAN GEE. VROUE WAT ANDER VROUE BEWUS MAAK VAN HOE ONONTBEERLIK ONDERWYS EN OPLEIDING VIR HUL KINDERS IS OM TOT PRODUKTIEWE, GELUKKIGE VOLWASSENES OP TE GROEI. VROUE WAT ANDER VROUE LEER LEES EN SKRYF SODAT HULLE OOK DIE VOORSPOED EN SELFRESPEK KAN ERVAAR WAT GELETTERDHEID MEEBRING. VROUE WAT ANDER VROUE NUWE VAARDIGHEDE HELP AANLEER WAT HUL GESINSLEWE KAN VERBETER EN EKONOMIESE MOONTLIKHEDE KAN SKEP WAT VOORHEEN ONMOONTLIK WAS. VROUE WAT ANDER VROUE INLIG OOR DIE NOODSAAKLIKHEID VAN GESONDHEID EN OOR DIE GESONDHEIDSFASILITEITE WAT TOT HULLE BESKIKKING IS. MET ANDER WOORDE, VROUE WAT ANDER VROUE HELP OM SUID-AFRIKA TE HELP. VROUE WAT HULLE KRAGTE INSPAN OM 'N BETER MÔRE TE VERSEKER. VIR HUL KINDERS EN HUL KINDSKINDERS. AS JY OOR DIE VASBERADENHEID BESKIK WAT NODIG IS OM DAADWERKLIK BY ONS VROUE-VIR-VROUEVELDTOG BETROKKE TE RAAK EN MEER BESONDERHEDE VERLANG, SKRYF AAN: VROUEAANGELEENTHEDE, BEVOLKINGSONTWIKKELING, PRIVAATSAK X828, PRETORIA, 0001.

BOP
BEVOLKINGSONTWIKKELINGSPROGRAM

VROUE HELP VROUE OM HULSELF TE HELP.



KLERCK & WHITE · A SAATCHI & SAATCHI AGENCY/19128

# WAARHEEN IS DIE REUSE VAN DIE OU TYD?

**DINOSOURUSSE HET DIE DIERERYK 140 MILJOEN JAAR LANK OORHEERS. TOE VERDWYN HULLE 65 MILJOEN JAAR GELEDE SKIELIK VAN DIE AARDBOL. DIT WAS EEN VAN DIE 12 MASSA-UITSTERWINGS WAT DIE WÊRELD AL BELEEF HET SEDERT DIE BEGIN VAN DIE FOSSIEL-NEERSLAE VAN DIERE 800 MILJOEN JAAR GELEDE. DAAR IS VANDAG NOG TALLE RAAISELS OOR DIE DINOSOURUSSE. WAAROM HET HULLE DIE DIERERYK OORHEERS? HOE HET HULLE GELYK? EN WAAROM HET HULLE VERDWYN? CHRISTELLE DE JAGER STEL ONDERSOEK IN.**

Sowat 65 miljoen jaar gelede het die dinosourus - 140 miljoen jaar lank die koning van die diere - van die aardbol verdwyn, saam met sowat 60 tot 80 persent van die ander destydse dierespesies.

Tot dié tydstip het dinosourusse die wêreld oorheers. Ander diere, selfs die reeds doeltreffend aangepaste soogdiere, moes in hul skadu lewe.

Daar was 'n groot verskeidenheid dinosourus-spesies - 500 is al deur paleontoloë ontdek. Die gediertes het gewissel van die grootte van 'n kuiken tot reuse wat vandag 'n drieverdieping-gebou sou oorskadu.

Die eerste dinosourusse het sowat 220 miljoen jaar gelede in die Trias begin verskyn. Die Trias het gevolg op die Perm, wat 240 miljoen jaar gelede afgesluit is deur die grootste massa-uitsterwing van alle tye.

Sowat 96 persent van alle spesies het verdwyn in dié massa-uitsterwing in die vleiagtige Permiese wêreld, wat oorheers is deur soogdieragtige reptiele en waar insekte en varkagtige amfibieë ook volop was.

Dit is nog nie bekend wat die massa-uitsterwing veroorsaak het nie, maar die meeste wetenskaplikes meen dit het gebeur weens die verandering in klimaat en seevlakke toe Pangaea, die kolossale wêreldvasteland, in die Perm deur die beweging van aardlae gevorm is.

Ná die Permiese uitsterwing het die evolusie in die Trias gou nuwe soogdieragtige reptiele opgelewer, asook baie ander nuwe diere. Seemonsters genaamd igtiosourusse het verskyn, asook krokodille in die vleie. Vlieënde pterosourusse het in getalle toegeneem - en die eerste dinosourusse het verskyn.

Dié eerste dinosourusse was baie vinnig en klein. Dikwels was hulle tweebenig, amper soos groot fisante aan die hardloop. Die meeste dinosourusse het 'n vinnige metabolisme ontwikkel. Party was miskien met dons bedek, en later vere.

Ondanks die uitstekende oorlewingseienskappe wat hulle ontwikkel het, het die dinosourusse 'n ruk op die agtergrond gebly.

Maar met die aanbreek van die Jura 200 miljoen jaar gelede het hulle ná nog 'n massa-uitsterwing van diere die wêreld ingeneem.

Hulle sou seëvier tot omtrent 65 miljoen jaar gelede - toe hulle in die oorgang tussen die geologiese tydperke die Kryt en die Tersiêr heeltemal verdwyn het. (Wetenskaplikes noem dié tydperk die K-T grens).

In die Jura het die kolossale brontosourus oor die rivierpleine beweeg, en die blare van hoë naaldbome gevreet. Die trekkergrootte stegosourus - wat altyd op sy hoede moes wees vir die groot vleisvreter allosourus - het saam beweeg.

Die vleimonster bragiosourus het in die laat-Jura gelewe. Dit was die grootste landdier van alle tye: so hoog soos 'n drieverdieping-gebou en met 'n gewig van 85 tot 90 ton. Dié gedierte moes in die vleie bly sodat die water sy liggaam kon ondersteun. Hy was blykbaar 'n stadige, dom dier met 'n stadige metabolisme. Dié dier het met minder breinkrag per kilogram liggaamsmassa gelewe as enige ander werweldier in die geskiedenis.

Al dié monsters het saam met talle ander kleiner dinosourusse en seediere verdwyn in nóg 'n massa-uitsterwing aan die einde van die Jura.

'n Nuwe geslag gesnawelde dinosourusse wat die blare van lae bome gevreet het, het begin voorkom - en die dinosouruslewe het weer sterk opgebloei in die lang, warm jare van die daaropvolgende Kryt.

Toe, sowat 90 miljoen jaar gelede in die middel van die Kryt, het nog 'n massa-uitsterwing die wêreld getref. Talle dinosourus-spesies het verdwyn - die begin van die einde vir dié meestal reusagtige diere.

'n Verrassende rede vir dié uitsterwing word deur sommige wetenskaplikes genoem - blomme. Omtrent dié tyd het blom- en vrugtedraende bome, bekend as angiosperms of bedeksadiges, vinnig oor die aarde versprei.

Robert Bakker, 'n omstrede dinosourus-kenner aan die Universiteit van Kolorado, meen dat die nuwe geslag Kryt-dinosourusse, wat die blare van lae bome geëet het, die wêreld in 'n groot blommeveld begin verander het. Oorbeweiding deur die dinosourusse het talle laag-groeiende plante met uitsterwing bedreig, behalwe die angiosperms. Die uitstekende voortplanting van die angiosperms het verseker dat hulle die dinosourusse se reuse-aptyt oorlewe.

Maar Bakker sê die oomame van angiosperms in die plantewêreld moet 'n groot impak op die dinosourusse se dieet gehad het en meen dit kan verband hou met hul uitsterwing in die middel-Kryt.

Daarna het nuwe dinosourusse ontwikkel. In die laat-Kryt het eendbek-dinosourusse in die vleie en woude rondgedwaal. Op die oop vlaktes, veral in Noord-Amerika, het groot troppe renosteragtige triseratops aan die nuwe plantegroei gesmul. Die "koning" van dié wêreld was die berugte vleisvreter tirannosourus rex.

Minstens 30 genusse dinosourusse - moontlik 100 spesies - het die aarde bewoon in die laaste 10 miljoen jaar van die Kryt.

Sommige spesialiste meen die meeste het oorleef tot die K-T grens. Ander sê weer dat almal buiten 13 genusse uitgesterf het lank voor die Kryt geëindig het.

Dinosourusse, en die massiewe vlieënde pterosourusse, was van die min land-gebaseerde diere wat aan die einde van die Kryt 65 miljoen jaar gelede uitgesterf het. Seeskilpaaie, krokodille, akkedisse en die meeste soogdiere het oorlewe. Die soogdiere het inderdaad in die tydperk daarna vinnig ontwikkel en die nuwe heersers van die diereryk geword.

Die seelewe is swaar getref. Die meeste plankton het uitgesterf - net een planktonfamilie, die foraminefera, het oorleef. Alle seereptiele het verdwyn, asook die ammonoïede, spiraalvormige seediere wat tevore vier groot uitsterwings oorleef het.

Maar wat het gebeur? Waarom het soveel diere so skielik uitgesterf?

Die konsep van massa-uitsterwings het die wetenskaplike wêreld in die tagtigerjare soos 'n bom getref. Sedert die begin van die fossiel-neerslae 800 miljoen jaar gelede was daar al twaalf massa-uitsterwings, waarvan vyf enorm in omvang was.

Paleontoloë het lankal besef dat groot getalle spesies dikwels gelyktydig uit die fossiel-neerslae verdwyn het. Dié uitsterwings het gewoonlik die afsluiting van 'n geologiese tydperk aangedui, maar die redes het duister gebly.

'n Deurbraak is egter in 1978 gemaak toe 'n span navorsers van die Universiteit van Kalifornië 'n ryk neerslag van die element iridium in 'n dun, 66 miljoen jaar oue rotslaag in Gubbio, Italië, ontdek het. Die iridium-ryk klei lê reg op die K-T grens toe die dinosourusse verdwyn het.

Omdat iridium skaars is op aarde maar algemeen in meteoriete, het dié wetenskaplikes gemeen dat die aarde getref is deur 'n asteroïde met 'n deursnee van 10km.

Dié teorie is eers as revolusionêr en hoogs omstrede beskou deur wetenskaplikes, maar is sedertdien deur baie ander navorsing ondersteun.

Die meeste wetenskaplikes stem nou saam dat minstens een groot buite-aardse voorwerp die aarde getref het omtrent die tyd dat die dinosourusse uitgesterf het.



Verskeie wetenskaplikes weier egter nog steeds om te aanvaar dat dergelike rampe die groot massa-uitsterwings veroorsaak het. Hulle sê massa-uitsterwings kan maklik verklaar word deur aardse oorsake soos dalende seevlakke, ystydperke, die botsing van vastelande, vulkaniese uitbarstings, klimaatsveranderinge en die agteruitgang van ekosisteme.

Volgens dié wetenskaplikes het soogdiere die K-T uitsterwing oorleef omdat hulle kleiner was en hulle meer doeltreffend aangepas het by die moeilike toestande. Daar was ook baie meer van hulle en hulle het dalk soveel kos verorber dat daar nie genoeg oorgebly het vir die laaste dinosourusse met hulle massiewe liggame nie.

Die volgelinge van die impak-teorie sê egter dat al dié omgewingsfaktore ook veroorsaak kon gewees het deur die impak van 'n buite-aardse voorwerp soos 'n asteroïde. Die impak-scenario lyk min of meer so:

'n Groot meteoriet of asteroïde tref die aarde, en die hele planeet slaan aan die brand. Dit is soos 'n reusagtige kernbom-ontploffing, waarin sterk winde en hitte alles binne honderde kilometer vernietig. Vulkane bars uit, massiewe branders tref die kus, die lug word donker - miskien jare lank - weens water en rotse wat in die atmosfeer geskiet word en 'n massiewe stofwolk vorm.

Wetenskaplikes bespreek nog die langtermyn-effekte van só 'n impak. Die meeste stem saam dat 'n sterk suurreën sou volg wat 'n tyd van donkerte en koue sou veroorsaak. Ander sien weer 'n kweekhuiseffek, veral as die voorwerp die oseaan getref het, en die atmosfeer met groot hoeveelhede koolstofdioksied gevul het.

Miskien nog meer omstrede as die impak-teorie is die teorie dat die uitsterwings gereeld gebeur. Twee wetenskaplikes van die Universiteit van Chicago het fossiel-neerslae bestudeer en 'n patroon ontdek. Hulle sien pieke van uitsterwing omtrent elke 26 miljoen jaar, wat op 'n kosmiese oorsaak van uitsterwings kan dui.

Die wetenskaplikes stel voor dat iets op 'n gereelde grondslag die digte wolk van komete om die buitewyke van die sonnestelsel versteur en komete aarde toe stuur. Dit kan 'n verbygaande ster, 'n onbekende planeet of selfs die beweging van die sonnestelsel deur die Melkweg wees.

Die stapsgewyse aard van K-T uitsterwings kan verduidelik word deur dié teorie van 'n storting van komete deur miljoene jare heen, in plaas van net één groot impak. (Miljoene jare is in geologiese tyd nog steeds 'n "skielike" verdwyning.)

Dr Mike Raath, Suid-Afrika se voorste dinosourus-kenner, sê die mees algemeen ondersteunde teorie op die oomblik is die impak-teorie. Dit het egter baie leemtes en verduidelik baie dinge nie.


Raath steun 'n kombinasie van die impak-teorie en die teorie van wêreldwye vulkaniese aktiwiteit. Dit is waar dat een van die grootste uitbarstings van lawa wat die wêreld nog getref het, teen die tyd van die K-T grens plaasgevind het.

"Die meeste wetenskaplikes steun nou 'n teorie wat aardse en buite-aardse oorsake kombineer, maar wat gegrond is op 'n impak-teorie," sê dr Raath.

Hy sê dit begin nou vir die eerste keer lyk asof wetenskaplikes eendag wel 'n oplossing vir die raaisel van die uitsterwing van die dinosourusse sal vind.

"Dit gaan nie volgende maand of miskien selfs in my leeftyd gebeur nie - maar ons is nou op die regte pad, en daar gaan 'n antwoord kom. Eendag sal ons weet waarom die dinosourusse 65 miljoen jaar gelede verdwyn het."

VW








## DINOSOURUSSE WAS VOLOP IN SUID-AFRIKA

Suid-Afrika is 'n fossielparadys vir paleontoloë en voorbeelde van die vroegste dinosourusse, wat tussen 210 en 190 miljoen jaar gelede ontstaan het, is veral volop in die Noordoos-Vrystaat.

Die land se voorste dinosourus-kenner, dr Mike Raath, noem die Golden Gate Nasionale Park gebied - waar daar volop fossiele van sowel dinosourusse as die vroegste soogdiere is - 'n "skatkamer vir paleontoloë".

Dit is by Golden Gate dat een van die opwindendste wetenskaplike ontdekkings in die navorsing oor dinosourusse gemaak is. In 1978 het prof James Kitching 'n groot broeisel dinosourus-eiers daar ontdek.

Party is al uitgebroei, maar ander bevat nog die embrio's van die inwoners van Golden Gate sowat 200 miljoen jaar gelede. Raath sê dit is nog nie bekend tot presies watter dinosourusspesie die eiers behoort nie. Baie meer navorsing is nodig voor dit bepaal kan word, en om verskeie praktiese redes is navorsing oor die eiers nog nie ver gevorder nie.

Wat wel bekend is, is dat die eiers van een van die oudste dinosourusse kom, en dat hulle van die oudste werweldiereiers is wat al deur wetenskaplikes gevind is. Raath glo die eiers gaan ons nog baie leer.

Twee hoofgroepe vroeë dinosourusse was teen 200 miljoen jaar gelede in Suider-Afrika volop. Hulle het nie die bekende groot dinosourusse ingesluit nie, maar die twee groepe was die voorgangers van baie ander spesies.

Die een groep het 'n bekkenbeen soortgelyk aan 'n voël gehad en was plantetend, en die ander was meer akkedisagtig en òf plantetend òf vleisetend.

Die omgewing waarin die diere gelewe het, was droog en woestynagtig, met groen oases waar hulle kon eet en drink.

Die twee mees algemene sourus-spesies - dié wat op vier pote geloop het - was die agt tot nege meter lange euskelosourus, en die kleiner massospondilus.

Verder was daar die kleiner, vleisetende sintarsus, wat eers in die vroeë sewentigerjare deur Raath in Zimbabwe ontdek is - met sy laaste maaltyd, 'n akkedis, nog in sy mond.

Dié dinosourus was omtrent so groot soos 'n sekretarisvoël, het baie na dié voël gelyk, en het waarskynlik in klein troppe op twee pote beweeg en gejag.

Sedertdien is fossiele van dié dier ook in Suid-Afrika en in Arizona in die VSA gevind.

Voorbeelde van dié groter dinosourusse en van latere spesies is ook in Suider-Afrika gevind. Een van die grotes wat al gevind is - 'n soort brontosourus - is naby die Sondagsrivier in die Oos-Kaap ontdek.

Dié dinosourus, 'n algoasourus, het tot omtrent 100 miljoen jaar gelede oorleef, en word nou herkonstrueer.

Die oorblyfsels van 'n reuse-bragiosourus, die grootste dinosourus, is ook al in KwaZulu gevind. Die fossielneerslae van dinosourusse hou teen omtrent 100 miljoen jaar gelede in Suid-Afrika op, maar Raath glo daar is nog latere spesies hier - hulle is nog net nie ontdek nie. VW

ELMARIE BUITENBACH SKRYF OOR DIE WEEK SE TV

# DIESELFDE ONDERWERP, TWEE VERSKILLENDE HOEKE

Buiten sport is musiek seker die enkele plaaslike platform waarop M-Net telkens met die SAUK kragte meet. En sedert die dag van die "alternatiewe" Houtstok-musiekfees in Boere-Pretoria was dit duidelik: méér uiteenlopend kan die onderskeie TV-netwerke se benaderings nie wees nie.

Die SAUK ondersteun die ATKV se liedjieskryfwedstryd (" 'n Ander deuntjie", wat Woensdagaand om 8:35nm op TV1 vertoon word), reël "Debuut" (waarvan 'n derde reeks Saterdagaand om 6:20nm op TV1 begin), maak profiele oor Marié du Toit, Johan Stemmet, Carike Keuzenkamp en Rina Hugo, en bekyk die geskiedenis van die Afrikaanse volksliedjie in Pieter W Grobbelaar se "Dit kom van ver af" (Woensdagaande om 10:20nm op TV1).

Die betaalkanaal, daarenteen, het die Houtstok-musiekfees opgeneem, gee ons 'n program soos "Tafelbaai Boeghie", waarin almal van Anneli van Rooyen tot Johannes Kerkorrel en Anton Goosen se Kommissie van Ondersoek saamgegooi is, maak 'n profiel oor David Kramer, en bekyk die werk van Suid-Afrika se swart musiekmakers in 'n nuwe reeks, "African Wave", wat Donderdagaand (8nm) begin.

Dit is seker 'n kwessie van smaak verskil. Nietemin is dit interessant om te sien in watter mate dié verskille in musieksmaak ooreenstem met die beeld wat die onderskeie TV-kanale onwillekeurig by die kyker oproep. Die SAUK: oor-versigtig en weens sy grootte en burokrasie telkens 'n paar treë agter die mode; M-Net: jonk, honger, en altyd reg om 'n ietwat omstrede onderwerp aan te pak.

Insiggewend ook dat dit eerder M-Net is wat met sy plaaslike musiekprogramme sy visier op die Nuwe Suid-Afrika het as die SAUK met sy sterk politieke konnotasies. Ons moet nog 'n profiel van 'n swart kunstenaar op TV1 sien. Selfs mense soos Yvonne Chaka Chaka of Ladysmith Black Mambazo, wat al donkiejare sing en trouens oorsee meer bekend is as hier, was nog nooit 'n TV1-profiel werd nie.

Maar die gebrek aan verskeidenheid in TV1 se musiekprogramme beteken nie dit wat uitgesaai word, is sleg nie. Inteendeel. 'n Program soos "Dit kom van ver af" is deksels prikkelend en geen wonder nie. Prof Grobbelaar doen al dertig jaar lank navorsing oor dié onderwerp.

"Dit kom van ver af...", wat verlede Woensdagaand op TV1 begin het, volg die spoor van die Afrikaanse volksliedjie tot by sy ontstaan twee eeue gelede in 'n spottery met 'n paar lafhartige oorlogs-"helde". Prof Grobbelaar het jare lank die land deurkruis om opnames te maak vir sy reeks en sy kommentaar word afgewissel deur van dié oorspronklike opnames. Nuwe opnames van die ou liedjies word ook gebruik soos gesing deur Randall en Koba Wicombe, De Wet van Rooyen en Belinda Richardson.

Die regisseur van "Dit kom van ver af" is Marko van der Colff, met Grobbelaar self as draaiboekskrywer.

"African Wave", wat Donderdagaand op M-Net begin, het net so 'n ongewone agtergrond. Die Britse regisseur John Bowey is glo vir die eerste keer deur Suid-Afrikaanse musiek geprikkel toe hy drie jaar gelede in die land was vir die verfilming van sy rolprent *Time of the Beasts.* Die joernalis Gus Silber het die reeks van dertien episodes geskryf en Bowey het die regie behartig.

"African Wave" bekyk bykans elke rigting in Suid-Afrikaanse ligte musiek: van pop en reggae tot rap en Soweto funk. Elke episode bestaan uit onderhoude met die onderskeie kunstenaars asook 'n kykie na hul daaglikse doen en late en veral na hul manier van werk. Die reeks skop af met Mango Groove. Kunstenaars wat in die daaropvolgende episodes aan die beurt kom, is onder andere Ladysmith Black Mambazo, Marcalex, Brenda Fassie, Yvonne Chaka Chaka, African Jazz Pioneers, Mike Makhalemele, Lucky Dube, Ray Phiri en Stimela, Prophets of the City, en Sipho Hotstix Mabuse.

Een van die lekkerste musiekprogramme wat egter nóg op M-Net vertoon is, was Woensdagaand se "Slegs David Kramer Only". Met David self as die regisseur van sy sketse en Barry Coetzee as regisseur van die program, het "Slegs David Kramer Only" veral daarin geslaag om David se eiesoortige sjarme in beeld vas te lê; daardie rollende swart oë, die breëbek-lag, die ondeundheid, maar boweal sy talent as 'n kunstenaar met 'n unieke beeld. Dié beeld is geïllustreer met filmmateriaal van David - wyepypbroek, rooi skoene, kitaar en al - op Leliesfontein, voor die Garies-kafee, in 'n ouetehuis op Aurora, 'n kroeg, op die sandverwaaide Weskusvlakte, en altyd tussen mense. Bruin of wit, hulle kon net Suid-Afrikaners wees.

En skielik het 'n mens verstaan wat Paul Simon kwansuis sou bedoel het toe hy David een aand langs 'n braai (dié storie van hul ontmoeting in Suid-Afrika tydens Simon se "Gracelands"-besoek was een van die hoogtepunte van die program) gevra het: "En wat is daai klank van jou?"

Want 'n eie klank het David beslis. En die program het dit in beeld vasgelê.

#### OLKE BOLKE... WATTER KLANKBAAN VANDAG?

Die SAUK het beslis die kuns van programverskuiwings vervolmaak. Nou is dit weer sulke tyd, maar dié keer word koppel-uitsendings gebruik om die veranderinge 'n klein bietjie minder verwarrend vir die kyker te maak. Altans, dít is wat die SAUK hoop.

Saterdagaande op TV4 gaan verander, en let tog op mense, dis nét Saterdagaande. Die ander aande se TV4-programme bly presies dieselfde.

Van aanstaande Saterdagaand word net twee vermaakprogramme in Engels vertoon: die komediereeks tussen 6nm en 6:30nm, en om 11nm. "In the Heat of the Night", 'n nuwe misdaadreeks wat 'n koppel-uitsending in Engels sal hê oor Radio Suid-Afrika. Die rolprent om 8nm sal alternatief in een van die swart tale of Engels uitgesaai word.

Môreaand is daar 'n geringe verskil in dié sin dat die slot-episode van "Murphy Brown" ná die rolprent ("The Boxer" in Zoeloe) om 9:30nm vertoon sal word. Van aanstaande week volg "Video Juke Box" direk ná die rolprent.

Wat die driedubbele koppeluitsending van "In the Heat of the Night" betref - dit is geen nuwigheid nie. Mr T se "T and T" is destyds in Zoeloe, Sotho en Engels uitgesaai. "In the Heat of the Night" is egter héélwat beter en beslis die kyk werd. Dit is 'n Emmy-bekroonde reeks en boonop een van die gewildstes deesdae in Amerika.

Die sterre in die reeks is die kwasterige Carrol O'Conner van destyds se "All in the Family" as 'n ewe befoeterde, rassistiese polisiekaptein, en Howard Rollins van "Ragtime" as sy swart assistent. Die twee moet leer saamwerk op albei se Mississippi-geboortedorp ongeag hul verskillende werkstyle en ingebore wantroue teenoor die ander ras. Hulle is ook nie eens uit eie vrye wil saam nie. Virgil Tibbs, die assistent, is deur 'n ambisieuse burgemeester aangewys as kapt Bill Gillespie se regterhand. Die burgemeester hoop hy kan op dié manier die swart kiesers se simpatie wen.

Die reeks is gegrond op die Oscar-bekroonde rolprent van 1967, waarin Rod Steiger en Sidney Poitier gespeel het. 'n Hele klomp regisseurs het aan die TV-weergawe gewerk: David Hemmings, Winrich Kolbe, Leo Penn en Anthony Wilkinson. Die TV-verwerking van die oorspronklike blitsverkoper deur John Ball is gedoen deur James Lee Barrett.

#### VAN KOPPEL-UITSENDINGS TOT "CROSS-OVER"

In 'n nuwe jeugreeks wat Dinsdagaand op TV2/3 begin het, kry die woord "cross-over" nuwe betekenis. "Horizons", wat om 6:30nm uitgesaai word, het 'n swart stadskool soos dié in Soweto as agtergrond en daarom ook Engels as algemene "klaskamertaal". Wanneer die kinders egter met mekaar kommunikeer, is dit in hul eie taal. Die swart tale en Engels word dus op só 'n manier geïntegreer dat sowel wit as swart kinders sal verstaan wat gesê word.

"Horizons" is letterlik daarop gemik om tieners, meestal hoërskoolleerlinge, se horisonne te verbreed; om hulle meer te leer omtrent hul omgewing, hulle onderskeie skoolvakke en al die werkmoontlikhede wat dit inhou.

Die hoofkarakters is 'n groepie leerlinge wat gereeld deur hul skoolhoof uitgedaag word om nuwe projekte op 'n kreatiewe manier aan te pak. Só probeer hulle eendag om 'n video te maak, by 'n ander geleentheid organiseer hulle 'n eie biblioteek vir hul skool, of hou 'n debat oor die voor- en nadele van gesond wees.

Die reeks is gemaak deur Tim Spring en geskryf deur Thomas Mokgotloane.

#### AVONLEA, MAAR SONDER ANNE

Colleen Dewhurst is daar en Avonlea, maar geen Anne nie. M-Net se mini-reeks "Road to Avonlea", wat Saterdagaand om 7nm op M-Net vertoon word, volg in die voetspore van sy minlike "Anne of Green Gables", maar is nie 'n vervolgverhaal nie. Dit is die storie van 'n welgestelde sakeman wat sy dogter na 'n familielid op 'n kusdorpie, Avonlea, stuur omdat hy haar wil beskerm teen die sakeskandaal waarby hy betrokke is. Die hoofrolle word gespeel deur Sarah Polley, Robert Collins en Dewhurst.

#### IETS OM OOR NA TE DINK...

In die persmededeling oor "Debuut '91" sê die regisseur Mario le Grange hy wil met "Debuut" probeer om "showbiz en glamour" in Afrikaanse musiek terug te sit. "Ons het dit verloor, maar hierdie is die ideale geleentheid om ons jong mense aan te moedig en entoesiasties oor Afrikaanse musiek te kry."

Wat van gehalte en oorspronklikheid...?

## H O O G T E P U N T E

**VANDAG:**
- "Knight and Daye", 'n uitstekende komediereeks, word voortaan op 'n Vrydagaand om 6nm op TV1 vertoon. Oor twee kwasterige radiovriende, wat ná jare weer 'n program saam moet behartig.
- M-Net het vanaand en môreaand 'n naweek-rolprentfees wat letterlik deur die nag aanhou. Kinders kan op weeksdae om 3nm kyk na rolprente van bekende sprokies. Vandag is "Rumplestiltskin" aan die beurt.

**MÔRE:**
- "Focus on Miss South Africa" om 6:35nm op M-Net, 'n program oor die geskiedenis van dié wedstryd.
- "Road to Avonlea" om 7nm op M-Net, verpligte kykstof.
- "Prime Time Pets" om 8nm op M-Net kyk na die eienaardighede van troeteldiere en hul eienaars.
- "The Naked Spur" om 11:25nm op TV1, 'n klassieke Western met James Stewart.
- Die slot van "Murphy Brown" om 9:30nm op TV4.

**SONDAG:**
- "A Midsummer Night's Dream" om 9nm op TV1, met die New York City Ballet Company.
- "Kalahari" om 5nm op M-Net kyk na die aanpassing van dié streek se diere by hul omgewing.
- "Guess Who's Coming to Dinner" om 9:04nm op TV4 met Spencer Tracy en Katherine Hepburn.

**MAANDAG:**
- "After Eight", 'n joernaalprogram in Engels en Zoeloe om 8nm op TV3.
- "Evil under the Sun" om 7nm en "Raiders of the Lost Ark" om 9nm op M-Net.
- 'n Nuwe reeks van "Family Ties" begin om 9:04nm op TV4. Met Michael J Fox.
- "Die dorpsdokter" is gegrond op die verhale van Georges Simenon van die "Speurder Maigret"-reeks. Om 11nm op TV1.

**DINSDAG:**
- "Teater, teater", 'n nuwe jeugreeks om 5nm op TV1.
- In "Donna Looks Out" om 10nm op TV1 bespreek Donna Wurzel belangrike, soms omstrede maatskaplike onderwerpe, soos die vordering wat Suid-Afrikaanse medici gemaak het op die gebied van hartoorplantings in vanaand se eerste episode.
- "Moscow", 'n "60 Minutes"-program om 8:40nm op M-Net, waarin met Russiese politici en militêre personeel gesels word oor die stand van sake in die Sowjet-Unie.

**WOENSDAG:**
- In "De Gaulle", TV4 se nuwe mini-reeks om 9:04nm, word die persoonlikheid van dié Franse staatshoof ontleed asook die belangrikste besluite wat hy in sy roemryke loopbaan geneem het.
- Die tweede episode van Gray Hofmeyr se reeks "The Big Time" om 7nm op TV1.
- Die pragtige oorgeklankte "'n Stukkie hemel" ('n her-uitsending) om 9nm op TV1.

**DONDERDAG:**
- "Betty's Bunch", 'n nuwe reeks oor die avonture van 'n groep maats op K-TV (M-Net) om 5:35nm.
- "African Wave" om 8nm op M-Net.
- 'n Nuwe komediereeks, "Evening Shade", om 9:30nm op TV1, met Burt Reynolds as 'n oud-voetbalster wat onderwyser en afrigter word op sy geboortedorp. Duming.

# 'N TUISTE VIR DIE HART

**KAARTEHUIS**
deur LUCAS MALAN
HAUM-Literêr. R22-95

FANIE OLIVIER



LUCAS MALAN

VIER digbundels in die loop van tien jaar kan 'n aanduiding wees van 'n besagdigde en rustige digterskap. Bevestiging hiervan vind 'n mens by die lees van Lucas Malan se jongste versameling van 33 gedigte, *Kaartehuis*.

Die titel, soos almal weet wat al piramides met kaarte gebou het, maak die leser reeds bedag op die onsekerheid en die verganklikheid van die menslike bestaan. En telkens word dit in die afsonderlike gedigte benadruk.

Die formele organisasie van die bundel is 'n teken van 'n deurgewerkte geheel. Die vier afdelings word benoem met die name van die vier kaartpakke, maar terselfdertyd word die verskillende afdelings weer met mekaar verbind deur die deurlopende In Camera-reeks.

In die eerste afdeling, "Klawer", gee die digter tekeninge van huis en tuin. In breë verband sluit dit die natuur in, soos die reeks "Skildwag" wil uitwys, maar essensieel is dit gedigte waarin bestek opgeneem word van die ruimte waarin mense tuis is. Of: was. Want onderliggend is daar die deurstroming van afskeid en eindes: tuine gaan tot niet, huise loop leeg. Wat lewend en bloeiend was, verval en wie sal by 'n vertrek verseker dat die rose water kry?

Soos die spreker by besoek aan 'n formidabele ou dame in "In Camera 1" besef: "Dit is die plek/ van mense dié, van drif en eensaamheid." En dié eensaamheid dra swaar aan die dood, soos blyk uit die slot van "Huis 3":

"Gaan kyk maar rond/ in Waterkloof, in Isfahan en Beaufort-Wes/ hoe groengeaard floreer die skraal sipres."

Die tweede afdeling is "Hartens", sewe gedigte waarin daar na die liefde gekyk word. Ook hier is die verlies hoofsaak, soos besluit word in "In Camera 2": "Om te weet:/ die liefde se naam staan geskryf in water".

"Naastelik", met sy voorstelling van die Johannesburgse "mensebredie", spreek ewe wanhopig: "Die nag vlek oop, word klam. Dit ruik/ na vlees en mens wat medemens gebruik."

"Ruitens" is die derde afdeling. Dikwels word dié pak na die Engels "diamante" genoem en hoewel Malan in die sewe gedigte hier heel duidelik met dié edelsteen werk, wil hy die idee van die ruit as venster deurentyd latent hou.

Deur die klip kan hy inkyk op die menslike bestaan; in die drie Klipskrif-gedigte val daar juis deur klippe heelwat te lees van die gang van beskawings en die onbenulligheid van mens-wees.

"In Camera 3" is hier 'n uitsonderlik knap verkenning van die evolusionêre proses én die skadu van millenia se onsekerhede. Dit eindig met 'n triomfantelike besinging van die mens as kunstenaar wat in die persoon van 'n Michelangelo die gestolde klip omtower tot beeld "wat die mens betreur/ en om sy broosheid bid."

"Skoppens" het tradisioneel verbintenisse met die dood, en die agt gedigte van dié laaste afdeling draai almal hierom. Die gewone lykgedigte of in memoriam-verse is dit egter nie, want die dooies hier is veral diegene "wat weggaan sonder die groet/ van 'n handdruk of kus en volstaan/ met 'n brief-langs-die bed wat ander laat boet".

Die toon van dié gedigte is bitter en wrang, sonder werklike vertroosting en loop uit in "In Camera 4", 'n gedig oor die nou-beroemde Uilhuis van Nieu-Bethesda, "die afgetrokke plek met onderdak vir skemergrys/ gevlerktes". Die slot, waarin op die verskriklike selfmoord van Helen Martins gewys word, vat die kortpaaie na die dood saam: "Weet wel dat vuur net water kan genees; dat glas alleen ontstaan deur katalise van arseen."

Daar is in *Kaartehuis* nie baie gedigte waaraan 'n mens sou wou torring nie, hoewel ek die afdeling "Hartens" die minste vind en meen dat die gedig "Ukhozi" miskien juis nie in dié bepaalde bundel moes verskyn het nie. Maar is die slot nie aangrypend nie met sy verwysing na 'n koerantfoto van 'n selfmoord: "die mens wat eindeloos/ gekruisig teen/ die lug bly hang."

Lucas Malan is 'n bedrewe digter, wat bedrieglik-gemaklik sy verse laat inskuif in 'n greep van 'n sonnet en wéét wat beteken die dwang van die juiste woord. Terselfdertyd word hy nooit vertonerig nie, bly die kleinheid van mens-wees integrerend deel van afsonderlike verse en die bundel as geheel.

En daardeur word *Kaartehuis* iets meer as net nog 'n bundel. VW

(Fanie Olivier is hoogleraar in Afrikaans aan die Universiteit van Venda).


**Let us entice you to the tree of knowledge.**




**Myths, facts and fiction. Truly original.**

SERPENT'S TAIL

SERPENT'S TAIL

**Be tempted.**

*Now available at all Exclusive Books, Pilgrims and The Bookworm, Sandton.*

*For a free catalogue write to local agents David Philip Publishers, Box 23408, Claremont 7735*


# SHAPING A NEW ECONOMY

**SOUTH AFRICA'S ECONOMIC CRISIS**
STEPHEN GELB (editor)
DAVID PHILIP R 34,99

MARK BEARE

The recent global shift in the relationship between state and capital has led to radical changes in the theory of policy. *South Africa's Economic Crisis*, the work of several local academics commissioned by Cosatu, provides a well researched background to the context within which these changes will occur in South Africa.

The book opens with an overview written by the editor, Stephen Gelb, which addresses the structural changes in the economy since 1974. The accumulation crisis, which has its origins in the mid-70s, raises serious questions about the growth model on which the economy has been based since 1945. The issue which preoccupies both establishment and opposition academicians is how to resolve the problems that beset the old model in the formulation of a new one. The government/big business approach has concentrated on the withdrawal of the state and the exposure of the economy to the dictates of the market.

By contrast the opposition policy has been to place the state in a central role, intervening on a sectoral basis, in the restructuring of the economy. Gelb is quick to point out the problems with this approach, namely that business may be an unwilling subordinate partner and there is likely to be a lower rate of economic growth, but maintains that the long term benefits are significant.

The issue of policy formulation introduced by Gelb is only sporadically developed in the following chapters. The two most interesting pieces in this regard are on agriculture and unemployment. Mike de Klerk traces the rise of interest among African, coloured and Asian commercial farmers and discusses the need to unlock capital to finance this development. Dave Lewis, writing about unemployment and the unions' need to address the problem, sets out a series of steps for the movement to take in welfare, in job creation and in the influencing of policy.

The other chapters are concerned primarily with analysis rather than the development of new solutions. This fact notwithstanding they provide a clear and insightful perspective on the nature of the crisis. The picture that arises from an assessment of SA's balance of payments and international financial relations, for example, is a bleak one. On the former Brian Kahn points out the constraints on growth created by foreign debt obligations and their financing while Vishnu Padayachee, analysing the latter, notes that the intrinsic uncertainties of the current socio-political situation led to the capital flight of 1985 and that only stability will generate renewed interest.

In terms of sectoral analysis a perspective emerges through the analyses of different areas. Gold mining is seen as unpredictable, subject to structural change; coal as heavily dependent on external factors and manufacturing as sluggish. David Kaplan, writing on the capital goods sector, argues that two routes must be pursued for long term profitability increased technological development and meeting less sophisticated local needs. These contradictory forces do not presage a bright future as their resolution depends on a significant change in the state's role.

If there is a criticism of this book it lies in the fact that few real solutions, either actual or conceptual, are put forward. In the ideological vacuum created by the collapse of the command economies there is a rare opportunity to break new ground. With the exception of the overview and some areas in the chapters on agriculture and unemployment, there is little attempt to deal with the applications available to the implementers of the new dispensation. That aside, this is an extremely readable and worthwhile exposure to the way of thinking that is likely to have a significant impact on a new government's economic policy and, for that reason alone, should be required reading. VW

(Mark Beare is a financial consultant to Vrye Weekblad.)

# Wat sag is, *vergaan*

(vir Marié van Heerden)



JEANNE GOOSEN (FOTO: PAUL ALBERTS)

"Woensdagaande breek ons die week se rug so 'n bietjie in die Uitsighotel," sê die dokter se vrou. "Die gewone, jy weet. 'n Paar drankies, gesels en so aan. En jy kom saam," sê sy kamma streng.

"..."

Die BMW se ruit skuif af. "Moenie so frons nie. Ons laai jou net na agt op. Jy moet tog die een of ander tyd die mense leer ken. Buitendien, hulle skakel die ligte vanaand vir die eerste keer aan."

"Die ligte?"

"Jy sal sien." Sy glimlag soet soos 'n goewernante. Daar is twee goudvlekkies in haar voorste tande.

"Tot later dan. En onthou, Dirk, ons neem nie nee vir 'n antwoord nie."

Die wind jaag 'n bondel blare straat af. 'n Laag fyn rooi stof bedek die stoep. Die huis binne is nou min of meer ingerig soos hy dit wou hê. Dit lyk byna soos 'n replika van sy vorige huis in die stad. Daar is nie veel meer om te doen nie. Elke ding is op sy plek. 'n Deur klap. Tydsaam begin hy die luike toemaak. 'n Paar druppels reën streep deur die stof teen die ruit. Elke partikel het 'n toekoms. Dis deel van 'n orde en op sy beurt gehoorsaam dit 'n hoër orde. Die Skepper wysig wys. Hy kry half lag vir sy gedagtes. Sedert sy koms hierheen dink ek dikwels aan Sulke dinge.

Hy sit 'n kasset in die speler. Haydn. Elke kadans eindig volmaak. Dit is té korrek, té deursigtig, té pittig. 'n Wêreld van perfekte orde. Wat sou Beethoven tog aan Papa Poniestert se knieë kon leer?

Wat sal ek vandag nog alles moet doen om nie voor slapenstyd van verveling te sterf nie. In die slaapkamer trek hy 'n warm jas aan en sit 'n serp om sy nek. Hy sluit die deur sorgvuldig en stap met die straat af. Museum toe. Die vrou in die ontvangsportaal kyk op van haar breiwerk, knik. Sy ken hom al. Hy mik verby haar na die groot saal links.

In die vertrek van sowat 100 meter leef die gestorwenes, is die opkoms en verval van lewensvorme visueel gerekonstrueer. Die landstreek van vleie en moeraslande, gletsers, vleisverslinders, planteters, primitiewe amfibiërs, visse en ongewerweldes. Die golwe van migrasie na die Karoo-kom is oënskynlik deur reptiele oorheers.

As ek nou begin stap en ek begin terselfdertyd 'n psalm sing, sal ek nog voor die lied klaar is, deur 'n geologiese tydspan van 240 miljoen jaar gegaan het. En voor die laaste noot sal biljoene organismes elkeen 'n beurt op kortstondige sukses gehad het voordat hulle in die niet van onafwendbare uitwissing verdwyn.

'n Vulkaniese uitbarsting en die weggly van ysplate lê twee handbreedtes uitmekaar. Gondwanaland verbrokkel in 'n flits van 'n sekonde. Met elke tree sal die tydslinger swaai en 'n nuwe groep aan bewind plaas. Skerf op skerf lym die lewe homself aanmekaar: van skedelgeslotenheid tot temporaalopening, van dentale onderkaak tot horingsnawel, van skub tot veer, van landgevangeneskap tot vry vlug, van soliede been tot hol pyp en uiteindelik van koue tot warm bloed.

Buite loei 'n sirene.

Is alles wat nou in sy huidige vorm leef van enige daadwerklike belang in die groot geskiedenis van Ruimte en Tyd? Ook die mens uit 'n primordiale stuk slyk? Juig dan maar als wat leef.

Voordat hy uitstap, lees hy die biljet: *Waar mikrobewerking nie aktief is nie, word die harde dele van die liggaam bewaar deur gestadigde vervanging van hul chemiese bestanddele deur chemiese stowwe in die omringende klei en modder.*

En verder: *...tande verskaf die belangrikste inligting...*

Die tande dan. Nie harsings of die gevoel in harsings nie. Geen verslag van die versugting nie, die rilling plotseling in die middel van die velsak-god-en-bene, die vrees, vitaliteit, rusteloosheid. Wat sag is, vergaan, het geen duurte nie.

Buite ruik die strate na vars brood. Sy oë brand van die stof. Voor die landdroshof bewaak 'n soldaat 'n paar geboeide mans. 'n Gevangene stoot sy vuis boontoe. Dis 'n swart oerkrap met knyper.

Dis koud. Hy wriemel sy hande dieper in sy sakke. Ons is nie aangepas vir hier nie. Dis altyd óf te koud óf die wind waai te veel óf die lug is te bedompig. Ons kan nie naak op 'n klipplaat lê, die prooi takseer, of met die harde oog van 'n duif gevaar bespied nie. Sal ons ook oor miljoene jare gerekonstrueer en opgestop tussen walvisse en antelope, die malvas en die bloekoms, van ons klein gelukkies verslag doen? *Homo sapiens*, die onbetwisbare heersers van die aarde wat feitlik elke beskikbare habitat beset het. Én vernietig het. Ook mekaar. *Homo homini lupus.*

'n Casspir hou voor die poskantoor stil, 'n kopstampende Cynodontiër met verdikte skedel om die brein te beskut. Met sy ononderbroke asemhaling en snel metaboliese omset sal hy hierdie sone oorleef.

Vroue eenkant, mans eenkant. Voorlopig altans. Die burgemeester se vrou dra 'n pelsjas. Sy drink 'n Bloody Mary. "As Jane môre ook nie kom werk nie, kry ek vir my 'n ander een. Daar is baie wat nou werk soek."

"We can afford oysters every night with the rand/dollar exchange as it is now," sê Pat Duggan, die argeoloog van Texas. Hy en sy span vors maande al die leef- en trekgewoontes van hierdie gebied se vroeë Boesmans en Hottentotte na.

"Dinge sal wel regkom," sê die hotelbestuurder. "Goud sal weer styg."

"Ja," beaam almal.

"My manne is moeg," sê majoor Vaatjie du Toit, die polisiebevelvoerder. "Die spreiligte sal 'n einde maak aan hierdie nonsens snags. As dit moet, kan ons van hierdie koppie af optree." Hy kyk op sy horlosie. "Nog so vyftien minute en ons verras die belhamels met die ewige lig."

Die vroue beweeg nader. "As 'n mens net weet wat hulle wil hê," sê die dokter se vrou. "Gee jy hulle skole en huise, brand hulle dit af. Ek weet ook nie ..." Sy steek 'n sigaret aan.

As hier cholera moet uitbreek, sal ons immers weet waar om te begin soek," sê Manie Bester, die distriksgeneesheer. "Die munisipaliteit was drie weke laas daar. Dis een groot, stinkende gemors. Die rioolkarre is algar omgekeer en aan die brand gesteek." Hy draai na Dirk: "En jy sê maar niks ..."

"Stille waters ..." lag die burgemeester se vrou.

Hulle beweeg stadig na die hotel se toegeboude stoep. Onder aan die voet van die koppie, aan die anderkant van die nasionale pad, lê die swart buurt in 'n kom. Plek-plek flikker 'n flou liggie.

"Daar's skaars lig," sê Dirk. "Dalk slaap hulle al."

"Nog 'n wiel," sê majoor Vaatjie du Toit, "hulle sit sonder paraffien. En geld." Hy lag. "Ons sal vir hulle nou-nou 'n bietjie lig op die onderwerp gee."

"Hoe gaan die arme drommels slaap?" vra die dokter se vrou. "Dit moet stikdonker wees voordat ék aan die slaap kan raak."

"Dis soos batteryhoenders," sê die burgemeester se vrou. Sy lag plesierig. "Sê nou hulle begin eiers lê."

"Onbevrugtes, asseblief tog," sê die distriksgeneesheer droog.

"Do you really think spotlights are a solution?" vra Pat Duggan. "There'll never be an end to war. Our digs bear witness to continual warring, flight and return, plunder and annihilation. We've found caches of primitive arms stretching over five hundred years to prove this. And to think that in all this time there was more than enough room to live peacefully together."

Hulle kyk onseker na hom. "Dis interessant," sê hulle. "Interessant."

"Nog vyf minute," sê die bevelvoerder. Hy wink die kelner nader. "Vinnig nog 'n rondetjie, boetie-boy!"

Dirk beweeg saam met die groep mense. Hulle gaan staan in 'n ry langs mekaar teen die ruim vensters van die stoep en wag."

**1986**

**(Uit: Jeanne Goosen se bundel kortverhale 'n *Kat in die sak*, uitgegee deur HAUM-Literêr)**

**VRYE WEEKBLAD PLAAS VAN VANDAG AF ELKE TWEEDE WEEK 'N KORTVERHAAL. VERKIESLIK ONGEPUBLISEERDE KORTVERHALE IN AFRIKAANS OF ENGELS, NIE LANGER NIE AS 1 200 WOORDE, KAN GESTUUR WORD AAN: VRYE WEEKBLAD FIKSIE, POSBUS 177, NEWTOWN 2113. DIE REDAKSIE SAL BESLUIT WATTER VERHALE GEPLAAS MOET WORD EN GEEN KORRESPONDENSIE SAL OOR DIÉ KEUSE GEVOER WORD NIE. SKRYWERS ONTVANG R250 VIR 'N VERHAAL WAT GEPUBLISEER WORD**

SPORTRUBRIEK
TINUS HORN

# 'N LES VIR OOSTELIKE PROVINSIE ÉN DESPATCH



AS 'n mens deur die Oos-Kaap reis, ry jy maklik by Despatch verby sonder om te weet dat hy bestaan. Die goeie nuus is dat jy niks mis nie.

Inwoners van dié dorpie protesteer heftig as oningeligte buitestanders daarna verwys as 'n voorstad van Port Elizabeth of - veel, veel erger - Uitenhage. Maar alles omtrent Despatch laat jou eerder aan 'n voorstad as 'n dorpie uit eie reg dink.

Daar is egter iets wat Despatch van honderde soortgelyke klein dorpies onderskei: sy welslae op die rugbyveld.

Nie eens die verpletterende nederlaag wat Frans Erasmus se span Maandag in die eindronde van Toyota se klubtoernooi gely het, kan afbreuk doen aan dié dorpspannetjie se reputasie as die sterkste rugbyklub in Suid-Afrika nie.

Sedert die blokkiestruie sewe jaar gelede asof vanuit die niet verskyn het om Tukkies in die eindronde van die toernooi te verneel, keer hulle jaar na jaar terug om die doemprofete - wat hulle as eendagsvliegies afgemaak het - verkeerd te bewys.

Die blote feit dat hulle Maandag as oorweldigende gunstelinge op die veld gedraf het, is verstommend. Despatch is, soos in 1985, toe hulle die toernooi as die agtste gekeurde span gewen het, nog steeds 'n piepklein klub met beperkte bronne.

En anders as in die verlede is daar nie meer 'n Danie Gerber wat wonderwerke uit die niet kan verrig nie.

Maar Despatch is nou 'n naam waarmee jy rekening hou. Dit alleen maak sy taak nou veel moeiliker as 'n paar jaar gelede.

Gerber, die beste senter wat wêreldrugby die afgelope 20 jaar gesien het, is ongetwyfeld Despatch se grootste aanspraak op roem. Daar kan min twyfel bestaan oor die feit dat hy Despatch se rugbyspan gemaak het wat hy vandag is.

Sedert verlede jaar dra iemand anders daardie bekende nommer 13-trui, maar danksy Gerber weet Despatch dat hy enige klub in die land met selfvertroue kan pak.

Maandag se vrot vertoning was nie werklik verteenwoordigend van Despatch se vermoëns nie. Enigeen wat Saterdag se briljante sege teen die Tukkies gesien het, sal dit beaam.

Daardie wedstryd het 'n mens onwillekeurig laat terugdink aan die skokoorwinning wat Despatch in 1985 by dieselfde toernooi oor die magtige Tukkies behaal het.

('n Sondagkoerant kon dié week nie die versoeking weerstaan om 'n opskrif van destyds, "Tukkies Despatched!" weer in te span nie).

Despatch het in 1985 g'n agttal gehad waaroor 'n mens opgewonde sou kon raak nie. Tukkies het hulle keer op keer etlike meters ver in die skrums gestoot en ook in die lynstane maklik oordonder.

Maar agter die skrum is krummels in skitterende balbesit omskep.

Mynhardt le Roux, Draad Oliphant, Gerber, Neels Lombaard en Kallie Grobler het geweet hulle moes elke kans om aan te val, gebruik. En hulle het.

Die Tukkie-agterlyn kon net verstom toekyk hoe hulle gate in die verdediging slaan om uiteindelik met 28-7 te seëvier.

Ongelukkig het Despatch se welslae nie soos verwag is tot 'n oplewing in OP-rugby gelei nie; dit was die begin van 'n fel magstryd tussen Despatch en die "stad-klubs" met UPE aan die spits. Dié stryd duur tot vandag toe voort, en is seker die belangrikste rede vir die OP se wisselvalligheid.

Despatch se houding destyds was onuithoudbaar. Die klub het homself veel belangriker beskou as die provinsie waarvan hy deel is en Gerber self het 'n vete teen twee top-spelers, Garth Wright en Andrew Paterson, gevoer omdat hy Despatchers in hul plek in die OP span wou hê.

Die gevolg was dat die keurders moedswillig was en selfs 'n briljante Despatch-speler soos Pote Human stief behandel het.

Hopelik sal Maandag se groot nederlaag verhinder dat Despatch weer met sy eie belangrikheid op loop gaan. En hopelik sal sy volgehoue welslae die OP-hiërargie oortuig dat hy beter behandeling daar verdien. VW

# "VELLE" KAN RUGBY EN ATLETIEK OOK OPKIKKER

TIM SANDHAM

'n MENS sou Clive Rice se krieket "skins" seker as 'n sukses kon beskryf, en dit is ook nie juis verrassend nie. Die publiek was nog altyd suckers vir enigiets waarby daar geld betrokke is.

('n Amerikaanse boksskrywer het dié sindroom onlangs raak geskryf toe hy gesê het: "As die twee beste boksers ter wêreld om $10 baklei en twee mak ape baklei langsaan om $ 50 miljoen, sal die publiek die ape keer op keer kies."

Rice se plan skep opwindende moontlikhede vir verkeie ander sportsoorte.

Maar ons moet beter doen. Geld is 'n lekker trekpleister, maar nog 'n belangrike bestanddeel sal verseker dat "skins" werklik die publiek se belangstelling aangryp. Wat kan die wonderbestanddeel tog wees? Bloed, natuurlik.

(Die woord "skins" vertaal nie lekker nie. Waar kom dit in elk geval vandaan? Dit klink soos iets uit die Noord-Amerikaanse Rooihuidkultuur. Of het Eskimo's of die Jode dalk iets daarmee te doen?)

"Huide" klink net nie reg nie, "epidermis" is uit en so ook "skille". My persoonlike keuse is "velle", alhoewel dit ook maar grillerig en barbaars klink. (Enige ou wat al 'n Franse kunsfliek met Engelse sub-titels gesien het, sal in elk geval vir jou probeer wysmaak dat enige vorm van sport barbaars is).

In 'n era waarin mense 'n daagliks dosis "thrills" - soos die regstreekse oorskakeling na 'n oorlog, of so iets - nodig het, kan sport al die antwoorde bied.

Hier's 'n paar voorstelle wat nie net die toeskouers sal lok nie maar ook behoorlik die velle sal laat waai:

In atletiek se middelafstande word al hoe meer van 'n pasaangeër gebruik gemaak om atlete tot beter tye aan te spoor. Wat van 'n honger wolfhond of Rotweiler wat die atlete van agter af aanpor?

Benewens die geld wat wenners inoes, kan atlete ook ruimskoots vergoed word vir elke liter bloed wat hulle verloor.

Hoogspring kan oor 'n gewone baksteenmuur beoefen word. Verspringers kan hul slag op 'n soliede sementblad wys. (Die harkery van die sand tussen spronge sal sodoende uitgeskakel word.)

'n Beton-oppervlak hou ook vir rugby interessante moontlikhede in. En terwyl ons aan die reëls peuter, kaan ons wegdoen met die lawwe reël wat sê 'n ou moet die bal dra voordat jy hom kan loop.

Dit sal moeilik gaan om boks - die koning van bloedsporte - te verbeter, maar ek dink 'n stukkie skuurpapier aan elke bokshandskoen sal beslis help.

Net in geval dit nie 100 persent werk nie sal afrigters net toegelaat word om hulle beswete vegter met 'n deurmat af te droog.

Die lys "vel"-formaat sportsoorte is eindeloos:

Die Duzi - kanomarathon sonder roeispane (of nog beter, sonder kano's), die Comrades sonder tekkies...

Of die sensitiewe siele onder ons daarvan hou of nie, "velle" is hier om te waai. VW

## DIE WEEK SE TV SPORT

Die eerste motorfiets-Grand Prix vir 500cc-fietse van die seisoen in Japan is as die beste in die geskiedenis van die sport beskryf, en daar heers groot belangstelling vir die tweede ronde wat Sondag in Australië beslis word.

Dié wedren word Sondagoggend (07:00) regtreeks op TV1 uitgesaai. Kevin Schwantz (Suzuki), Mick Doohan (Honda) en twee Yamaha-jaers, Wayne Rainey en John Kocinski, sal dit om die eerste plek uitspook.

M-Net se hoogtepunt van die week is 'n regstreekse uitsending van die rugby-eindstryd in die Yardley Gold-aandreeks.

**DIE VOLLEDIGE PROGRAMME IS:**

**SAUK: Vrydag, 5 April:** TV1, 18:30 - Gillette World Sport Special; TSS, 21:00 - Atletiek: Saambou SA junior-byeenkoms in Germiston; seiljagvaart in Langebaan. **Saterdag, 6 April:** TSS, 11:45 - Perdewedrenne: Topsport Administrators Bloodline Classic; Motorwedrenne: Alle klasse op Kyalami; TV1, 12:00 - Motorwedrenne op Kyalami; Perm Junior Sport; Perdewedrenne op Gosforthpark; Seiljagvaart: BOC-uitdaagwedvaart (jongste nuus); Tweekamp: SA kampioenskappe in Port Elizabeth; Fietsry: SA baankampioenskappe in Kaapstad; TSS, ná normale uitsending: Atletiek: Saambou se SA junior kampioenskappe in Germiston. **Sondag, 7 April:** TV1, 07:15 - Motorfietswedrenne: die Australiese Grand Prix (500cc regstreeks, gevolg deur 'n opname van 250cc-klas). **Maandag, 8 April:** 21:00 - Atletiek vanaf Groenpunt en Hobie-wedvaart. **Dinsdag, 9 April:** Tss, 21:00 - Hobie-wedvaart, lewensredding, ysskaats en gholf ('n Sharp-winterreeks). **Woensdag, 10 April:** Tss, 21:00 - Gholf (die Augusta-Meesters). **Donderdag, 11 April:** TSS, 21:00 - Motorsport-voorskou.

**M-NET: Vrydag, 5 April:** 18:30 - The World of National Panasonic. **Saterdag, 6 April:** 14:30 - Motorsport News. 15:00 - Gholf, aangebied deur Fedlife: Amerikaanse PGA-reeks: Die Spelers-kampioenskap wat op 31 Maart op Jacksonville, Florida, ten einde loop. 15:45 - Perdewedrenne: Die Grand National, regstreeks vanaf Aintree. 16:40 - Sokker, aangebied deur Nashua: Regstreekse dekking van die tweede helfte van die wedstryd tussen Sheffield en Arsenal in die Engelse eerste liga. 17:45 - Sportsfire. Sport-joernaalprogram. **Sondag, 7 April:** 14:00 - The World of National Panasonic. 22:15 - ATP Tennis vanaf Orlando, Florida. **Dinsdag, 9 April:** 21:00 - Ironman Super Series vanaf Adelaide; 22:00 - Nashua se Engelse sokker-hoogtepunte.

**Woensdag, 10 April:** 19:00 - rugby, regstreeks vanaf Ellispark: tweede helfte van uitspeelwedstryd om die derde plek van Yardley Gold se aandreeks, gevolg deur die eindstryd in sy geheel.


VINTAGE COLLECTION · DOUGLAS GREEN VINTAGE COLLECTION · DOUGLAS GREEN

OESJAAR 1989 VINTAGE

## So Frans, hierdie kopie moet eintlik en français wees.

Wyndeskundiges stem in die algemeen saam dat die Sauvignon Blanc-druif kultivar een van Frankryk se voortreflikhede is.

Douglas Green slaag uitmuntend daarin om hierdie reputasie nog verder trefkrag te gee. Want al die elemente wat 'n Sauvignon Blanc een van die keurigste Franse wyne maak, kan in hierdie '89 weergawe aangetref word.


Die heerlike aroma van Franse eik is teenwoordig. (Nie verbasend nie, nadat die wyn drie maande in egte houtvate vertoef het, in plaas van in die meer gewone vlekvrye staalhouers.)

Dan is daar die tipiese grasserigheid van die droëland-wingerde van Durbanville – wat so goed herinner aan die Mediterreense klimaat.

Die '89 Sauvignon Blanc werk sagkens met mens se sisteem terwyl dit smaakgenot uit die hoogste kelderrakke bied. Dit het 'n alkoholvolume van 12,10%, 'n suurgehalte van 6,92 g/l, 'n pH van 3,29 en 'n natuurlike suikerinhoud van 3,29.

Die beoordelaars was eensgesind dat dit die Alphen Wyn van die Maand toekenning moes kry – as die beste S.A. houtbeleë Sauvignon Blanc.

Maar, genoeg gepraat. Nou word dit tyd vir joie de vivre.




Ons wyne sê dit al's.

VINTAGE COLLECTION · DOUGLAS GREEN VINTAGE COLLECTION · DOUGLAS GREEN

BERNSTEIN, LOXTON, GOLDING & KLEIN 5561

# DIE OLIMPIESE SPELE

## *'n Politieke verhoog sonder gelyke*

**DIE VERBOD OP SUID-AFRIKA SE DEELNAME AAN DIE OLIMPIESE SPELE WAS DIE AFGELOPE 30 JAAR EEN VAN DIE DOELTREFFENDSTE WAPENS WAT TEEN DIE APARTHEIDBESTEL INGESPAN IS. MAAR DIE SPELE IS DEUR DIE JARE OOK VIR MINDER EDEL DOELWITTE GEBRUIK. TINUS HORN KYK NA DIE GEBEURE WAT VAN DIE SPELE EEN VAN DIE WÊRELD SE VERNAAMSTE POLITIEKE VERHOË GEMAAK HET**




GOEBBELS LEI DIE WÊRELD SE ATLETE AAN DIE NEUS. SÓ HET DIE KUNSTENAAR JOHN HEARTFIELD DIE NAZI'S SE POGING OM DIE 1936-SPELE IN BERLYN VIR PROPAGANDA-DOELEINDES TE GEBRUIK, DESTYDS UITGEBEELD.

Van Baron Pierre de Coubertin sê ideaal dat die moderne Olimpiese Spele al die nasies van die wêreld byeenbring en so vrede en verdraagsaamheid in die hand werk, het daar bitter min oorgebly. Daarvoor het Adolf Hitler en Baader-Meinhof-tereurbende gesorg.

Vandag geniet niks anders (oorloë ingesluit) meer media-dekking as die Olimpiese Spele nie. Om dié rede is daar geen beter geleentheid om jou politieke oogmerke te bevorder nie. En die Spele word skaamteloos hiervoor gebruik.

Die mees onlangse voorbeelde hiervan was die Amerikaanse boikot van die Moskou-Spele in 1980 en die daaropvolgende Russiese boikot van die 1984-Spele in Los Angeles.

Hitler was stellig die eerste persoon wat die Spele vir politieke gewin probeer gebruik het, toe hy in 1936 gesê het die swart Amerikaner, Jesse Owens, sou nie by die Spele in Berlyn welkom wees nie.

Internasionale druk het sy planne gefnuik en Owens het boonop die Nazi's se rassistiese propaganda met 'n ongelooflike kragtoer laat boemerang: drie wêreldrekords binne die bestek van dertig minute.

Owens het altesame vier goue medaljes ingeoes. Dit het nie veel gedoen om Hitler se teorie dat swartmense geneties minderwaardig is, te bevorder nie.

By die 1972-Spele het die pro-Palestynse Baader-Meinhoff-bende die wêreld geskud toe hulle die Israeli-atlete in hul slaapkwartiere aangeval het.

Hul enigste doelwit was om die wêreld se aandag op die Palestynse vraagstuk te vestig. Media-verteenwoordigers van byna elke land ter wêreld het verseker dat hulle daarin slaag.

Twee atlete is in die aanval doodgeskiet en agt is as gyselaars aangehou. Al agt atlete, vyf terroriste en 'n Duitse polisieman is in 'n daaropvolgende skietgeveg dood.

Dié bloedbad was 'n laagtepunt in die Olimpiese geskiedenis wat hopelik nooit herhaal sal word nie. Maar niks kan meer dieselfde wees nie. Politiek het die Olimpiese ideaal onherstelbaar geskaad. Die bloedvlek is onuitwisbaar.

In 1976 het al die Afrika-lande die Spele geboikot uit protes teen onder meer die besoek van Andy Leslie se All Black-rugbyspan aan Suid-Afrika, en so 'n hele nuwe tradisie begin.

In 1980, toe die Spele in Moskou gehou is, het die Koue Oorlog 'n draai daar gemaak toe die destydse Amerikaanse president, Jimmy Carter, sy misnoeë met die Russiese inval in Afghanistan getoon net deur die Amerikaanse Olimpiese span, wat reeds gekies was, te beveel om tuis te bly.

Omdat Amerika nog altyd een van die sterkste Olimpiese spanne ter wêreld gehad het, was Carter se plan - om die Spele van al sy glans te beroof - 'n groot sukses.

Die Spele word immers gereël om al die wêreld se voorste atlete teen mekaar op te weeg. Dit is 'n toets wat bepaal wie die wêreld se heel beste sportmanne en -vroue is; as die deelnemers nie voltallig is nie, is die wenners hul glorie kwyt.

Maar Amerika se onttrekking het niemand meer nadelig geraak as sy eie atlete nie.

Baie van hulle - soos die middelafstandatleet Mary Slaney en die sierduiker Greg Louganis - was gereed om die rekordboeke in Moskou te gaan herskryf. Uiteindelik moes hulle die Spele op televisie volg en toekyk hoe minder talentvolle atlete met die goue medaljes wegstap.

Hieroor was Carter natuurlik nie besorg nie; hy het mos 'n diplomatieke oorwinning behaal.

Vier jaar later het die Sowjet-Unie met mening teruggeslaan deur hom aan die Spele in Los Angeles te onttrek. Die magtige Oos-Duitsland, sowel as Kuba, wat nie juis 'n krag is nie, het hulle by die Sowjet-Unie geskaar.

Die rede wat aangevoer is vir hul onttrekking, was dat daar vir die veiligheid van die atlete gevrees is. Almal het geweet dis eintlik uit weerwraak teen die Moskou-fiasko gedoen.

Dié keer was die boikot nog meer geslaagd; om te bewys dat die Spele hoegenaamd nie verteenwoordigend van die wêreld se beste sport-prestasies was nie, is die Vriendskapspele gereël vir lande wat die boikot gesteun het.

In 20 van die 41 Olimpiese atletiek-nommers het Oosblok-atlete beter gevaar as die wenners van die goue medaljes in Los Angeles.

Die Golfoorlog ten spyt, is daar 'n sterk moontlikheid dat die 1992-Spele byna met 'n voltal deelnemers sal kan spog. Selfs Suid-Afrika sal dalk deel wees van die wêreld se grootste sport-skouspel. 'n Mens kan net hoop dat dieSpele êrens in die toekoms weer as 'n simbool van vriendskap en welwillendheid gesien sal kan word.

Roger Banister, die eerste man wat die myl in minder as vier minute kon aflê, het by 'n geleentheid gesê hy sou eerder 'n Olimpiese goue medalje wou wen. Dit bly die grootste droom wat 'n atleet kan hê. VW

## SUID-AFRIKA SAL NIE NOU VEEL UITRIG NIE

SUID-AFRIKA het nie 'n Emil Zatopek, 'n Mark Spitz of 'n Nadia Comaneci wat volgende jaar in Barcelona die wêreld se aandag op dié land sal vestig nie.

As ons wel deelneem, sal dit stellig 'n beskeie hertoetrede tot die Spele wees. Drie dekades se isolasie en die feit dat daar tot dusver bitter min gedoen is om talent onder die land se swart inwoners te ontgin, sal daarvoor sorg.

Atlete soos Dries Vorster (400 hekkies) en Evette de Klerk (100m en 200m), wat hier keer op keer die kalklig steel, sal by die Spele in die bondel hardloop - as hulle die eindronde haal.

(As Karen Kruger voortaan meer aandag aan die kort naelloop skenk, kan sy dalk ons voorste deelnemer in die 100 word. Die feit dat sy De Klerk onlangs kon klop, ten spyte van die feit dat sy haar op die verspring toespits, getuig van hope onontginde talent).

Daar is darem 'n paar atlete waarop ons vir goeie vertoning uitsonderings; die oud-Yank Tom Petranof kan beslis die spiesgooi wen. Hy spog tans met die tweede, deerde en vierde beste afstande van alle tye; Frith van der Merwe sal een van die voorste aanspraakmakers op goud in die marathon wees en Myrtle Bothma sal 'n buitekans in die 400m hekkies staan.

Dan is daar nog Zola Pieterse en Elana Meyer (albei 5 000), Willie Mtolo (marathon), Zelda Pretorius (800) en 'n paar ander wat dalk 'n plek op die podium kan losslaan.

Ons het nie 'n enkele swemmer wat 'n indruk tussen die wêreld se bestes kan maak nie.

Suid-Afrika se boksers en stoeiers het egter in die verlede goed rekenskap van hulself gegee, en kan dit weer doen.

Anders as in atletiek is daar geen manier om dié manne teen hul internasionale eweknieë op te weeg nie, maar die opkoms van jong boksers uit die townships het ongetwyfeld die gehalte van dié sportsoort die hoogte laat inskiet.

Daar is geen tekort aan talent in die land nie. Barcelona sal 'n goeie losmaker wees, en in 1996 kan Suid-Afrika dalk weer sy plek in wêreldsport behoorlik volstaan. VW

# Sentrum Vir Suider-Afrika Studies

Die Sentrum vir Suider-Afrika Studies (SSAS) is met behulp van 'n ruimhartige en insiggewende skenking deur die Ford-Stigting tot stand gebring. Suid-Afrika se meederheid het tradisioneel geen toegang tot streek- en internasionale aangeleenthede geniet nie, en die SSAS spits hom daarop toe om diè leemte uit te wis deur inligting oor sodanige aangeleenthede na te vors en aan 'n breër Suid-Afrikaanse gehoor beskikbaar te stel.

Die volgende fellowships en leerlingskappe, wat deel vorm van 'n deurlopende program, is kontrakaanstellings en besoldiging sal ooreenkomstig universiteitskale geskied.

## Fellowships

Die sentrum bied verskeie fellowships aan toepaslik gekwalifiseerde kandidate met 'n opregte belangstelling in Suider-Afrika-vraagstukke. Die werk wat tans by SSAS onderneem word, behels hoofsaaklik Suider-Afrika-vraagstukke in die post apartheid-situasie, met die fokus op ekonomiese en sekuriteitskwessies. Aansoekers met ander belangstellings sal ook oorweeg word.

## Leerlingskappe

Aansoeke word ingewag vir 'n beperkte getal leerlingskappe. Formele tersiêre opleiding is nie 'n noodsaaklike vereiste vir aanstelling nie, maar aansoekers moet afdoende bewys van opregte belangstelling in Suider-Afrika-aangeleenthede toon.

Aansoeke vir enigeen van bogenoemde vakatures moet vergesel wees van 'n gedetailleerde CV (insluitende kontaktelefoonnommer) en gerig word aan: Die Mede-Direkteure, Sentrum vir Suider-Afrika Studies, Universiteit van Wes-Kaapland, Privaatsak X17, Bellville 7535.

Universiteit van Wes-Kaapland

ADMARK DIE BESTE MENSE VIR DIE TAAK C70980

# Academic Development Centre

Applications for the following posts are invited from persons prepared to make a dynamic contribution to the University's commitment to the establishment of a non-racial, democratic society. The following permanent posts have arisen within our new Academic Development Centre, created in accordance with the University's commitment to addressing educational disadvantages as a majority phenomenon on campus.

All appointees will be expected to assume duties on 1 July 1991 or as soon as possible thereafter.

## Jnr Lecturer/Lecturer/ Snr Lecturer

**ideally with some experience in teaching underprepared students.**

Your key function in one of these two permanent positions will be to provide creative input to the University's Academic Development Programme. Taking broad-based responsibility for several departments in one or more faculties, you will liaise with our academic staff on curriculum design, student learning problems, teaching and evaluation methods, tutor training, etc.

Ideally, you possess a Master's degree, an educational qualification, experience in teaching underprepared students at tertiary level, as well as familiarity with current research into student learning. Experience in an academic development/support programme would further recommend you.

## Language Co-ordinator

At Lecturer/Snr Lecturer level, your chief responsibility will be to co-ordinate the Centre's Language Programme. This will involve the design and implementation of English language and related academic skills programmes.

The post calls for a postgraduate qualification in English or a language-related field, together with extensive experience in teaching and course design at tertiary level.

To all appointed, the University offers negotiable salaries, plus the following benefits: • where applicable, a generous housing subsidy; assistance with relocation expenses and with the University education of immediate dependants • annual bonus (13th cheque) • generous leave • medical aid • pension scheme • group life assurance scheme • sports and recreational facilities.

Further details are available from Prof URR Plüddemann, Acting Director of the Centre, on (021) 959-2390 or 959-2534; fax (021) 951-2602. Application forms can be obtained from (021) 959-2989. Alternatively, send a detailed CV (including the names and addresses of 3 contactable referees and indicating the level of post for which you are applying) in assured confidence to the Personnel Department, University of the Western Cape, Private Bag X17, Bellville 7535.

Closing date: 18 April 1991.

University of the Western Cape

ADMARK THE BEST PEOPLE FOR THE JOB C70989

# SAKEVERNUF benodig vir 'n dinamiese KOÖPERATIEWE pos

**Kan jy deel vorm van die span wat daarvoor verantwoordelik is om ons suksesvolle produksie-koöperatiewe in hul groot sprong vorentoe te begelei?**

**In dié pos moet jy sake-geleenthede uitsnuffel, beplan om hulle te benut, en die dryfkrag en vernuf hê om hulle winsgewend te verwesenlik. Jy sal waarskynlik oor produksie-vaardighede beskik, met die vermoë om die daaglikse bestuur van Overberg Koöperatiewe Dienste te behartig.**

**Die suksesvolle kandidaat sal in staat wees om in noue kontak saam te werk met die Afrikaans- en Xhosa-sprekende werkers wat jou sal aanstel. Jy sal die risiko's én die opbrengste met hulle deel. Boonop sal jy in 'n dinamiese en opwindende werkomgewing in die pragtige dorp Montagu werk. Kom onderhandel jou voorwaardes.**

**OCS is 'n dienste-koöperatief wat bestuursdienste aan drie suksesvolle produksie-koöperatiewe voorsien. Ons vervaardig uitstekende meubels en futon-matrasse. Ná 10 jaar in die bedryf beskou ons onsself as vaste en groeiende lede van die koöperatiewe sektor in Suider-Afrika. Stel jy daarin belang om deel te neem? Skakel Carol by 0234-41088 - of stuur 'n CV aan Kohlerstraat 12a, Montagu, 6720 vóór 20 April.**

# Maré Norval & Associates

**ENGINEER**
(MECHANICAL)

* CAPE TOWN
* HIGH NEG PACKAGE
* FLUENCY IN XHOSA/ZULU

An excellent opportunity exists for a qualified engineer, preferably in the mechanical field, with +- 2 years working experience.
Our client, a blue chip company will be training you, after which you will move into an Engineering Manager's position.
Excellent benefits including housing exists for the right calibre person with strong management skills.
Please phone Maré Norval from Maré Norval and Associates at 021 - 4194441

**Hier het jy dit in jou hande: een van die opwindendste gebeurtenisse nog in die Suid-Afrikaanse media-geskiedenis. Maar ons wil voorstel jy moet dadelik inteken op die tydskrif sodat jy dit gereeld by jou huis afgelewer of per pos aangestuur kan kry. Dit is nie altyd ewe maklik om die tydskrif in jou naaste kafee of boekwinkel te kry nie, en boonop gaan ons verkoopprys binnekort skerp styg. Vir die volgende paar weke kos Vrye Weekblad nog R75 vir 'n jaar en R40 vir ses maande. Dit sluit AVB en afleweringskoste in. Stuur dus dadelik dié vorm aan: Vrye Weekblad Verspreiding, Posbus 177, Newtown 2113.**

VWB

Ek wil op Vrye Weekblad inteken vir:

Twaalf maande ☐ ses maande ☐

en sluit hierby 'n tjek/poswissel vir R____ in.

Naam ____________

Adres ____________

____________

# DIE HORING VAN AFRIKA VERBROKKEL

NAIROBI - Die Horing van Afrika, verskeur deur burgeroorlog, hongersnood en etniese konflik, verkeer in die greep van 'n politieke omwenteling wat die politieke kaart van die vasteland vir die eerste keer in die post-koloniale era kan verander.

Etiopië, die verarmde reus van die gebied, waar voorstanders van afskeiding en rebelle op die punt staan om die hervormde Marxistiese president se bewind omver te werp, bied die helderste voorbeeld van die drama wat hom in dié landstreek ontvou.

Die nasionale eenheid word bedreig in Etiopië en die aangrensende Somalië, terwyl 'n poging tot 'n staatsgreep in Djiboeti die aandag gevestig het op die etniese konflik tussen die Afars en die Issas wat in die voormalige Franse gebied woon.

Etiopië ondervind die grootste spanning weens die moontlikheid van sowel die omverwerping van pres Mengistu Haile Mariam se bewind as die afskeiding van die noordelike provinsie Eritrea.

Onsekerheid oor die voortbestaan van die Mengistu-regime het toegeneem sedert rebelle van Eritrea en Tigre einde Februarie 'n gesamentlike aanslag onder die kodenaam "Theodoros" begin het.

In Somalië het pres Siad Barre se vlug uit Mogadishu einde Januarie gelei tot anargie, hewige stamoorloë en 'n vergrootte gevaar van afskeiding.

In Djiboeti, tot dusver bekend as 'n "oase van vrede", het 'n poging tot 'n staatsgreep in Januarie gewys dat die Afar-gemeenskap al hoe meer ontevrede raak omdat hulle geen mag gegun word nie.

Sedert 23 Februarie word die Etiopiese administrasie in Addis Ababa geteister deur 'n gekoördineerde militêre veldtog deur die Tigre People's Liberation Front (TPLF) en die Eritrean People's Liberation Front (EPLF).

Diplomate in Etiopië sê die aanslag aan drie uitgestrekte fronte is die hewigste tot dusver en klaarblyklik daarop gemik om die hoofstad af te sny of selfs in te neem.

Ná 'n maand se stryd veg die TPLF nou as die Ethiopian People's Revolutionary Democratic Front (EPRDF) en dus as 'n nasionale eerder as 'n streekbeweging.

Dié beweging beheer nou die provinsies Tigre, Gondar en Gojjam en gedeeltes van Wollo, Wollega en Shoa, waar die hoofstad geleë is.

Die gesinne van honderde diplomate is die laaste twee weke deur ambassades in Addis Abeba die land uit gestuur uit vrees dat die stad nes Mogadishu geplunder sal word.

Terwyl die Tigreane se aanslag voortduur, het rebelle wat onafhanklikheid vir Eritrea wil hê, 'n mag van sowat 2 000 vegters gevoer tot binne 20 kilometer van die hawe Assab, die vernaamste verskaffer van voorrade aan die hoofstad.

Sedert Feruarie verlede jaar beheer die vegters van Eritrea die naasgrootste hawe in die land, Massawa, en omsingel hulle die provinsie se hoofstad, Asmara, waar 150 000 soldate - sowat die helfte van die sentrale regering se staande mag - vasgekeer is.

As dié soldate terugval om die hoofstad teen die TPLF te verdedig, sal Asmara in die EPLF se hande val - en die mense van Eritrea die onafhanklikheid kry waarvoor hulle nou al 30 jaar veg.

Afskeiding sal dan 'n werklikheid word in Etiopië, die grootste land in dié wêrelddeel, met 'n bevolking van 52 miljoen.

Die aangrensende Somalië kan dalk ook afskeiding ondervind in die nadraai van die 21 jaar lange regering van pres Mohamed Siad Barre. Hy is op 27 Januarie uit Mogadishu verdryf deur 'n rebelle-mag, die United Somali Congress (USC), wat ses maande lank geveg het.

Dié mag, uitsluitend saamgestel uit lede van die Hawiye-stam, het hulle die gramskap van ander gewapende groepe op die hals gehaal deur Ali Mahdi Mohamed as "provinsiale" president aan te stel. Die nuwe president was nie in staat om die strydende faksies in die land te verenig nie. Die faksies is op stam-affiliasies gegrond.

Gevegte duur voort in die sentrale gedeelte van die land, wat deur die Hawiye oorheers word. In die noorde het die Somali National Movement (SNM) sy eie regering van elf lede gevorm, asook 'n parlement, en ook sy eie "nasionale vlag" in rooi, wit en groen ontwerp.

Maar die beweging het nog nie onafhanklikheid verklaar in die voormalige Britse Somalieland nie.

In die suide het die lede van die Darod Konfederasie, wat oud-ondersteuners van Siad Barre insluit en naby die grens met Kenia skuiling gesoek het, sy magte by Kismayo begin hergroepeer in 'n poging om na die hoofstad deur te breek.

Tussen sy twee groot bure ervaar die vasgeknelde Djiboeti, met 'n bevolking van sowat 500 000 mense, nou al jare die skokke van die nabygeleë konflikte. Die aankoms van tienduisende Somaliërs dreig om die fyn ewewig te versteur tussen die Affars en die Issas, wat etnies van Somaliese oorsprong is.

MICHEL SAILHAN - AFP. VW



Ondersteuners van die Demokratiese Party van Albanië voor die hoofkantoor van dié party in Tirana tydens die eerste vrye verkiesings in dié land in 46 jaar. Die kommuniste het die verkiesing met 'n bykans twee derde meerderheid gewen en hoewel die kommunistiese leier van Albanië, pres Ramiz Alia, sy setel teen 'n haas onbekende kandidaat verloor het, gaan hy as leier van die land aanbly. Volgens ontleders het die kleinboere, 65 persent van die bevolking, die kommuniste se oorwinning verseker. Sali Berisha, die leier van die Demokrate, sê sy party gaan nie saam met die kommuniste 'n koalisie vorm nie. (Foto: AP)

# QUEBEC BEUR NA ONAFHANKLIKHEID

QUEBEC STAD - Die Franssprekende separatiste in Quebec beur stadig maar seker vooruit in hul poging om van Kanada af te skei - en in Oktober aanstaande jaar word 'n referendum oor onafhanklikheid gehou.

Anders as in Oos-Europa, waar die strewe na onafhanklikheid dikwels in gewelddadige betogings op straat uitgedruk is, word die onafhanklikheidstryd in Kanada meer "beskaaf" gevoer - in die raadsale van komitees en kommissies.

Maar die emosies wat ten grondslag lê aan die separatiste-beweging in dié oorwegend Franssprekende provinsie in die andersins oorwegend Engelssprekende Kanadese Federasie is nie minder hewig as dié in die Sowjet-Unie, Joegoe-Slawië en Tsjeggo-Slowakye nie.

Van Quebec se mense is 62 persent ten gunste van onafhanklikheid - hoewel hulle volgens die jongste meningspeiling die eufemisme "soewereiniteit" verkies. Hulle sê hulle wil afskei sodat hulle "baas kan wees in hul eie huis".

Die onafhanklikheidsbeweging het verlede week 'n hupstoot gekry toe 'n spesiale parlementêre kommissie aanbeveel het dat die premier van Quebec, Robert Bourassa, in 1992 'n referendum oor die moontlike afskeiding van Kanada hou.

Die kommissie, onder leiding van die sakemanne Michel Belanger en Jean Campeau, sê as Kanada nie binne die volgende 18 maande groter outonomie aan Quebec gee nie, sal 'n referendum gehou word.

As die meerderheid "ja" sê vir onafhanklikheid, sal Quebec presies een jaar ná die referendum die status van 'n onafhanklike staat verkry.

Twee basiese opsies is egter opsigtelik deur die kommissie verswyg - dat Quebec in 'n hernieude federasie deel van Kanada bly, of volslae onafhanklikheid.

Dié scenario gee Bourassa se Liberale Party die beweegruimte om voor Oktober 1992 'n nuwe vennootskap met Kanada te beding en so die volslae onafhanklikheid af te weer wat geëis word deur die Kanadese opposisie-party, die separatistiese Quebecois-party.

Die Liberale Party het vroeër vandeesmaand sy posisie verstewig deur 'n nuwe, hoogs outonome beleid te aanvaar.

"Quebec se strategiese posisie was nog nooit só stewig nie," sê een ondersteuner van soewereiniteit in die Belanger-Campeau Kommissie, wat saamgestel is uit 36 verteenwoordigers van politieke partye, sakegroepe en vakunies.

Die huidige steun vir onafhanklikheid staan in skerp teenstelling met die situasie in Mei 1980, toe 60 persent van die stemgeregtigdes in die eerste referendum "nee" gesê het vir onafhanklikheid.

Die federale regering se mag onder die konserwatiewe eerste minister Brian Mulroney is aansienlik minder as onder die bewind van sy liberale voorganger Pierre Elliott Trudeau.

Die regering se gesag kan selfs verder verminder indien 'n nuwe onafhanklikheidsparty, die Quebec-bloc, wat bestaan uit Franssprekende ondersteuners van soewereiniteit en andersdenkendes van die Konserwatiewe Party, opgang maak in die federale verkiesings van 1992 en 1993 - soos meningspeilings voorspel.

Aangesien Quebec naas Ontario die meeste inwoners het, kan die Federale Party selfs landwyd 'n meerderheidstem verkry.

Boonop staan die Franssprekende provinsie ekonomies baie sterk en kenners meen hy kan ekonomies onafhanklik wees as hy wegbreek van Kanada, sewende op die wêreld se ranglys van nywerheidslande.

Quebec is ryk aan hidro-elektriese hulpbronne en het 'n taamlik gediversifiseerde mark. Sy bruto nasionale produk ewenaar dié van België en Denemarke.

Maar Bourassa, anders as sy voorganger in 1980, Rene Levesque, is geen fanatieke ondersteuner van soewereiniteit nie - eerder 'n verloopte federalis sedert verlede jaar se nederlaag van die Federale-Provinsiale Verdrag, wat Quebec sou toegelaat het om 'n "afsonderlike samelewing" onder Kanada se grondwet te word.

Politieke waarnemers sê Bourassa wil Kanada 'n laaste kans gee om 'n "nuwe vennootskap" met Quebec aan te gaan. Maar oor 18 maande sal die mense besluit.

HERVE LIONET - AFP VW



JOHN HOGG STAL SY DANSFOTO'S TYDENS DIE POT-POURRI-FEES BY WINDYBROW UIT. DIE FEES - SIEN PROGRAM OP BLADSY 38 - DUUR TOT 27 APRIL. BO IS JEANETTE GINSLOV IN 'SANDSTONE'.

# MOURNING THE DEATH OF FAMILY

**BARRY LEVINSON'S 'AVALON' IS A BIT LIKE MEDICINE: YOU KNOW ITS GOOD FOR YOU, BUT YOU WISH YOU DIDN'T HAVE TO TAKE IT. ANDREA VINASSA SWALLOWED THE PILL AND LIVED.**

*The Eastern European immigrant experience is usually seen as a New York story. The sweatshops, the five-story tenement walkups, the crowded Lower East Side - that's how the nation has come to view this saga.*
*However, the stories that I heard and the pictures that I saw when I was growing up in Baltimore spoke of a different experience, perhaps because Baltimore is a North/South city, the pace was slower, it was not as congested, work was easier to find and living conditions were better.*
*So out of rememberances of stories told by my grandfather, "Avalon" began.* - **Barry Levinson**

*Avalon* is the kind of film you can admire and appreciate, but never really enjoy. A potentially conventional essay on nostalgia, Levinson turns sentiment on its head, leaving us with nothing more comforting than the idea that life is composed of a series of trivial incidents and is not a succession of meaningful events.
With *Avalon* Levinson charts familiar territory - the immigrant family come to America's glittering shores to avail itself of the freedoms of the New World, having succumbed to the lure of the American Dream.
*Avalon*, less Neil Simon than Anton Chekov, is the semi-autobiographical chronicle of Levinson's extended family and its convoluted relationships. Armin Muehller Stahl, characteristically dour as the patriarch, is the central figure in this bleak and often funny meditation on the disintegration of the family as we know it, or as Levinson knows it. He transforms the past into a horror of banality, thankfully avoiding the sepia-tinted musings of his cinematic forebears.
The idiosyncrasies of the inhabitants of Levinson's Baltimore have provided the creative impetus for *Diner*, an amusing glimpse into male-female dynamics (or lack thereof) before the sexual revolution, and *Tin Men*, a hard-edged comedy about infidelity. In these films husbands and wives have little to say to each other. In *Avalon* they have even less to say to each other, the arrival of television exacerbating the gulf between individual family members.
At times tediously anecdotal and self-indulgent, *Avalon* deserves credit for the immaculate detail in which Levison portrays his disenchantment with the modern world that shows no need of family. He assiduously avoids "being profound" as he dismantles the myths of the past and documents the spiritual price of entering whole-heartedly into the consumer age. Unleavenend by intellectual impositions on the passing parade of his ancestors, Levinson provides no succour for the faint-hearted. However, several keenly observed insights into the vicissitudes of character compensate for the emotionally gruelling latter scenes. VW


dié week by die
MARK-TEATER

UPSTAIRS BY DIE MARK
Jeremy Taylor se
BROEDERSTROOM DIARIES
"Vintage Taylor at best"
Ma - Vr 8.15nm, Sa 6.15nm & 9.15nm

KIPPIES BY DIE MARK
UMBONGO - Huldeblyk aan Victor Ndlazilwana
Di - So

MARK-WAREHOUSE
Open binnekort as kunsgalery

MARK-TEATER
SHADOWLANDS deur William Nicholson
"Memorable evening's entertainment" - Pta News
Directed by Janice Honeyman
Met Brian Murray, Helen Bourne, Michael McCabe, Ron Smerczak, Kenneth Baker, Norman Coombes
Ma - Vr 8nm, Sa 5.45nm, 9nm

MARK-GALERYE
LIFE IN THE LIBERATED ZONE
SA stedelike ontploffing deur David Lurie
Skilderye deur Loren Hodes en Sophia Soseilos

DIE LAAGER
STRUTS AND FRETS
Regie deur Vanessa Cooke
Met Kate Edwards, Fiona Ramsay en Tony Bentel
Ma - Vr 8.15nm, Sa 6.15nm & 9.15nm

Telefoon 832-1641
Bespreek by enige Computicket, tel 28-3040
Johannesburgse Vlooimark: Elke Saterdag van 9vm tot 4nm
Nuwe mark in Pimstraat van 9vm tot 4nm. Sondae by die Mary Fitzgeraldplein van 9 vm tot 4nm.


# DIÉ BEER DOEN DIT VIR JOU

**CORNÉ COETZEE HET GAAN KYK NA TWEE JOHANNESBURGSE KINDERSTUKKE**

Winnie-the-Pooh (die Britse beer, nie die Suid-Afrikaanse Winnie-in-the-pooh nie), is 'n vet, vraatsige vent met min brein. Hy is ook lojaal, dapper, kreatief, snaaks en gaaf vir klein diertjies. En suurknol-ideoloë wat meen dat die Pooh-stories Brits-imperialisties en bourgeois is, verdien om dié prettige kindertoneelstuk mis te loop. Want Pooh is ook 'n allemansbeer, een op wie jy jou vrese en mislukkings kan projekteer en wat jou oorwinnings vir jou kan behaal.
Jill Girard se produksie van *Winnie-the-Pooh* is kleurryk, luidrugtig, vrolik. Sy is nooit neerbuigend teenoor haar gehoor nie en haar stuk is dinamies en robuust. Martin Le Maitre vat Pooh se eienskap van onbeholpenheid goed raak en Bradley Saul Mart is veral vir volwassenes baie snaaks as die aartspessimis Eeyore.
Die stuk is geskik vir outjies van so drie en 'n half tot tien.
Beatrix Potter se stories het sowat 20 jaar voor Milne s'n begin verskyn en die lieftallige Victoriaansheid daarvan spreek nie werklik meer tot kinders nie. Wanneer sy egter 'n goeie storie beet het, soos Peter Rabbit, steun sy nie meer op soetlike oulikheid vir haar bekoring nie: as die booswig die held jaag, jil die gehoor van pret.
Joyce Levinsohn se aanbieding is fyn en noukeurig, en Bryan Schimmel en Margo Fleisch se stel en kostuums is volkome in die gees van Potter se illustrasies. Die choreografie, soos sommige van die karakters, is ietwat yl. Kate Normington se Jemima Puddleduck is manjifiek en die Vos (Glenn Swart) se liedjie "I'll Have You For Dinner" maak van dié storie eersteklas pantomime.
'n Moet vir bewonderaars van die Beatrix Potter-stories.
Sien die Dear Reader nie kans om deur toneelstukke oor hasies en speelgoedjies te sit nie? Gaan gerus: dis die ene seks. Deur 'n Freudiaanse bril gesien, word Milne se onderdrukte Oedipus-kompleks sigbaar, en merk 'n mens ook op dat Potter se karakters gedurig hul klere verloor.

* WINNIE-THE-POOH IS TOT 15 APRIL IN DIE INTIMATE-TEATER IN RISSIKSTRAAT TE SIEN EN TALES OF BEATRIX POTTER TOT 16 APRIL IN DIE WITSTEATER. PARKERING IS SKAARS BY ALBEI. VW


Vernuwend! Vermaaklik!
PACT DRAMA TRUK TONEEL 1991 DALRO POT-POURRI ARTS FESTIVAL • KUNSTEFEES
Musiek, Kabaret, Dans en Toneel – die beste nuwe inheemse werk
WINDYBROW: 4 – 27 April
Volle program by teater beskikbaar
Navrae: (011) 720-7094/5

TENSY DIE REGERING HAND BYSIT MET 'N TEKORT VAN R10 MILJOEN IN MEDUNSA SE FINANSIERING, SAL DIÉ UNIVERSITEIT NOODGEDWONGE SY BEDRYWIGHEDE MOET

# MEDUNSA VEG OM SY BESTAAN

AFSKAAL EN SY FAKULTEIT VEEARTSENYKUNDE MOET SLUIT. HIEROOR IS DIE PERSONEEL EN STUDENTE BITTER ONGELUKKIG. HULLE BESKOU DIÉ UNIVERSITEIT NIE MEER AS 'N APARTHEIDSINSTELLING NIE EN MEEN DIE BESNOEIINGS KAN DIE ERNSTIGE TEKORT AAN SWART DOKTERS EN VEEARTSE VERERGER. **INA VAN DER LINDE** DOEN VERSLAG

Pretoria, blasé na al die protesoptogte van groepe wat strek van die ANC, die AWB, vrouegroepe en die boere, het onlangs nóg 'n sonderlinge opmars beleef: 'n klomp bra selfbewuste professore, doktore, dokters, veeartse en studente van Medunsa (Mediese Universiteit van Suid-Afrika) het die klaskamers vir die straat verruil om 'n boodskap aan die Staatspresident by die Uniegebou te loop bring.

Die rede vir die opmars is die nypende geldtekort van R10 miljoen - wat beteken dat Medunsa sy bedrywighede drasties sal moet afskaal, en dat die opleiding van veeartse gestaak sal moet word.

Dit is moeilik om die ironie rondom die Medunsa-opmars mis te kyk - want is dit nie presies wat die einde van die apartheidsera beteken nie? Dat duur opleidingsgeriewe wat weens die beleid van "afsonderlikheid" geduplikeer is, sal moet verdwyn nie?

Sê prof Neville Owen, dekaan van die fakulteit Veeartsenykunde: "Ons moes onsself afvra of dié instelling 'n apartheidsinstelling is. Is die antwoord ja, het ons aan die studente gesê, moet ons dit sluit. Die studente het na ons teruggekom en hulle volle steun gegee vir die poging om dié fakulteit en die universiteit te red."

Die voorsitter van die Studenteraad, Wynton Rabolao, sê in 'n memorandum hoewel Medunsa histories gesien 'n verlengstuk van die apartheidsbeleid is, het die universiteit daarin geslaag om weg te kom van sy beeld as 'n tweedeklas-instelling vir swart mediese en verwante opleiding. Die universiteit se opleiding word byvoorbeeld deur die Britse Mediese Vereniging erken.

Nou beveg die studente nie langer dié stelsel nie, maar veg hulle vir die behoud van 'n instituut wat hom in Rabolao se woorde "ten doel het om die agterstand in onderrig wat ontstaan het weens die berugte apartheidsbeleid" uit te wis.

Medunsa is in 1976 gestig as deel van die onbuigsame beleid van afsonderlike geriewe vir wit en swart. Swart mediese studente is destyds, met uitsondering van die Universiteit van Natal, nêrens toegelaat nie.

Medunsa was aanvanklik 'n sogenaamde staatsuniversiteit, soos al die swart universiteite, en het eers in 1984 outonoom geword. Sedertdien ontvang hulle, soos alle universiteit, geld volgens die sogenaamde Sanso-formule.

Volgens die rektor, prof Leon Taljaard, was die verstandhouding van meet af aan dat dié formule nie op Medunsa van toepassing gemaak kan word nie, omdat die inrigting op 'n klein studentetal gerig was. Daar is op die oomblik sowat 2 000 studente.

Enige universiteit met minder as 4 000 studente, sê Taljaard, kan nie op dié grondslag gefinansier word nie. 'n Aanpassing is in die formule gemaak om voorsiening te maak vir besondere uitgawes, soos vervoertoelae vir personeel wat sowat 40 km van die middestad van Pretoria by GaRankuwa werk.

Die toekenning word gegrond op studentegetalle van twee jaar tevore. Die 1991-subsidie sou bepaal word volgens die 1989-getalle, die jaar waarin Medunsa sy grootste groei tot dusver beleef het - 25 persent. Dis ook die jaar waarin 'n vierde fakulteit, Basiese Wetenskappe, tot stand gekom het.

Basiese wetenskappe lei mense op in vakke soos wiskunde en wetenskap, waarin daar veral op onderwysgebied 'n groot agterstand is.

Nou het die regering besluit dat die Sansoformule op 1990 gegrond word - en daarmee is die universiteit in 'n groot finansiële krisis gedompel.

Taljaard sê weens allerlei geskiedkundige faktore is daar ook mense in sy personeel wat dienste aan die GaRankuwa-hospitaal lewer wat normaalweg deur die Transvaalse Provinsiale Administrasie betaal word. Onderhandelinge is aan die gang om dit reggestel te kry - maar selfs dan sit die universiteit met 'n tekort van meer as R5 miljoen.

Die ander inkomstebronne van 'n universiteit is studentegeld en skenkings. Medunsa gee voorkeur aan swart studente - en dis nie omgekeerde apartheid nie, sê Taljaard, want die geweldige agterstand in die swart onderwys maak dit onregverdig om te verwag dat swart studente met hul wit eweknieë moet meeding as dit by keuring kom.

Die studente kom uit 'n minder bevoorregte omgewing en gesinne kan skaars studentegelde bekostig. Meer as 90 persent van die studente aan Medunsa kry finansieel baie swaar en 'n verhoging op dié gebied is buite die kwessie.

"In elk geval is ons studentetal so klein dat selfs 'n verhoging van 100 persent in studiegeld ons nie sal red nie," sê Taljaard.

Hy is openhartig oor die feit dat die universiteit weens stakings en biokotte van die verlede, 'n swak beeld by private skenkers gekry het. Dié wat wel geld skenk, doen dit vir navorsing en gemeenskapsdienste, maar is onwillig om geld te gee vir ontwikkeling of vir die bedryfskoste van die universiteit self.

Wat die klasboikotte en selfs die sabotasie van studentekafeterias betref, sê Taljaard: "Dit was meestal elemente van buite, maar daar was ook interne reëlings aan die universiteit waaroor hulle heeltemal tereg in opstand was. Dié voorvalle, hoeveel regverdiging daar ook voor was, het die beeld van die universiteit skade gedoen en houdings verhard, maar is moontlik nou iets van die verlede."


Nog 'n faktor is dat die universiteit so jonk is en nie die geleentheid en middele gehad het om 'n reserwe-fonds op te bou of, soos ander universiteite, rente-opbrengste uit beleggings ontvang nie.

Indien hul pleidooi by die regering op dowe ore val, en al die ander planne om geld te kry nie werk nie, sal dit beteken dat die fakulteit Veeartsenykunde sal moet sluit, sê Taljaard.

"Dit is die duurste fakulteit omdat dit deur die universiteit bedryf word - en nie deur die Departement van Gesondheid, soos die hospitaal en die tandheelkundige hospitaal, nie. Veral die dierehospitaal, wat op die oomblik in die klubhuis van 'n (onnodige) gholfbaan gehuisves word, is in gedrang."

Die departement van dieetkunde en farmakologie sal moet sluit, en ander besparings waaraan noodwendig gedink sal moet word, is die sny van vervoertoelaes, die inkorting van oudiovisuele hulpdienste, en die inkorting van personeel, sê Taljaard.

Dié stappe kan die bestaande tekort aan swart medici ernstig vererger. VWB




DR MERVIN CAMPBELL (HEEL LINKS OP LINKERKANTSTE FOTO), HOOF VAN DIE DIEREHOSPITAAL, EN (OP DIE REGTERKANTSTE FOTO) DIE REKTOR, PROF LEON TALJAARD, EN DIE VISE-REKTOR, PROF EPHRAIM MOKGOKONG, LEI DIE MEDUNSA-OPMARS NA DIE UNIEGEBOU OM 'N VERSOEKSKRIF VIR DIE OORLEWING VAN MEDUNSA AAN DIE STAATSPRESIDENT TE OORHANDIG. REGS IS DIE VOORSITTER VAN DIE STUDENTERAAD, WYNTON RABOLAO

## VEEARTSE HELP MENSE OM TE OORLEEF

'n Bok in 'n kruiwa, met die agterbeen lelik bebloed bokant die hoef, wag in 'n ry saam met vyf maer honde en hul base. Moontlik 'n beenbreuk, sê dr Mervin Campbell, hoof van die dierehospitaal by Medunsa.

Die bok se baas wag geduldig, leiriem in die hand, voor die witgekalkte buitegeboutjie wat dien as buitekliniek van die dierehospitaal, diep in Bophuthatswana.

Binne is 'n veearts besig met 'n benerige jong hondjie, wat op 'n haar na lyk soos al vyf honde wat buite wag. Die hond word op 'n staaltafel vasgehou deur 'n jong seun wat kort-kort liefderyk oor die ligbruin vel streel.

Deur 'n tolk verduidelik die veearts aan die seun wat sy hond nodig het. Onder meer behoorlike voeding.

Wat die hond se baas moeilik kan bekostig. Want arm mense het arm honde, sê Campbell. Dit beteken nié, soos die algemene persepsie onder witmense is, dat hulle nie van honde hou of nie vir hulle sorg nie. Honde eet wat hulle base eet - dikwels net pap, en dikwels sónder melk.

Dié buitekliniek is een van drie, sê Campbell, 'n man met 'n sonbruin wat net kom van jare in die veld deurbring.

Prof Neville Owen, dekaan van Veeartsenykunde aan Medunsa, het 'n teorie oor veeartse. Dis mense wat geneeshere sou word as hulle nie so sleg met mense oor die weg gekom het nie. Veeartse, sê hy, lei aan 'n genetiese afwyking: hulle is introverte wat beter met diere as met mense kommunikeer.

Campbell is dan blykbaar 'n uitsondering. Hy vertel geesdriftig van 'n projek by Bethanie, ook in Bop. Hier boer 'n groep beesboere op sowat 2 000 hektaar grond. Die beeste van die verskillende eienaars word as 'n kudde-eenheid benader. Gereelde vergaderings met die beesboere het deur ses jaar heen tot gevolg gehad dat wisselweiding toegepas word, gesprekke gevoer word oor goeie voeding en vrugbaarheid, en dat 'n soort teelprogram ingestel is.

"Die doel van die klinieke is om die gehalte van die huisdiere en vee binne die teiken-gebied rondom Medunsa te verbeter. Ons begin by die troeteldiere en verduidelik dat 'n veearts kan help om die lewe van 'n dier te verbeter. Of dat 'n gesonde en goed versorgde bok méér melk kan lewer en die gesin beter kan voed."

Sê Owen: "Ons leerplan is gerig op ons gemeenskap en die probleme van die Derde Wêreld. Ons meen dat ons hier 'n deurslaggewende rol kan speel om die gemeenskap te help om op klein eenhede te boer.

"Met die opheffing van instromingsbeheer verwag ons 'n 50 persent verskuiwing van die platteland na die stede - wat meer ruimte vir boere op die platteland kan meebring.

"Ons wil die term 'ekonomiese eenheid' herdefinieer. Ons kyk na eenhede wat 'n gesin kan voed. Daarom sluit ons leerplan gemeenskapsprojekte in wat 'n gesin kan help om 'n klein hoenderhok met tien hoenders in stand te hou wat een eier per kind per dag kan lewer. Met kruisteling probeer ons bokke teel sodat een bok 'n hele gesin van melk kan voorsien. Ons moedig mense ook aan om bokke in plaas van koeie aan te hou."

Van al dié planne en praktyke sal egter min kan kom as die dierehospitaal by Medunsa en die fakulteit Veeartsenykunde moet sluit weens die groot geldtekort wat die universiteit bedreig.

Owen, wat in 1980 hier aangestel is, sê die fakulteit wil uiteindelik 50 studente per jaar as veeartse laat kwalifiseer. Die enigste veertien swart veeartse in die land het hier gestudeer.

"Ons is presies op datum met die doelwitte wat ons vir onsself gestel het," sê hy. VWB

# 'N TWEEDEHANDSE SAMEFLANSING VAN VERDWAALDE SIELE

## EGBERTUS KLAAGVOORT

Vrinde, uit Ulundi is ook altyd iets nuuts, al is dit ook net 'n nuwe kweeksel pampoen. Sy Hoogdrawendheid Admiraal you-know-who het uiteindelik sy welsprekendheid kwytgeraak, indien nie die kluts nie, en die parlement aldaar lyk elke dag meer na 'n Vaudeville klug.
Skaars was dié agbare siel se pragtige krokodiltrane koud of hy bars uit in sang: I only have eyes for you...
Seg Oswald dit moet 'n verkeerde aanhaling wees, Sy Edele het sweerlik bedoel I only have eyes for me. Iedergeval. Die konteks waarin dié verrassende vertoning gelewer is, was blykbaar 'n analise van die bevindings van die Internasionale Kommissie van Juriste oor die geweld in Natal. Toegegee, die kommissie was maar 'n tweederangse sameflansing van verdwaalde siele, maar hulle het darem 'n beter liedjie verdien. Seg Miesies Klaagvoort ja alte seker, soos Killing you softly with my song.

#### SWANE EN MODES

Van swanesang (we should be so lucky) na modesake. Julle sien dat dié beskeie rubriek saam met die tye verander: 'n ietsie vir elk, moeder en vader en dogter en seun, amper soos Hospitaaltyd. Ons moet nou glo tweetalig wees ook, maar Egbertus was al die jare tweetalig, al was dit in dieselfde sin. Iedergeval, modesake.
Onse dierbare polieste, die wagters op onse mure, die inspekteurs van onse lakens, die meedoënlose agtervolgers van hondebakleiery-impressarios, kry 'n nuwe uniform. Ja geliefdes, alweer. Seg Moeder dis 'n soort ruilhandel, die minister het mos besluit dat dié wesens nie salarisverhogings mag kry nie, nou kry hulle nuwe klere. Seg Oswald met al die bedankings kan die jonger polieste mos maar die uitgewekenes se ou klere kry, maar dit werk nie so nie. Die nuwe ensemble het 'n vietse lyfie met 'n fraai bypassende kepsie met oorflappe, net ingeval dit sou sneeu of 'n sandstorm sou woed deur Commissionerstraat. Die coup de grace, of is dit nou die piece de resistance, je ne sais pas, is die jakkie: dierbare belastingbetaler, die jakkie is 'n bunny-jacket, is dit nie te oulik nie? Egbertus het gesê dis 'n tweetalige kolompie dié, as julle die Frans en Hollands buite rekening laat, en ek moet haas om dit vir julle te vertaal: 'n bunny-jacket is niks anders nie as 'n haasjas. En weet julle wat noem die polieste ons gewone vredeliewende wetsgehoorsame siele? Hase. Ja, hase. Vra Moeder of 'n haasjas dan maar eintlik dwies is.



#### WIE'S 'N SETLAAR

Vrinde, ons leef in eienaardige tye, maar darem ook opwindend ook. So verskuif ons glo nie meer hele gemeenskappe in die hartjie van die winter om plek te maak vir wit huise nie. Vra Oswald askies my baas, maar gaan die Skoon Administrasie dan die mense met forced removals na hul ou woonplekke terugstuur? Iedergeval,
Magnus PI se elektriese doringdraadgrense is nog steeds in plek en boonop aangeskakel, 'n mens weet nooit wanneer die total onslaught dalk skielik sy kop weer uitsteek nie. Verlede jaar is vier mense deur die heining doodgeskok, en voor dit nog 'n verdere 87. Spaar darem 'n paar koeëls wat die PAC later teen die setlaars kan gebruik. Hoop nie die nuwe beoogde persoonskaart gaan aandui wie is setlaar en wie Afrikaan nie, dit sal mense soos Barney Desai en Benny Alexander vreeslik embarrass.

#### KREDIETKAARTE

Die wetsgeleerdes, soos die destydse skrifgeleerdes, bly maar in die nuus. Die ses kêrels van die IRA wat sestien jaar in die tronk moes deurbring voel seker tog te dankbaar teenoor die regstelsel dat hulle nou vrygelaat is, wat is sestien jaar nou vir 'n onskuldige? As daar doodstraf was, sou hulle seker sestien jaar lank dood gewees het, dus moet hulle dankbaar wees.
Vra Miesies Klaagvoort wat sal nou gebeur as die ses manne besluit om hul tronkstraf die moeite werd te maak deur 'n bommetjie of twee te plant. As hulle dan gevang word en hulle kry twintig jaar of so, sal die sestien wat hulle verkeerdelik uitgedien het, daarvan afgetrek word? Can't lose. So 'n soort krediet-stelsel.
Miskien moet hulle dink aan kredietkaarte vir tronkstraf, mens weet nooit hoeveel verkeerde vonnisse dalk gevel word nie. Plaaslik lyk die regstelsel daagliks meer uitgerafel. Jongste swak advertensie is die sieklike vooie wat deur die Skoon Administrasie aan die Harms-advokate betaal is. Ek weet dis ou nuus vrinde, maar dit hou snags vir Oswald so wakker dat die kopkole nie te ruste kom nie en dan runnik hulle tot ligdag - R66 000 per maand is te veel vir 'n sterfling. Seg Moeder hulle is seker vreeslike goeie advokate. Maar alte seker.

#### LAASTE WOORD

Op 'n tragiese noot: 'n doofstom man van Hongkong het sy ontroue vrou se neus met 'n papiermessie afgesny. Tragies. Seg Moeder tussen die twee van hulle kan hulle darem nog sien. Be grateful for small mercies. VWB





From these bookstores:

Phambili (Jhb)
Exclusive Books (Jhb)
Adams (Durban)
Frontier (Port Elizabeth)
Cala (Transkei)
Exclusive Books (Cape Town)
Sached (Cape Town)
Shop No.7 Pick & Pay Centre (Bisho)
or at Union offices nationwide

SUBSCRIPTIONS:

Tel: (011) 403-1912
or write to:
Work In Progress
Po Box 32716
Braamfontein
2017


SPECIAL FOCUS
WOMEN & GENDER STRUGGLES

ALSO INSIDE:
* Hospital Apartheid in Eastern Cape
* Namibia - One year on
* Is the SACP still communist?

# GELOOFSPRAATJIES

## OOR OPSTANDIGHEID EN DIE OPSTANDING

## ANDRÉ VAN NIEKERK



Paasfees handel oor die hart van die Christelike geloof: Wat het van Jesus geword na sy kruisiging? Is die verhale oor sy opstanding bloot mites?
Een van die oudste verklaringe oor sy dood en opstanding is dat hy nie werklik dood was nie. Jesus se godheid sou, volgens die Gnostieke aanhangers, nie toegelaat het dat hy werklik sterf nie. Die liggaamlike is in elk geval minder belangrik as die onsterflike siel wat van goddelike afkoms is.
Hierteenoor bevestig buite-Bybelse bronne die dood van 'n Joodse "sekteleier", Jesus. Die Bybel self lê verbasend baie nadruk op Jesus se eg menslikheid veral in sy laaste ure - hy was baie bang, hy was alleen, hy het pyn gehad en swaargekry, het selfs gesê (die onwaarskynlikste uitspraak deur 'n godsdienstige leier): "My God, my God waarom het U my verlaat?" En hy het werklik gesterf
Teenoor die dood van Jesus is die opwekking meer aanvegbaar. Volgens die eerste Christene se getuienis is die letterlike opwekking uit die dood die beslissende heilsgebeure in die Jesus-verhaal. Sonder dit is die Christelike evangelie sinloos en sonder werklike inhoud, aldus Paulus in 1 Korintiërs 15. As daar nie 'n opwekking was wat saam met die kruisiging die hart van die Christelike geloof uitmaak nie, was daar geen Nuwe Testament, geen geloof, geen Christendom nie.
Die meeste moderne verklarings - vanuit Westerse wetenskaplike denkpatrone - meen dat mense so gehoop en gewens het Jesus leef dat hulle hom as 't ware lewend gewens het. Die verhale in die Bybel sou visioene of innerlike gewaarwordinge wees waardeur die vroeë aanhangers van die krag van Jesus se ongekompromiteerde lewe bewus geword het en 'n ongekende vryheidsbelewing ondervind het.
Enige denkende mens sal toegee dat dit nogal maklik kon gebeur as 'n beroemde doodgaan. Mense se behoefte aan singewing deur 'n ander persoon is groot en die vermoë tot projeksies, visioene en wensdenkery van allerlei vorme is sterk.
Mense "sien" en beleef hulle helde as lewendig of dit nou Nero, Jim Reeves, Elia of Elvis is. Die bestanddele waaruit opstandingsgelofies kom, is heel anders by Jesus, selfs al sou 'n mens histories baie puntenerig wees:

• Jesus gaan nie as beroemde dood nie, maar op die mees veragtelike wyse van destyds. Die kruisdood was bedoel vir slawemisdadigers - geen moordenaar van Romeinse afkoms mog gekruisig word nie. Vir die dubbele aanklag (godloënaar en politieke rebel) is Jesus deur die godsdienshiërargie skuldig bevind en die staat (Pilatus en Herodes) het hom nie vrygespreek nie. Dit is duidelik dat Jesus se volgelinge skaam was oor sy lot. Hy het hulle gefaal.
• Jesus gaan nie dood na 'n lang en suksesvolle openbare lewe nie. In sterk teenstelling met alle stigters van groot bewegings is hy as 'n "thirty something" mens dood na 'n openbare lewe van hoogstens drie jaar, meestal in die onaansienlike platteland van Palestina.
• Jesus het geen geskrewe notas, uitgewerkte leerstellings of selfs 'n spesifieke program gehad nie. Dit wat ons van Jesus deur die Nuwe Testament oorgehou het, is deur die eerste navolgers (na die opwekking) gesistematiseer en volgens die behoeftes van gemeentes, aangepas. Sy boodskap oor die Koninkryk van God - onder andere dat die mensdom vanuit eie kragte tevergeefs sal soek na vrede, geregtigheid, vryheid en lewensin - was so sterk aan sy persoon gekoppel dat dit met die tragiese einde van sy lewe, geheel en al ook in twyfel en mislukking gehul is.
• Sy volgelinge was nie vooraanstaandes met uitstaande selfvertroue nie. Hulle was nie eens dapper nie. Judas het hom vir geld verloën. Na sy inhegtenisname het die meeste waarskynlik gevlug. Die leier en die sterkste onder hulle, Petrus, het hom verloën. Die Johannes-evangelie sê selfs dat hulle na sy dood uit vrees vir verdere Joodse vervolging agter geslote deure byeen gekom het.

Uit dié sielkundige bestanddele sal 'n mens hoogstens kan verwag dat 'n grafkultus sou ontstaan. Hulle sou hom vereer as 'n besondere profeet wat onregverdig dood is. Dit sou baie makliker en aanvaarbaarder gewees het om te beweer dat hy nietemin deur God geregverdig is soos die ander groot gestorwe profete. Dit was immers 'n aanvaarbare en bekende tradisie wat met nuwe, ryker inhoud gevul kon word. Dit sou ook groot navolging kon vind.
Daarteenoor sou die voorstelling dat 'n mislukte Messias-figuur hom weer sal openbaar, ongekend wees en sou dit beslis groot teenstand meebring van die reeds ontstelde Joodse "establishment".
Maar iets heel besonders het gebeur. Diegene wat gevlug het voordat hy veroordeel is, word nou dapper getuies. In die plek van wanhoop vind ons nou nuwe en ongekende sterk geloof. In plaas van weg te kruip, wend hulle hulself na die tempel en die sinagoges. Wat het gebeur? Watter ryk ervaringe het hulle gehad wat hulle omgekeer het?
Dit is duidelik dat meer as net 'n visioen of inwendige heroriëntering plaasgevind het. Op een of ander wyse het hulle ongekende krag gekry. Petrus wat Jesus verloën het, word nou 'n oortuigde prediker.
Wat presies gebeur het, sal ons waarskynlik nooit weet nie. Nêrens het ons vertellinge wat in die graf gebeur het nie. Ekself glo dat die "iets" wat gebeur het 'n onvergelykbare skeppingsdaad van God is. Jesus is uit die dood opgewek. Die beste beeld daarvoor is "opstanding" - maar dan nie uit 'n diepe slaap nie, maar uit die dood.
Ek sal toegee dat die ervaringe van die eerste dissipels geklee is in mitiese taal. Hulle was tog nie moderne Westerlinge met 'n "wetenskaplike" wêreldbeeld en verfynde historiese begrippe nie. Trouens, kan die taal en begrippe van die historiese of biologiese of psigologiese wetenskap werklik sulke ervaringe beskryf? Is "wetenskaplike" taal nie gegrond op analogieë nie?
Die totaal onverwagte, die heeltemal onvergelykbare, die gebeurtenis van buite ons bekende en beperkte weë van die werklikheid het ons nie "woorde" voor nie.
Die opstanding (of opwekking) kan dus nie bewys word nie, maar die geloof in die opwekking kan ook nie bloot as totaal onredelik afgemaak word nie.
Die opwekking van Jesus is 'n saak van geloof. God deurbreek die grense, ook die grense van die dood. Deur Jesus op te wek word legitimiteit verleen aan Jesus - die mens wat nie gekonformeer het by sy tyd nie en onbegrens die liefde van God uitgeleef het.
Berkhof sê dat die opstanding mens opstandig maak en die opwekking mens opgewek. Die opstanding maak my opstandig teen wydverspreide (ook kerklike!) opportunisme, teen enige minderwaardigmaking van die belangrikheid van die liggaamlike én teen Westerse oorskatting van menslike rasionele vermoëns. Dit maak my opgewek omdat die grootste sekerheid nie in die dood lê nie, maar in die God van die lewe, die God wat 'n besondere plek in sy hart het vir die lyding van die mens, vir die terneergedrukte, vir die arme, vir die behoeftige, vir jou en vir my .... net soos ons is. VW

(DR ANDRÉ VAN NIEKERK IS PREDIKANT VAN DIE NG GEMEENTE JAKARANDA IN PRETORIA)

# LOSPRAATJIES

## 'N SPLINTERNUWE, DUBBELDIK NOORD-TRANSVALER...

## FANIE OLIVIER

Dis nie net Vrye Weekblad wat met 'n nuwe baadjie kom spog nie. In Pietersburg het daar ook in dié dae 'n ommekeer gekom, so in die mode van transformasie en *transition* onderweg na die nuwe Suid-Afrika.
Die ou Noord-Transvaler het laasweek splinternuut en dubbeldik verskyn.
"Reeds op 11 Januarie," skryf die redakteur in die eerste hoofartikel, "het ons ondubbelsinnig gesê wesenlike veranderings in ons land het ook 'n wesenlike invloed op Die Noord-Transvaler." Voorlopig is die invloed egter veral in die ponie-formaat van die koerant.
Skaars 'n jaar gelede was dit net 'n inpropkrant (hoe lyk dit vir lekker Afrikaans vir die Engelse "knock-and-drop"?) wat 'n mens kon optel by die kafee op die hoek.
Toe word hy skielik verkoop, geleidelik meer nuuswaardig en uitgesproke in 'n politieke klimaat waar stilbly beslis 'n antwoord is. En toe ek hom langnaweek se Saterdag in sy nuwe formaat met 112 bladsye sien, weet ek dat die Noord-Transvaal skielik stem gekry het. Teen 40 sent. Stedelinge as kopers en as makers van die groot koerante in ons land is geneig om die rol en die betekenis van die kleiner streeks- en dorpskoerante te onderskat.
Inpropkrante is natuurlik ook 'n stedelike verskynsel, hoewel dit daar selde partypolities 'n rol speel. Mense wat in die stad 'n buurtkrant kry, raak mettertyd verslaaf daaraan - nuus wat die belastingbetaler raak, buurtbasaars en -feestelikhede en veral die advertensies word belangrike redes hoekom dié publikasies gretig gelees word.
Almal van ons wat al op die platteland gebly het, weet nog beter hoe belangrik is dié koerante. Hulle is egte gemeenskapsblaaie wat nie alleen die klein gemeenskap verbind nie, maar wat op 'n regstreekse wyse ook menings help vorm.
Daarom moet 'n mens nie sonder meer lag as jy in 'n advertensie sien dat Die Noord-Transvaler hom plaas tussen koerante soos Beeld The Boston Globe en The New York Times nie. Want in die groot stuk wêreld waar hy saampraat, kan jy sy rol nie onderskat nie.
Wat kleinerige koerante kan vermag, het die geskiedenis van die joernalistiek al keer op keer gewys. Die lesers van Vrye Weekblad, ook, kan nogal trots terugkyk na daardie dinge wat hulle koerant reeds bereik het.
Dis juis hierdie "hulle" wat 'n streekskoerant soos Die Noord-Transvaler belangrik maak. Sy streek is so wyd soos die Heer se genade: alles net noord van Nylstroom tot by Messina en die hele breedte van die ou Transvaal tussen daardie punte. Dis 'n groot stuk aarde, met moeilike mense wat daar woon.
Kyk 'n mens na marknavorsing rondom die koerant, besef jy ook hoe bedag jy moet wees op wat daar geskryf word.
Die koerant word gelees deur 84 persent van Verre Noord-Transvaal se blanke bevolking, waarvan 80 persent weer Afrikaanssprekend is. Maar nog belangriker: dié koerant word in enige dorp in sy verspreidingsgebied meer gelees as enige ander koerant.
Wie dus in dié stuk kontrei politieke veranderinge wil propageer, sal goed rekening moet hou met wat hierdie "koerantjie" sê. Voorlopig staan hierdie ponie nog in die Perskorstal, en Perskor voorlopig nog by die Nasionale Party. Maar as ander geld gaan begin praat, is dit net moontlik dat ander stemme gehoor gaan word, en dit sal dinge baie moeilik maak vir 'n regeringsalliansie wat mense wil oortuig.
Dit is natuurlik presies ook wat die funksie van Vrye Weekblad sou moet wees, hoewel sy visier anders ingestel gaan word (verskoon maar die beeldspraak) wanneer die regte van die burgers van die nuwe Suid-Afrika bedreig word. VW

# JOHANNESBURG: COMING HOME TO THE POLITICS OF SPACE

**AFTER ALMOST THIRTY YEARS IN EXILE, ALAN LIPMAN, A FORMER LECTURER IN ARCHITECTURE AND SOCIOLOGY, HAS RETURNED TO SOUTH AFRICA. IN THE FIRST INSTALMENT OF VRYE WEEKBLAD'S NEW COLUMN ON ARCHITECTURE, HE GIVES HIS FIRST IMPRESSIONS OF EGOLI - CITY OF BELEAGUERED SUBURBS, WHERE LIFE AT LAST HAS COME TO TOWN, WHILE THE MOGULS HAVE RETREATED TO GLASS-SHEATHED TOWERS...**

HOME after almost three decades. Flying into a Jo'burg summer from a quarter-century abroad. Across the Limpopo, over that vast Northern Transvaal bush, that unforgettable, beloved Highveld. Then the metropolis, the Rand. The once garish yellow dumps now tricked out in patches of green, carpets of leafy suburban order, the mandatory swimming-pools flashing blindingly; Egoli, its corporate towers shimmering - vertical, air-conditioned pools. And, inescapable, the townships; dusty, scrambled smudges marked, as of old, by drifts of low smoke. Are they still known as locations, no-place, every-place blurs seen by the privileged from speeding freeways?

Glimpses of apartheid, more than three hundred bloody years of it, through the stained portholes of an airliner. Home to the daily realities of spatial, racial dominance. Home to the politics of space, South African style.

Into Jan Smuts airport, the bland, anaesthetic architecture of airway terminals anywhere, everywhere. Through customs and immigration - entangled in the anxieties of old-time, listed, banned dissidents - and out to the mid-day sunlight, stunning in its crisp precision. Off to central Johannesburg in the oven-hot car of ever thoughtful friends.

No "location" to be seen from this well-engineered, multi-lane highway, but we pass much else. Smart hotels built and named in internationally recognisable styles, factories, warehouses and office buildings wearing the blowzy trapping of architectural fashions now past. Others in familiar transplants of currently trendy architecture anywhere, everywhere. Passing glances at spacious houses and gardens behind walls... the ubiquitous walls, and fences, spikes, bars, razor-wire, electronic gates, closed-circuit TV, even moats; security guards, beware-vicious-dogs, immediate-armed-response - the paraphernalia of spatial defence. A beleaguered city.

Who are inside, who out? Who defend, who threaten?

Here as elsewhere (especially through the moneyed suburbs to the north) the smooth freeway is often flanked by landscaping of what must, surely, be unmatched splendour. Parks of highway-manicured lawns, cropped trees, tended flower-beds, groomed scrubbery, water-falls and pools - rivalling many private gardens, those still visible behind their walls. A profligate use of cheap labour, of folk who live somewhere else, in the no-place, every-place, in the, above all, distant townships.

All the while the profiled city ahead, towering on that sublime series of rocky ridges, the Witwatersrand. Citadel of gold - white-owned. Stronghold of corporate enterprise - white. Powerhouse of mining, banking, investment, commerce, industry and more, and more... and white. Seat of social power, of snow-white economic, political, ideological power. The buildings express this in their content, their imagery. As does the crassly utilitarian, mining-camp street layout; an unrelentingly banal grid with scarcely a civic place (a square, plaza), and communal focus, a unified urban vista, a punctuated view, a nod to that singular Highveld beyond.

Once in these dreary, unimaginative streets, the change is overwhelming. Thirty years ago central Jo'burg - respectable, staid - was not like this. Faraway no-place/every-place has penetrated, occupied the ramparts. The city is alive with kaleidoscopic life: ambling residents, curious as well as indifferent, street hawkers, the insistent calls of hucksters, the urging of bargaining sellers, buyers; intent shoppers, scurrying business folk; youthful street dwellers, gossiping bystanders, sad-eyed beggars, eager-eyed tricksters on the make; noisily impatient traffic, colour, smells enticing and not so enticing, above all, music - from radios carried by pedestrians, from cars and taxis, from trumpeting fast food joints. Township jazz has come to town. The polite, established world has gone to sanitised business parks and shopping malls in the suburbs. Corporate power however, the big stuff, remains intact, unmoved in its downtown enclaves. Here the social symbolism of the buildings, reinforced at guarded entrances, is all too clear:

Restricted, keep out. Niceties of architectural cladding are irrelevant. Hulks of columned, pedimented, Edwardian-Classic (exported from imperial Britain, begat of endlessly recycled neoclassicisms) say it haughtily: No Trespassers, By Order. Bland slabs of inter- and post-war Speculator-modern say it curtly, dismissively: No Entry. Priapic towers, sheathed in mirrored glass, say it with macho egotism: reflect/deflect all, admit none but fellow big fellows.

Who are inside, who out? Who defends, who threatens?


Meanwhile, beyond the city and its suburbs, there are demanding spatial issues, land, homes, schools, hospitals, nearby work... a chance to live a life of dignity. A politically charged world as yet untouched by architectural imagination, by design skills, by humane intervention.

Political exchanges are, of course, about power; about access, mostly privileged access to resources; about who is to realise, to deploy, to manage physical and social resources. Space, patently, is such a resource, its use an exercise of social power. And architectural design is, centrally, about enclosing, manipulating, space. Architects, then, like their occupational predecessors, align and must align themselves with those who exert or, more rarely, who seek to exert power. Indeed, since the initial stirrings of building design as a distinct discipline (in the bottegas, the craft workshops of renaissance Florence) designers have, with notable exceptions, worked for the wealthy, the mighty. Architecture: privilege of the privileged.

What is to be done? Architects are pressed to choose. Do they embrace corporate power, grab the main chance, go for the big sell, hit the headlines - become STARS? Do they, like the majority, persist with Speculator-modern - the pared down, mean architecture of speculative development? Or do they ... what?

Most pressing, do they - like a minority, a handful - struggle to forge a socially committed, a humane architecture?

Home, architecturally at home in this, the "new" South Africa.



COLUMNS AND PEDIMENTS ... EXPORTED FROM IMPERIAL BRITAIN



CORPORATE POWER REMAINS INTACT ...

# (vrye ke

## FILM

***** VOORTREFLIK
**** STERK AANBEVEEL
*** SIEN GERUS
** SO-SO
* VERMY AS JY NUGTER IS



JOAN PLOWRIGHT, ARMIN MEULLER-STAHL, AIDAN QUINN EN KEVIN POLLAK IN 'AVALON'. SIEN RESENSIE OP BLADSY 30

******* GOODFELLAS**
Dié prent was my Oscar-keuse vir beste prent, beste regisseur en beste draaiboek. 'n Martin Scorsese-prent is altyd 'n event. Sy jongste, ook 'n sosiologiese traktaat soos *Mean Streets*, is gegrond op Nicholas Pileggi se biografie van 'n New Yorkse gangster. As Henry Hill stof Ray Liotta vir Robert de Niro uit. Lorraine Bracco skitter as 'n verdrukte mob-vrou. Vol briljante tegniese truuks, intense emosionele tonele en galgehumor. As jy *Goodfellas* al een keer gesien het, gaan kyk hom maar gerus wéér.
ANDREA VINASSA

****** GREEN CARD**
Gerard Depardieu se eerste Engelstalige rolprent. Na verneem word is dié Franse ster nie Engels magtig nie en moes hy alles foneties leer! Hy speel George Faure, 'n Franse musikant wat 'n werk in Amerika aangebied word. Hy moet 'n groen kaart kry en besluit om met 'n Amerikaanse burger te trou. Brontë Parrish (Andie McDowell), 'n New Yorkse inboorling, wil 'n woonstel huur wat vir egpare teruggehou word. Die twee gaan 'n gerieflikheidshuwelik aan, maar word weens 'n regeringsondersoek gedwing om 'n naweek saam deur te bring. Hulle stry oor alles van politiek tot koffiemaak voor hulle mekaar vind. Dis 'n romantiese komedie wat die beste van die Franse, die Amerikaanse en die Australiese rolprentwêreld bied (die regisseur is Peter Weir).
AV

****** THE RUSSIA HOUSE**
Met die einde van die Koue Oorlog sou 'n mens kon dink die behoefte na 'n spioenasie-bedryf het afgeneem. John le Carré en ander spioene wat uit die koue ingekom het, behoort hul jobs kwyt te wees. *The Russia House* handel oor die super-powers se behoefte om 'n vyand te vervaardig al is daar nie een nie. Dié komplekse, deurdagte, filosofies onfeilbare en ietwat langdradige spioenasie-prent val tussen "ernstig" en "gewild". Tom Stoppard se serebrale gimnastiek word getemper deur 'n goeie ou liefdesverhaal. Le Carré sê op 'n vermaaklike wyse dat 'n tyd in die wêreld-geskiedenis aangebreek het waar ideologieë die individu in die steek gelaat het en dat om persoonlike integriteit bo alles op prys te stel, die heldhaftigste daad is. Die lefties sal nie daarvan hou nie.
AV

****** REVERSAL OF FORTUNE**
Jeremy Irons verdien sy Oscar vir beste akteur in dié kil ontleding van die appèlsaak van Claus von Bulow nadat hy skuldig bevind is aan poging tot moord op sy vrou, Sonny. Soos *A Cry in the Dark*, ondersoek dié prent die verhoor van beskuldigdes deur die media. Gegrond op die boek wat Von Bulow se advokaat, Alan Dershowitz (gespeel deur Ron Silver), oor die saak geskryf het.
AV

****** MILLER'S CROSSING**
Wat die vervaardigers van *Batman* en *Dick Tracy* vergeefs probeer doen het, het die broers Coen met dié stemmingsvolle, swartgallige rampokkerprent reggekry. Hulle noem dit hulle "dirty town movie". Dis een van die bes geskrewe prente wat ek vanjaar gesien het ... die dialoog is saamgeflans uit die romans van Dashiell Hammett en film noir-prente van die jare dertig. Nie almal se koppie tee nie.
AV

****** AWAKENINGS**
'n Onvergeetlike rolprent oor die ontembaarheid van die menslike gees. 'n Beskimmelde dokter laat pasiënte wat dekades lank al slaap, "ontwaak" met die toediening van 'n dwelmmiddel. 'n Ware verhaal, met briljante vertolkings deur Robert de Niro en Robin Williams.
LP

****** CYRANO DE BERGERAC**
Uitmuntende hoge kuns wat toeganklik is vir die res van ons plebs. Gerard Depardieu lewer 'n kragtoer.
AV

***** THE GODFATHER III**
Die derde (en finale) deel van Francis Ford Coppola se *Godfather*-reeks voltooi die metafoor van die geleidelike korrupsie van die Amerikaanse Droom. Die hoogdrawende, operatiese styl wat in 1972 met die eerste prent so aangrypend was, kom in 1991 maar ouderwets voor. Hoewel Coppola sy meesterskap herbevestig, voeg hy niks nuuts by sy voortbouing op 'n stokou konsep nie.
AV

****** THE NASTY GIRL**
'n Duitse dorpie se Nazi-verlede word op 'n heel oorspronklike manier oopgevlek. 'n Skoolmeisie se soektog na die waarheid haal haar net konflik op die hals. Michael Verhoeven se regie spreek van hartstog en integriteit. Dié prent was benoem vir 'n Oscar.
AV

****** DANCES WITH WOLVES**
Wat kan 'n mens nou sê oor 'n prent wat sewe Oscars gewen het, behalwe dat dit duidelik is dat sentiment en causes meer gewig dra as artistieke meriete.
AV

***** POSTCARDS FROM THE EDGE**
'n Sensitiewe, komiese rolprent oor die liefde\haat-verhouding tussen 'n ma en 'n dogter. Shirley Maclaine is die passé komediesterma en Meryl Streep die dogter, wat sukkel om uit haar skadu te kom. Dit laat mens met 'n geloof in menslike verhoudings.
LP

**** HAVANA**
'n Bittersoet liefdesintrige. Hollywood se verweerde, goue seun (Robert Redford) en Lena Olin (Unbearable Lightness) probeer twee wêrelde versoen: die dekadensie en uitspattigheid van die dobbeltafels en Castro se revolusie. Lieflike haastert motors en vuil, bebaarde revolutionaries. Die klankbaan (hip fifties) bly mens veral by, die res raak vervelig.
LP

**** KINDERGARTEN COP**
Ag tweet! Vleispaleis Arnie het eintlik 'n bitter klein hartjie. Hy doen hom as 'n kindertuinonderwyser voor om 'n skelm vas te trek. Soms baie snaaks, veral die wyshede wat die suigelinge kwytraak. Lekker, ligte vermaak.
LP

*** SLEEPING WITH THE ENEMY,**
'n Spannende riller/sprokie. 'n Vrou (Julia Roberts) ontsnap aan 'n gewelddadige huwelik en begin 'n nuwe lewe saam met 'n sensitiewe man in "apple pie country". Net te goed om waar te wees. Daarby aap dit *Fatal Attraction* na - hulle gebruik wraggies dieselfde maaghou! 'n Goeie vertolking deur Patrick Bergin as die wrede wederhelf.
LP

## TEATER

**JOHANNESBURG**
**BROEDERSTROOM DIARIES**
Jeremy Taylor was nog nooit 'n wafferse akteur nie, maar kan hy 'n storie vertel! Sy vreemdsoortige staaltjies oor sy bure in Broederstroom lewer 'n vermaaklike aand op. Die stories oor die klomp "wit terroriste" wat in die distrik geboer het, die kêrels by die Broederstroom-polisiekantoor, die vrou by die telefoon-sentrale en die man wat toe uiteindelik daarin geslaag het om water op sy erf raak te boor is snaaks, pittig en nie sonder politieke kommentaar nie. Dis nog tot 27 April in die Mark se Upstairs-Teater te sien. (011-832-1641). AV

**POT POURRI-FEES**
Kyk 'n mens na die program van dié fees wat weer in Johannesburg se Windybrow-Teater (011-720-7994/5) aangebied word, is daar baie wat jou belangstelling wek. Van Hennie Aucamp tot Zakes Mda tot Guy Willoughby tot Odile Harrington lewer 'n bydrae.
Só lyk die naweek se program: Vanaand om 6nm: Paul Monama se *Crutches* lyk na 'n ou tranetrekker ... dis 'n drama wat opgevoer word deur die Badisha Kunsvereniging van Ga-Rankuwa; *The Myth of the Metal Finger* is 'n eksperimentele stuk oor die traumas van geboorte deur Melinda Ferguson en Nan Hamilton; *Noodhulp vir die Stukkende Hart/Picking Up the Pieces* beveel ek aan ... omdat Tjaart Potgieter die regie behartig en Ronel Kriel dié kabaret geskryf het.
Vanaand om 8nm: die Street Dance Company se *Mayibuye Afrika!* is by die onlangse Dance-Sambreel hoog aangeprys; Wayne Robins se satiriese *The Chalky White Show* (hoogs aanbeveel met regie deur Craig Freimond) handel oor 'n komediant (Dale Cutts) se laaste vertoning; die skreeusnaakse teaterkritikus Guy Willougby ondersoek met *Peace in Our Time with Major Schisstirrer* die rol van die weermag in 'n nuwe SA.
Vanaand om 10nm: die Tsonga tradisionele dans- en musiekgroep verskaf local colour; *The Gospel According to the Mafia* is die rooikop satirikus Ian Fraser se bydrae tot die jongste rampokker-gier van Hollywood; *Trane op die Huis* is 'n kabaret met Hennie Aucamp se lirieke uit *Die Lewe is 'n Grenshotel*, *Teen Latenstyd* en *Die Blou Uur*.
Ander hoogtepunte op die Pot Pourri-program is: Peter Terry se *Evadne - White Princess of the Kurumba*. Terry en Alan Swerdlow het al die ou Ryder Haggard-tipe koloniale romans gelees en 'n nie-seksistiese, nie-rassige stuk geskryf. Dit klink na groot pret: Patrick Ndlovu speel onder andere koningin Victoria.
Rufus Swart se *Let the Spear Fit the Wound* is saamgeflans uit onderhoude en koerant-knipsels oor die Odile Harrington-saak.
Ishmael Boy Bangala maak deesdae nuus met sy aangrypende drama oor die alledaagse ervarings van swart Suid-Afrikaners wat opgevoer word deur lede van die Zakheni Kulturele Groep. Zakes Mda se *The Road*, oor die uitbuiting van swart werkers, moet ook nie misgeloop word nie. En, vir ligter vermaak, is daar *Flipside/Keersy*, 'n tweetalige kabaret met Johan Engelbrecht. AV

**SHADOWLANDS**
'n Mens kan seker nie met honderde teatergangers stry nie. Dié gewilde Britse televisie-stuk, wat as volwaardige toneelstuk herskryf is, is gegrond op die liefdesverhouding tussen die skrywer en akademikus CE Lewis en die Amerikaanse digteres Joy Davidman. Soetsappige tranetrekker.
AV

**STORY TIME WITH NOLALI AND FRIENDS**
Betowerende sprokies uit verskillende streke in Suid-Afrika is deur Gcina Mhlophe vir die verhoog aangepas. Ou gunstelinge soos *Die slang met sewe koppe* en *Die krokodil met die apie se hart* sowel as nuwes sal opgevoer word. Saterdag 6 April om 12vm en Sondag 7 April om 11vm.
LP

**STRUTS AND FRETS**
Almal is moeg vir heavy teater. Dié mengelmoes van liedjies, sketse en simpel grappe is die ideale teenvoeter. Tony Bentel, Kate Edwards en Fiona Ramsay (saam



# Menseregte vir almal